

# **WET OP VERBRUIKERSBESKERMING**

## **No. 68 VAN 2008**

### **ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hakke dui op skappings uit bestaande wette.

\_\_\_\_\_ Woorde onderstreep met 'n reguit lyn dui op invoegings in bestaande wette.

---

---

\_\_\_\_\_  
(Engelse teks deur die President onderteken.)  
(Toegestem op 24 April 2009)

---

### **WET**

**Om 'n billike, toeganklike en volhoubare markplek vir verbruikersprodukte en -dienste te bevorder en te dien einde nasionale norme en standaarde in te stel met betrekking tot verbruikersbeskerming, voorsiening te maak vir verbeterde standaarde van verbruikersinligting, sekere onbillike bemarkings- en sake praktyke te verbied, verantwoordelike verbruikersgedrag te bevorder, 'n nie-strydige wetgewings- en afdwingingsraamwerk met betrekking tot verbruikerstransaksies en -ooreenkomste te bevorder, die Nasionale Verbruikerskommissie in te stel, artikels 2 tot 13 en artikels 16 tot 17 van die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet No. 17 van 1941), die Wet op Besigheidsname, 1960 (Wet No. 27 van 1960), die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet No. 25 van 1964), die Wet op Verkoop- en Diensaangeleenthede, 1964 (Wet No. 25 van 1964), die Wet op Handelspraktyke, 1976 (Wet No. 76 van 1976), die Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 1988 (Wet No. 71 van 1988), te herroep, en gevolglike wysigings aan verskeie ander Wette aan te bring; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak wat daarmee in verband staan.**

## AANHEF

Die mense van Suid-Afrika erken—

Dat apartheid en diskriminerende wette van die verlede die nasie belas het met onaanvaarbare hoë vlakke van armoede, ongeletterdheid en ander vorms van maatskaplike en ekonomiese ongelykheid;

Dat dit nodig is om innoverende middele te ontwikkel en toe te pas ten einde—

- (a) die regte van histories benadeelde persone te verwesenlik en hulle volle deelname as verbruikers te bevorder;
- (b) die belange van alle verbruikers te beskerm, toeganklike, deursigtige en effektiewe herstel aan verbruikers wat aan misbruik of uitbuiting in die mark onderwerp word, te verseker; en
- (c) gevolg te gee aan internasionaal erkende verbruikersregte.

Dat onlangse en opkomende tegnologiese veranderings, handelsmetodes, -patrone en -ooreenkomste nuwe voordele, geleenthede en uitdagings na die mark vir verbruikersgoedere en -dienste binne Suid-Afrika gebring het en steeds sal bring; en Dat dit wenslik is om 'n ekonomiese omgewing te bevorder wat 'n kultuur van verbruikersregte en -verantwoordelikhede, sake-innovering en verbeterde -prestasie ondersteun en versterk.

Vir die redes hierbo uiteengesit, en om gevolg te gee aan die Republiek se verpligtinge ingevolge die volkereg moet daar 'n wet verorden word ten einde—

- die ekonomiese belange van verbruikers te bevorder en te beskerm;
- toegang tot, en die gehalte van, inligting te verbeter wat nodig is om verbruikers in staat te stel om ingeligte besluite te kan neem ooreenkomstig hulle individuele wense en behoeftes;
- verbruikers te beskerm teen gevare vir hul welstand en veiligheid;
- effektiewe middele van herstel vir verbruikers te ontwikkel;
- voorsiening te maak vir verbruikersopvoeding, met inbegrip van opvoeding betreffende die maatskaplike en ekonomiese gevolge van verbruikerskeuses, en dit te bevorder;
- die vryheid van verbruikers om te verenig en groepe te vorm om hulle gemeenskaplike belange te bepleit en te bevorder, te vergemaklik; en
- verbruikersdeelname aan besluitnemingsprosesse betreffende die mark en verbruikersbelange te bevorder.

**WORD DAAR DERHALWE BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:--

## **INDELING VAN ARTIKELS**

### *Artikels*

#### **HOOFSTUK 1**

##### **UITLEG, DOEL EN TOEPASSING**

###### *Deel A*

###### *Uitleg*

1. Woordomskrywing
2. Uitleg

###### *Deel B*

###### *Doel, beleid en toepassing van Wet*

3. Doel en beleid van Wet
4. Verwesenliking van verbruikersregte
5. Toepassing van Wet
6. Drempelvasstelling
7. Vereistes van konsessie-ooreenkomste

#### **HOOFSTUK 2**

##### **FUNDAMENTELE VERBRUIKERSREGTE**

###### *Deel A*

###### *Reg van gelykheid in verbruikersmark*

8. Beskerming teen diskriminerende bemarking
9. Redelike gronde vir gedifferensieerde behandeling in bepaalde omstandighede
10. Regsbevoegdheid van gelykheidshof oor hierdie Deel

###### *Deel B*

###### *Verbruiker se reg op privaatheid*

11. Reg om ongewenste direkte bemarking te beperk
12. Regulering van tyd om verbruikers te kontak

###### *Deel C*

###### *Verbruiker se reg om te kies*

13. Verbruiker se reg om uit verskaffers te kies
14. Verstryking en hernuwing van vaste-termyn ooreenkomste
15. Vooraf magtiging van herstel- of onderhoudsdienste
16. Verbruiker se reg op afkoeltydperk na direkte bemarking
17. Verbruiker se reg op kansellering van vooraf bespreking, plekbespreking of bestelling
18. Verbruiker se reg op keuse of nagaan van goedere
19. Verbruiker se regte met betrekking tot lewering van goedere of verskaffing van diens
20. Verbruiker se reg op teruggawe van goedere
21. Ongevraagde goedere of dienste

#### ***Deel D***

##### ***Reg op blootlegging en inligting***

22. Reg op inligting in gewone en verstaanbare taal
23. Blootlegging van prys van goedere of dienste
24. Produk-etikettering en handelsbeskrywings
25. Blootlegging van herboude of grys-mark goedere
26. Aantekeninge van verkope
27. Blootlegging deur tussengangers
28. Identifisering van afleweraars, installeerders en andere

#### ***Deel E***

##### ***Reg op billike en verantwoordelike bemarking***

29. Algemene standaard vir bemarking van goedere of dienste
30. Lokaas bemarking
31. Veto-opsie bemarking
32. Direkte bemarking aan verbruikers
33. Katalogus bemarking
34. Handelskoepons en soortgelyke promosies
35. Klandisie lojaliteitsprogramme
36. Reklamekompetisies
37. Alternatiewe werkskemas
38. Verkoping deur verwysing
39. Ooreenkomste met handelingsonbevoegde persone

#### ***Deel F***

##### ***Reg op billike en eerlike verhandeling***

40. Gewetenlose gedrag
41. Vals, misleidende of bedrieglike voorstellings

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

42. Bedrieglike skemas en aanbiedinge
43. Piramide en verbandhoudende skemas
44. Verbruiker se reg om te aanvaar dat verskaffer geregtig is om goedere te verkoop
45. Veilings
46. Veranderings, oorhoudings en kwytskeldings, en vervanging van goedere
47. Oorverkoping en oorbepreking

### ***Deel G***

#### ***Reg op billike, regverdige en redelike bedinge en voorwaardes***

48. Onbillike, onredelike of onregverdige kontraksbedinge
49. Kennisgewing vereis vir sekere bedinge en voorwaardes
50. Skriftelike verbruikersooreenkomste
51. Verbode transaksies, ooreenkomste, bedinge of voorwaardes
52. Bevoegdhede van hof om billike en regverdige gedrag, bedinge en voorwaardes te verseker

### ***Deel H***

#### ***Reg op billike waarde, goeie gehalte en veiligheid***

53. Woordoms krywing op hierdie Deel van toepassing
54. Verbruiker se regte om gehalte diens te eis
55. Verbruiker se regte op veilige, goeie gehalte goedere
56. Versweë waarborg van gehalte
57. Waarborg op herstelde goedere
58. Waarskuwing betreffende feit en aard van risiko's
59. Berging van en veilige beskikking oor aangewese produkte of komponente
60. Veiligheidsmonitering en herroeping
61. Aanspreeklikheid vir skade deur goedere veroorsaak

### ***Deel I***

#### ***Verskaffer se verantwoordbaarheid aan verbruikers***

62. Bêre-koop
63. Voorafbetaalde sertifikate, krediete en bewyse
64. Voorafbetaalde dienste en toegang tot diens-fasiliteite
65. Verskaffer moet verbruiker se eiendom hou en rekenskap daarvoor gee
66. Deposito's ten opsigte van houers, laaiborde of soortgelyke voorwerpe
67. Teruggee van onderdele en materiale

## **HOOFSTUK 3**

### **BESKERMING VAN VERBRUIKERSREGTE EN VERBRUIKER SE STEM**

*Deel A*

*Verbruiker se reg om aangehoor te word en op herstel*

68. Beskerming van verbruikersregte
69. Afdwinging van regte deur verbruiker
70. Alternatiewe geskilbeslegting
71. Inisiëring van klag na Kommissie

*Deel B*

*Kommissie-ondersoeke*

72. Ondersoek deur Kommissie
73. Uitkoms van ondersoek
74. Toestemmingsbevele
75. Verwysing na Tribunaal

*Deel C*

*Herstel deur hof*

76. Bevoegdhede van hof om verbruikersregte af te dwing

*Deel D*

*Burgerlike gemeenskapsteun vir verbruiker se regte*

77. Steun vir verbruikersbeskermingsgroepe
78. Geakkrediteerde verbruikerbeskermingsgroep kan aksies inisieer

**HOOFTUK 4**

**BESIGHEIDSNAME EN NYWERHEIDSGEDRAGSKODES**

*Deel A*

*Besigheidsname*

79. Identifisering van verskaffer
80. Registrasie van besigheidsname
81. Kriteria vir besigheidsname

*Deel B*

*Nywerheidsgedragskodes*

82. Nywerheidskodes

**HOOFSTUK 5**

**NASIONALE VERBRUIKERSBESKERMINGSINSTELLINGS**

*Deel A*

*Nasionale en provinsiale samewerking*

- 83. Samewerkende uitoefening van konkurrente regsbevoegdheid
- 84. Provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede

*Deel B*

*Instelling van Nasionale Verbruikerskommissie*

- 85. Instelling van Nasionale Verbruikerskommissie
- 86. Minister kan beleid opdra en ondersoek vereis
- 87. Aanstelling van Kommissaris
- 88. Aanstelling van inspekteurs en ondersoekers
- 89. Botsing van belange
- 90. Finansies
- 91. Hersienings en verslae aan Minister

*Deel C*

*Wersaamhede van Kommissie*

- 92. Algemene bepalinge betreffende Kommissie-wersaamhede
- 93. Ontwikkeling van praktykkodes met betrekking tot Wet
- 94. Bevordering van wetgewing-hervorming
- 95. Bevordering van verbruikersbeskerming binne staatsorgane
- 96. Navorsing en openbare inligting
- 97. Betrekkinge met ander regulerende owerhede
- 98. Advies en aanbevelings aan Minister

**HOOFSTUK 6**

**AFDWINGING VAN WET**

*Deel A*

### *Afdwinging deur Kommissie*

- 99. Afdwingingswerkzaamhede van Kommissie
- 100. Nakomingskennisgewings
- 101. Beswaar teen kennisgewings

### *Deel B*

#### *Bevoegdhede ter ondersteuning van ondersoek*

- 102. Dagvaarding
- 103. Magtiging om te betree en te deursoek kragtens lasbrief
- 104. Bevoegdhede om te betree en te deursoek
- 105. Uitvoering van betreding en deursoeking
- 106. Aansprake dat inligting vertroulik is

### *Deel C*

#### *Misdrywe en strawwe*

- 107. Vertrouensbreuk
- 108. Belemmering van uitvoering van Wet
- 109. Misdrywe met betrekking tot Kommissie en Tribunaal
- 110. Misdrywe met betrekking tot verbode gedrag
- 111. Strawwe
- 112. Administratiewe boetes
- 113. Middellike aanspreeklikheid

### *Deel D*

#### *Diverse aangeleenthede*

- 114. Tussentydse regshulp
- 115. Siviele gedinge en regsbevoegdheid
- 116. Beperkings op gedingvoering
- 117. Bewysstandaard
- 118. Betekening van stukke
- 119. Bewys van feite

## **HOOFSTUK 7**

### **ALGEMENE BEPALINGS**

- 120. Regulasies
- 121. Gevolglike wysigings, herroeping van wette en oorgangsreëlings
- 122. Kort titel en inwerkingtreding



## BYLAE 1

### *Wysiging van wette*

## BYLAE 2

### *Oorgangsbepalings*

1. Woordoms krywing
2. Inkrementele uitwerking van Wet
3. Toepassing van Wet op reeds-bestaande transaksies en ooreenkomste
4. Vertraagde werking van artikel 11(4)(b)(ii)
5. Ontheffing van vereiste om besigheidsname te registreer
6. Algemene behoud van regulasies, regte, pligte, kennisgewings en ander instrumente
7. Provinsiale reguleringsbevoegdheid
8. Voortgesette toepassing van herroepe wette
9. Staatsdienswerknemers wat vorige Wette afdwing
10. Uitsluiting van sekere wette

## HOOFSTUK 1

### UITLEG, DOEL EN TOEPASSING

#### *Deel A*

#### *Uitleg*

#### **Woordoms krywing**

**1.** In hierdie Wet beteken—

“**advertensie**” enige direkte of indirekte visuele of mondelinge kommunikasie deur enige medium oorgedra, of enige voorstelling of verwysing wat geskrewe, ingeskrewe, aangeteken, geënkodeer op of vasgelê is in enige medium, deur middel waarvan iemand poog om—

- (a) (i) die bestaan of identiteit van ’n verskaffer; of  
(ii) die bestaan, aard, beskikbaarheid, eienskappe, voordele of gebruike van goedere of dienste wat beskikbaar is vir verskaffing, of die voorwaardes waarop, of die pryse waarteen, goedere of dienste beskikbaar is vir verskaffing,  
onder die aandag van die hele of ’n gedeelte van die publiek te bring; of  
(b) die verskaffing van goedere of dienste te bevorder; of  
(c) ’n saak te bevorder;

“**alternatiewe geskilbeslegtingsagent**”—

- (a) 'n ombud met regsbevoegdheid;
  - (b) 'n bedryfsombud geakkrediteer ingevolge artikel 82(6); of
  - (c) iemand of 'n entiteit wat versoenings-, bemiddelings- of arbitrasiedienste voorsien om te help met die beslegting van verbruikersgeskille, behalwe 'n ombud met regsbevoegdheid, of 'n geakkrediteerde bedryfsombud;
- “bemark”**, wanneer as 'n werkwoord gebruik, om goedere of dienste te bevorder of te verskaf;
- “besigheid”** die voortgesette bemerking van goedere of dienste;
- “besigheidsnaam”** 'n naam waaronder iemand 'n besigheid bedryf, behalwe die persoon se volle naam;
- “bevorder”** om—
- (a) goedere of dienste, in die gewone loop van besigheid, aan die hele of 'n gedeelte van die publiek vir teenprestasie te adverteer, uit te stal of aan te bied om te verskaf;
  - (b) 'n voorstelling in die gewone loop van besigheid te maak wat redelikerwys afgelei kan word 'n bereidheid uit te druk om goedere of dienste vir teenprestasie te verskaf; of
  - (c) in die gewone loop van besigheid enige ander handeling te verrig wat redelikerwys uitgelê kan word as 'n oorhaling of poging tot oorhaling van iemand om 'n transaksie aan te gaan;
- “diens”** ook, maar is nie beperk nie, tot—
- (a) enige werk of onderneming deur iemand verrig vir die direkte of indirekte voordeel van iemand anders;
  - (b) die voorsiening van enige opleiding, inligting, advies of konsultering, behalwe advies wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No. 37 van 2002), aan regulering onderworpe is;
  - (c) bankdienste of verwante of soortgelyke finansiële dienste, of die onderneming, onderskrywing of aanvaarding van 'n risiko deur iemand namens 'n ander, behalwe in die mate waarin so 'n diens—
    - (i) advies- of tussengangerdienste uitmaak wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002 (Wet No.37 van 2002), aan regulering onderworpe is;
    - (ii) ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 52 van 1998), of die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), gereguleer word;
  - (d) die vervoer van 'n individu of goedere;
  - (e) die voorsiening van—
    - (i) akkommodasie of voedsel;
    - (ii) vermaak of soortgelyke ontasbare produk of toegang tot sodanige vermaak of ontasbare produk;
    - (iii) toegang tot enige elektroniese kommunikasie-infrastruktuur;
    - (iv) toegang, of 'n reg van toegang, tot 'n gebeurtenis of tot 'n perseel, aktiwiteit of fasiliteit; of
    - (v) toegang tot of gebruik van enige perseel of ander eiendom ingevolge 'n verhuring;

- (f) 'n reg van okkupasie van, of bevoegdheid of voorreg oor of in verband met grond of ander onroerende eiendom, behalwe ingevolge 'n verhuring; en
- (g) regte van 'n konsessiehouer ingevolge 'n konsessie-ooreenkoms, in die mate toepaslik ingevolge artikel 5(6)(b) tot (e), ongeag of die persoon wat die diens bevorder, aanbied of voorsien, aan die diens deelneem, daarvoor toesig hou of die diens direk of indirek bedryf;
- “diensverskaffer”** iemand wat enige diens bevorder, verskaf of aanbied om dit te verskaf;
- “direkte bemarking”** om iemand te nader, hetsy persoonlik of deur die pos of elektroniese kommunikasie, vir die direkte of indirekte doel om—
- (a) goedere of dienste by die persoon te bevorder of aan te bied om te verskaf in die gewone loop van besigheid; of
- (b) die persoon te versoek om 'n skenking van enige aard vir enige doel te maak;
- “duidelik”**, met betrekking tot die gehalte van enige teks, kennisgewing of visuele voorstelling wat aan 'n verbruiker voorgelê, geopenbaar of uitgestal moet word, in 'n vorm wat aan die vereistes van artikel 22 voldoen;
- “eenheidsprys”** 'n prys vir goedere of dienste uitgedruk met betrekking tot 'n welbekende maatstaf soos hoeveelheid, gewig, volume, tydsduur of ander meetbare eenheid waarmee die goedere of dienste aangebied word;
- “elektroniese kommunikasie”** kommunikasie by wyse van elektroniese versending, met inbegrip van per telefoon, faksimilee, sms, kabellose rekenaartoegang, e-pos of enige soortgelyke tegnologie of toestel;
- “fasiliteit”** enige perseel, ruimte of toerusting opgestel om 'n bepaalde werksaamheid te verrig, of waar, waarin of waarop 'n bepaalde diens beskikbaar is;
- “geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep”** 'n verbruikersbeskermingsgroep wat deur die Kommissie geakkrediteer is ingevolge artikel 78 vir die oogmerke in daardie artikel of elders in hierdie Wet beoog;
- “gebruikte goedere”**, wanneer gebruik ten opsigte van goedere wat bemark word, goedere wat voorheen aan 'n verbruiker verskaf is, maar nie ook goedere wat aan 'n verskaffer terugbesorg is ingevolge 'n reg van teruggawe in hierdie Wet beoog nie;
- “gelykheidshof”** dieselfde soos uiteengesit in die “Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”;
- “gewetenloos”**, wanneer gebruik met verwysing na gedrag—
- (a) om 'n karakter te hê soos beoog in artikel 40; of
- (b) andersins oneties of onbehoorlik in 'n mate wat die gewete van 'n redelike persoon sal skok;
- “goedere”** ook—
- (a) enigiets wat bemark word vir menslike verbruik;
- (b) enige tasbare voorwerp nie andersins beoog in paragraaf (a) nie, met inbegrip van enige medium waarop enigiets geskryf of geënkodeer is of kan word;

- (c) enige literatuur, musiek, foto, speelfilm, speletjie, inligting, data, sagteware, kode of ander ontasbare produk geskryf of geënkodeer op enige medium, of 'n lisensie om so 'n ontasbare produk te gebruik;
- (d) 'n regsbelang in grond of ander onroerende eiendom, behalwe 'n belang wat binne die omskrywing van 'diens' in hierdie artikel val; en
- (e) gas, water en elektrisiteit;

**“goedere op spesiale bestelling”** goedere wat 'n verskaffer uitdruklik of stilswyend vereis of verwag is om te verkry, te skep, of spesifiek te wysig om aan die verbruiker se vereistes te voldoen;

**“Grondwet”** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

**“handelsbeskrywing”**--

- (a) 'n beskrywing, verklaring of ander direkte of indirekte aanduiding, behalwe 'n handelsmerk, van—
  - (i) die getal, hoeveelheid, mate, gewig of standaard van goedere;
  - (ii) die naam van die produsent of die produsent van goedere;
  - (iii) die bestanddele waaruit goedere bestaan of die materiaal waarvan goedere gemaak is;
  - (iv) die plek of land van oorsprong van goedere;
  - (v) die wyse van vervaardiging of produksie van goedere; of
  - (vi) goedere wat die onderwerp is van 'n patent, voorreg of kopiereg; of
- (b) 'n syfer, werk of merk, behalwe 'n handelsmerk, wat, ooreenkomstig handelsgebruik, algemeen aanvaar word om 'n aanduiding te wees van enige aangeleentheid in paragraaf (a) beoog;

**“handelsmerk”**—

- (a) 'n handelsmerk soos omskryf in artikel 2(1) van die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993); of
- (b) 'n welbekende handelsmerk soos beoog in artikel 35 van die Wet op Handelsmerke, 1993;

**“herroepe wet”** 'n Wet genoem in artikel 121(2), of 'n openbare regulasie uitgevaardig ingevolge sodanige Wet;

**“hierdie Wet”** ook 'n Bylae by hierdie Wet, regulasies uitgevaardig of kennisgewing uitgereik deur die Minister kragtens hierdie Wet;

**“hof”** nie ook 'n verbruikershof nie;

**“inspekteur”** iemand wat ingevolge artikel 88 as sodanig aangestel is;

**“invoerder”**, ten opsigte van bepaalde goedere, iemand wat daardie goedere van buite die Republiek in die Republiek inbring, of laat inbring, met die bedoeling om hulle in die gewone loop van besigheid beskikbaar te maak vir verskaffing;

**“Kabinet”** die liggaam van die nasionale uitvoerende gesag beskryf in artikel 91 van die Grondwet;

**“klaer”**—

- (a) iemand wat ingevolge artikel 71 'n klagte by die Kommissie gelê het; of
- (b) die Kommissie ten opsigte van 'n klagte wat hy geïnisieer het, hetsy direk of as gevolg van die—
  - (i) opdrag van die Minister ingevolge artikel 86(b); of

- (ii) versoek van 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid of ander regulerende owerheid, na gelang van die geval;
- “kleinhandelaar”**, ten opsigte van bepaalde goedere, iemand wat in die gewone loop van besigheid daardie goedere aan 'n verbruiker verskaf;
- “Kommissie”** die Nasionale Verbruikerskommissie ingestel by artikel 85;
- “konsessie-ooreenkoms”** 'n ooreenkoms tussen twee partye, synde, onderskeidelik, die konsessiegewer en konsessiehouer—
- (a) waardeur die konsessiegewer aan die konsessiehouer die reg verleen om besigheid te dryf in die hele of 'n spesifieke gedeelte van die Republiek kragtens 'n stelsel of bemarkingsplan wesenlik bepaal of beheer deur die konsessiegewer of 'n medewerker van die konsessiegewer, vir teenprestasie gelewer of gelewer te word deur die konsessiehouer aan die konsessiegewer;
- (b) waarkragtens die bedryf van die besigheid van die konsessiehouer wesenlik of deurslaggewend met die advertensieskemas of -programme of een of meer handelsmerke, kommersiële simbole of logo's of soortgelyke bemarking, handelsmerkgebruik, etikettering of toestelle, of 'n kombinasie van sodanige skemas, programme of toestelle, wat gedryf, besit, gebruik of gelisensieer is deur die konsessiegewer of 'n medewerker van die konsessiegewer, geassosieer word; en
- (c) wat die besigheidsverhouding tussen die konsessiegewer en konsessiehouer beheer, met inbegrip van die verhouding tussen hulle ten opsigte van die goedere of dienste wat aan die konsessiehouer verskaf moet word deur of weens opdrag van die konsessiegewer of 'n medewerker van die konsessiegewer;
- “kosteberaming”** 'n staat van die geprojekteerde totale prys van 'n diens wat deur 'n verskaffer gelewer moet word, met inbegrip van goedere of komponente wat verskaf moet word in verband met daardie diens;
- “lisensie”**, afhangend van die samehang, die magtiging, ongeag die spesifieke titel of vorm daarvan, wat aan iemand uitgereik is en waarkragtens daardie persoon, hetsy—
- (a) ingevolge 'n openbare regulasie gemagtig word om besigheid te dryf; of
- (b) deur iemand anders gemagtig word om—
- (i) toegang tot 'n fasiliteit te verkry of goedere te gebruik; of
- (ii) goedere of dienste te verskaf;
- “lojaliteitskrediet of -toekenning”** enige—
- (a) voordeel wat aan 'n verbruiker toeval;
- (b) reg op goedere, diens of ander voordeel aan 'n verbruiker verleen; of
- (c) punt, krediet, bewys, toestel of ander tasbare of ontasbare ding wat, wanneer in genoegsame hoeveelhede geakkumuleer, die houer daarvan geregtig maak om goedere, dienste of ander voordele aan 'n verbruiker toegewys, te soek, te vra of daarop aanspraak te maak,
- ingevolge 'n lojaliteitsprogram, ongeag die naam, aard, vorm of karakterisering aan sodanige goedere, dienste of ander voordeel, reg of ding deur daardie lojaliteitsprogram toegeken;

**“lojaliteitsprogram”** ’n reëling of skema in die gewone loop van besigheid ingevolge waarvan ’n verskaffer van goedere of dienste, vereniging van sodanige verskaffers, of iemand anders namens of in assosiasie met sodanige verskaffers, enige lojaliteitskrediet of -toekenning in verband met ’n transaksie of ’n ooreenkoms aan ’n verbruiker aanbied of verleen;

**“LUR”** die lid van die Uitvoerende Raad;

**“merk”**, wanneer as ’n selfstandige naamwoord gebruik, enige visuele voorstelling, naam, handtekening, woord, letter, syfer, vorm, konfigurasie, patroon, versiering, kleur of houer vir goedere of ander teken wat grafies voorgestel kan word, of enige kombinasie van daardie goed, maar nie ook ’n handelsmerk nie;

**“Minister”** die lid van die Kabinet verantwoordelik vir verbruikersbeskermingsake;

**“National Credit Act”** die “National Credit Act”, 2005 (Wet No.34 van 2005);

**“ombud met regsbevoegdheid”**, ten opsigte van ’n bepaalde geskil wat voortspuit uit ’n ooreenkoms of transaksie tussen ’n verbruiker en ’n verskaffer wat—

(a) onderworpe is aan die regsbevoegdheid van ’n ‘ombud’ of ’n ‘statutêre ombud’ ingevolge enige nasionale wetgewing, daardie ombud, of statutêre ombud; of

(b) ’n ‘finansiële instelling’ is soos omskryf in die “Financial Services Ombud Schemes Act”, 2004 (Wet No. 37 van 2004), ‘die ombud’, soos bepaal ooreenkomstig artikel 13 of 14 van daardie Wet;

**“ondersoeker”** iemand wat ingevolge artikel 88 as sodanig aangestel is;

**“ooreenkoms”** ’n reëling of verstandhouding tussen twee of meer partye wat voorgee om ’n regsverhouding tussen hulle te vestig;

**“openbare regulasie”** enige nasionale, provinsiale of plaaslike regeringswetgewing of ondergeskikte wetgewing, of enige lisensie, tarief, voorskrif of soortgelyke magtiging deur ’n regulerende owerheid of ingevolge enige statutêre gesag uitgereik;

**“persoon”** ook ’n regspersoon;

**“perseel”** ook grond, of enige gebou, struktuur, voertuig, skip, boot, vaartuig, vliegtuig of houer;

**“produsent”**, ten opsigte van bepaalde goedere, iemand wat—

(a) die goedere binne die Republiek verbou, kweek, oes, myn, genereer, raffineer, skep, vervaardig of andersins voortbring, of enige van daardie dinge laat doen, met die bedoeling om hulle in die gewone loop van besigheid vir verskaffing beskikbaar te maak; of

(b) deur die toepassing van ’n persoonlike of besigheidsnaam, handelsmerk, handelsbeskrywing of ander visuele voorstelling op of met betrekking tot die goedere, ’n redelike verwagting geskep of gevestig het dat die persoon iemand is soos beoog in paragraaf (a);

**“Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”** die “Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”, 2000 (Wet No. 4 van 2000);

**“provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid”** ’n liggaam binne die provinsiale regeringsfeer ingestel en deur die verantwoordelike Lid van die Uitvoerende Raad van ’n provinsie aangewys om algemene gesag te hê om met verbruikersbeskermingsake binne daardie provinsie te handel;

**“prys”**, wanneer gebruik met betrekking tot—

- (a) ’n voorstelling wat deur artikel 23 vereis word vertoon te word, ook enige merk, kennisgewing of visuele voorstelling wat redelikerwys afgelei kan word ’n verband tussen goedere of dienste en die waarde van die teenprestasie waarvoor die verskaffer bereid is om daardie goedere of dienste te verkoop of te verskaf, aan te dui of uit te druk; of
- (b) die teenprestasie vir enige transaksie, die totale bedrag betaal of betaalbaar deur die verbruiker aan die verskaffer ingevolge daardie transaksie of ooreenkoms, met inbegrip van enige bedrag wat die verkaffer moet hef, vorder of invorder ingevolge ’n openbare regulasie;

**“Registrateur”** die Registrateur van Maatskappye ingevolge die Maatskappyywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), aangestel, of die beampte wat soortgelyke werksaamhede ingevolge enige daaropvolgende wetgewing verrig;

**“regspersoon”** ook—

- (a) ’n liggaam met regspersoonlikheid beklee;
- (b) ’n vennootskap of vereniging; of
- (c) ’n trust soos in die Wet op die Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet No. 57 van 1988), omskryf;

**“regulasie”** ’n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig;

**“regerende owerheid”** ’n staatsorgaan of entiteit ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing ingestel, verantwoordelik vir die regulering van ’n bedryf of sektor van ’n bedryf;

**“respondent”** ’n persoon of firma teen wie ’n klagte of aansoek ingevolge hierdie Wet geïnisieer is;

**“sms”** ’n kort boodskapdiens deur middel van ’n telekommunikasiesistelsel voorsien;

**“staatsorgaan”** ’n staatsorgaan soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet;

**“teenprestasie”** enigiets van waarde gegee en aanvaar in ruil vir goedere of dienste, met inbegrip van—

- (a) geld, eiendom, ’n tjek of ander verhandelbare instrument, ’n bewys, ’n kaartjie, elektroniese krediet, krediet, debiet of elektroniese skyfie of soortgelyke voorwerp;
- (b) arbeid, ruilhandel of ander goedere of dienste;
- (c) lojaliteitskrediet of -toekenning, koepon of ander reg om ’n aanspraak uit te oefen; of
- (d) enige ander ding, onderneming, belofte, ooreenkoms of versekering, ongeag die ooglopende of intrinsieke waarde daarvan, of hetsy dit direk of indirek oorgedra word, of slegs die verskaffer en gebruiker of ander partye benewens die verskaffer en verbruiker betrek;

**“toepas”**, wanneer gebruik met betrekking tot ’n handelsbeskrywing, prys, kennisgewing of enige soortgelyke vorm van inligting, om te bosseleer, te

stempel, te graveer, te ets, te druk of in te weef, in of op te werk, aan of vas te heg, of binne-in in te lyf;

**“toepaslike provinsiale verbruikerswetgewing”** wetgewing betreffende verbruikersbeskerming wat deur ’n provinsie verorden is;

**“transaksie”**—

- (a) ten opsigte van iemand wat in die gewone loop van besigheid optree—
  - (i) ’n ooreenkoms tussen daardie persoon en een of meer ander persone vir die verskaffing of potensiële verskaffing van goedere of dienste in ruil vir teenprestasie; of
  - (ii) die verskaffing deur daardie persoon aan of volgens opdrag van ’n verbruiker van goedere of dienste vir teenprestasie; of
  - (iii) die verrigting, deur of volgens opdrag van daardie persoon van dienste aan of volgens opdrag van ’n verbruiker vir teenprestasie; of
- (b) ’n interaksie beoog in artikel 5(6), ongeag of dit binne paragraaf (a) val of nie;

**“Tribunaal”** die Nasionale Verbruikerstribunaal ingestel by artikel 26 van die “National Credit Act”;

**“tussenganger”** iemand wat, in die gewone loop van besigheid en teen vergoeding of vir winsbejag, die besigheid bedryf om—

- (a) iemand anders te verteenwoordig ten opsigte van die werklike of potensiële verskaffing van goedere of dienste;
- (b) die besit van goedere of ander eiendom van iemand te ontvang met die doel om die eiendom te koop aan te bied; of
- (c) goedere of eiendom wat aan ’n derde persoon behoort, of diens wat deur ’n derde persoon verskaf moet word, aan ’n verbruiker te koop aan te bied of aanbiede uit te lok of aan ’n verbruiker te verkoop,

maar nie ook iemand wie se bedrywighede as ’n tussenganger ingevolge enige ander nasionale wetgewing gereguleer word nie;

**“uitstal”**, wanneer gebruik—

- (a) met betrekking tot goedere, die plasing, tentoonstelling of blootstelling van daardie goedere voor die publiek in die gewone loop van besigheid op ’n wyse wat ooreenstem met ’n ope uitnodiging aan lede van die publiek om daardie of soortgelyke goedere te inspekteer en te kies vir verskaffing aan ’n verbruiker; of
- (b) met betrekking tot ’n prys, merk, kennisgewing of ander visuele voorstelling, om enigiets te plaas of te publiseer op ’n wyse wat redelikerwys ’n assosiasie skep tussen daardie prys, merk, kennisgewing of ander visuele voorstelling en bepaalde goedere of dienste;

**“verbode gedrag”** ’n handeling of versuim teenstrydig met hierdie Wet;

**“verbruiker”**, ten opsigte van bepaalde goedere of dienste—

- (a) iemand aan wie die bepaalde goedere of dienste in die gewone loop van die verskaffer se besigheid bemark word;
- (b) iemand wat ’n transaksie met ’n verskaffer in die gewone loop van die verskaffer se besigheid aangegaan het, tensy die transaksie van die



toepassing van hierdie Wet vrygestel is deur artikel 5(2) of ingevolge artikel 5(3);

(c) indien die samehang aldus vereis of toelaat, 'n gebruiker van daardie bepaalde goedere of 'n ontvanger of bevoordeelde van daardie bepaalde dienste, ongeag of daardie gebruiker, ontvanger of bevoordeelde 'n party by 'n transaksie betreffende die verskaffing van daardie bepaalde goedere of dienste was; en

(d) 'n konsessiehouer ingevolge 'n konsessie-ooreenkoms, in die mate toepaslik ingevolge artikel 5(6)(b) tot (e);

**“verbruikersbeskermingsgroep”** 'n entiteit wat die belange of beskerming van verbruikers soos beoog in artikel 77 bevorder;

**“verbruikershof”** 'n ligaaam met daardie naam, of 'n verbruikerstribunaal, wat ingevolge toepaslike provinsiale verbruikerswetgewing ingestel is;

**“verbruikersooreenkoms”** 'n ooreenkoms tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker behalwe 'n konsessie-ooreenkoms;

**“verhuring”** 'n ooreenkoms vir teenprestasie in die gewone loop van besigheid, ingevolge waarvan tydelike besit van 'n perseel of ander eiendom gelewer word op lasgewing van of aan die verbruiker, of die reg om 'n perseel of ander eiendom te gebruik, verleen word op lasgewing van of aan die verbruiker, maar nie ook 'n huurkontrak binne die betekenis van die “National Credit Act” nie;

**“verskaf”**, wanneer as 'n werkwoord gebruik—

(a) met betrekking tot goedere, ook verkoop, verhuur, verruil en uithuur vir teenprestasie in die gewone loop van besigheid; of

(b) met betrekking tot dienste, die verkoop van die dienste, of om hulle te verrig of te laat verrig of te voorsien, of om toegang te verleen tot 'n perseel, gebeurtenis, aktiwiteit of fasiliteit vir teenprestasie in die gewone loop van besigheid;

**“verskaffer”** iemand wat goedere of dienste bemark;

**“verskaffingslyn”**, ten opsigte van bepaalde goedere of dienste, die geheel van alle verskaffers wat direk of indirek op hul beurt bydra tot die uiteindelijke verskaffing van daardie goedere of dienste aan 'n verbruiker, hetsy as 'n produsent, invoerder, verspreider of kleinhandelaar van goedere, of as 'n diensverskaffer;

**“verspreider”**, met betrekking tot bepaalde goedere, iemand wat in die gewone loop van besigheid—

(a) deur 'n produsent, invoerder of ander verspreider van daardie goedere voorsien word; en

(b) op sy of haar beurt daardie goedere aan of 'n ander verspreider of 'n kleinhandelaar verskaf;

**“visuele voorstelling”** enige voorstelling of illustrasie wat op 'n oppervlak gereproduseer kan word, hetsy deur drukwerk of andersins, maar nie ook 'n handelsmerk nie;

**“voorgeskryf”** bepaal, gestipuleer, vereis, gemagtig, toegelaat of andersins gereguleer deur 'n regulasie of kennisgewing deur die Minister ingevolge hierdie Wet uitgevaardig of gegee; en

**“Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies”** die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002);

## **Uitleg**

2. (1) Hierdie Wet moet op ’n wyse uitgelê word wat uitvoering gee aan die oogmerke in artikel 3 uiteengesit.

(2) By die uitleg of toepassing van hierdie Wet, kan iemand, ’n hof of die Tribunaal of die Kommissie—

- (a) toepaslike buitelandse en internasionale reg;
- (b) toepaslike internasionale konvensies, verklarings of protokols met betrekking tot verbruikersbeskerming; en
- (c) ’n beslissing van ’n verbruikershof, ombud of arbiter ingevolge hierdie Wet, in die mate waarin so ’n beslissing nie deur die Hoë Hof, die Hoogste Hof van Appèl of die Konstitusionele Hof tersyde gestel, herroep of omvergewerp is nie,

in ag neem.

(3) Indien ’n bepaling van hierdie Wet vereis dat ’n dokument deur ’n party by ’n transaksie onderteken of geparafeer moet word, kan daardie ondertekening of parafering op enige wetlik erkende wyse uitgevoer word, met inbegrip van die gebruik van—

- (a) ’n gevorderde elektroniese handtekening,
- (b) ’n elektroniese handtekening, soos omskryf in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies .

(4) Die verskaffer moet redelike maatreëls tref om te verhoed dat ’n verbruiker se elektroniese handtekening vir enige ander doel as die ondertekening of parafering van die bepaalde dokument wat die verbruiker bedoel het om te onderteken of te parafeer, gebruik word.

(5) Ondanks die tydperke in artikel 6 uiteengesit, bly elke opvolgende drempel deur die Minister ingevolge daardie artikel vasgestel, in werking totdat ’n daaropvolgende drempel ingevolge daardie artikel in werking tree.

(6) Wanneer daar vir die verloop van ’n bepaalde aantal besigheidsdae tussen die plaasvind van een gebeurtenis en ’n ander voorsiening gemaak word, moet die aantal dae bereken word deur—

- (a) die dag waarop die eerste gebeurtenis plaasvind, uit te sluit;
- (b) die dag waarop of waarteen die tweede gebeurtenis moet plaasvind, in te sluit; en
- (c) enige openbare vakansiedag, Saterdag of Sondag wat op of tussen die dae beoog in, onderskeidelik, paragrawe (a) en (b) val, uit te sluit.

(7) Tensy die samehang anders aandui, word enige gebruik van die woorde “en ook” of “met inbegrip van” met betrekking tot ’n omskrewe of generiese woord of uitdrukking enersyds, en een of meer gelyste voorbeelde of spesifieke items andersyds, nie uitgelê as sou dit die omskrewe of generiese uitdrukking tot die voorbeelde of items sodanig gelys, beperk nie.

(8) Indien daar ’n teenstrydigheid tussen ’n bepaling van Hoofstuk 5 van hierdie Wet en ’n bepaling van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), of die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No.103 van 1994), is, geniet die bepalings van die

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, of van die Staatsdienswet, 1994, na gelang van die geval, voorrang.

(9) Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen 'n bepaling van hierdie Wet en 'n bepaling van enige Wet nie in subartikel (8) beoog nie—

- (a) word die bepalings van beide Wette op konkurrente wyse toegepas in die mate waarin dit moontlik is om een van die teenstrydige bepalings toe te pas en na te kom sonder om die tweede te oortree; en
- (b) in die mate waarin paragraaf (a) nie toegepas kan word nie, geniet die bepaling wat die meeste beskerming aan 'n verbruiker verleen, voorrang bo die alternatiewe bepaling,

met dien verstande dat in die geval van gevaarlike chemiese produkte, slegs die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot herstel aan verbruikers van toepassing is.

(10) Geen bepaling van hierdie Wet word uitgelê as sou dit 'n verbruiker verhoed om enige regte ingevolge die gemene reg beskikbaar, uit te oefen nie.

## *Deel B*

### *Doel, beleid en toepassing van Wet*

#### **Doel en beleid van Wet**

**3.** (1) Die oogmerke van hierdie Wet is om die maatskaplike en ekonomiese welstand van verbruikers in Suid-Afrika te bevorder en te verhoog deur—

- (a) 'n wetlike raamwerk vir die bereiking en instandhouding van 'n verbruikersmark tot stand te bring, wat billik, toeganklik, doeltreffend, volhoubaar, verantwoordelik en tot voordeel van verbruikers in die algemeen is;
- (b) nadele wat ten opsigte van toegang tot die verskaffing van goedere of dienste ondervind word deur verbruikers—
  - (i) wat lae-inkomste persone is of persone wat lae-inkomste gemeenskappe uitmaak;
  - (ii) wat in afgeleë, geïsoleerde of ylbevolkte gebiede of gemeenskappe woon;
  - (iii) wat minderjariges, senior burgers of ander soortgelyke kwesbare verbruikers is; of
  - (iv) wie se vermoë om 'n advertensie, ooreenkoms, merk, instruksie, etiket, waarskuwing, kennisgewing of ander visuele voorstelling te lees en te begryp, beperk word as gevolg van lae geletterdheid, siggestremdheid of beperkte vermoë om die taal waarin die voorstelling gemaak, gepubliseer of aangebied word, te verstaan, te verminder en te versag;
- (c) billike besigheidspraktyke te bevorder;
- (d) verbruikers te beskerm teen—
  - (i) gewetenlose, onbillike, onredelike, onregverdige of andersins onbehoorlike handelspraktyke; en

- (ii) oneerlike, misleidende, onbillike of bedrieglike gedrag;
- (e) verbruikersbewustheid en -inligting te verbeter en verantwoordelike en ingeligte verbruikerskeuse en -gedrag aan te moedig;
- (f) verbruikersvertroue, -bemagtiging, en die ontwikkeling van 'n kultuur van verbruikersverantwoordelikheid te bevorder deur opvoeding van individue en groepe, waaksaamheid, voorspraak en aktivisme;
- (g) vir 'n konsekwente, toeganklike en doeltreffende stelsel van konsensuele beslegting van geskille wat uit verbruikerstransaksies voortvloei, voorsiening te maak; en
- (h) vir 'n toeganklike, konsekwente, geharmoniseerde, effektiewe en doeltreffende stelsel vir herstel aan verbruikers voorsiening te maak.

(2) Ten einde die verwesenliking van die oogmerke van hierdie Wet, en die genieting van die verbruikersregte wat deur hierdie Wet erken of verleen word, beter te verseker, is die Kommissie, benewens sy verantwoordelikhede elders in hierdie Wet uiteengesit, verantwoordelik om—

- (a) redelike en praktiese maatreëls te tref om die oogmerke van hierdie Wet te bevorder en die belange van alle verbruikers, en in besonder daardie verbruikers beoog in subartikel (1)(b), te beskerm en te verhoog;
- (b) die volgende aangeleenthede te monitor en elke jaar aan die Minister daarvoor verslag te doen:
  - (i) Die beskikbaarheid van goedere en dienste aan persone beoog in subartikel (1)(b), met inbegrip van prys- en marktoestande, gedrag en neigings wat hulle verbruikersregte raak;
  - (ii) toegang tot die verskaffing van goedere en dienste deur klein besighede en persone beoog in subartikel (1)(b); en
  - (iii) enige ander aangeleentheid met betrekking tot die verskaffing van goedere en dienste; en
- (c) navorsing te onderneem en beleidsvoorstelle aan die Minister te doen met betrekking tot enige aangeleentheid wat die verskaffing van goedere en dienste raak, met inbegrip van voorstelle vir wetgewende, regulerende of beleidsinisiatiewe wat die verwesenliking en volle genieting van hulle verbruikersregte deur persone beoog in subartikel (1)(b) sal verbeter.

#### **Verwesening van verbruikersregte**

4. (1) Enige van die volgende persone kan, op die wyse in hierdie Wet bepaal, 'n hof, die Tribunaal of die Kommissie nader en beweer dat 'n verbruiker se regte ingevolge hierdie Wet geskend, belemmer of bedreig is, of dat verbode gedrag plaasgevind het of plaasvind:

- (a) Iemand wat namens hom- of haarself optree;
- (b) 'n gemagtigde persoon wat namens iemand anders optree wat nie in sy of haar eie naam kan optree nie;
- (c) iemand wat as 'n lid van of in belang van 'n groep of klas geaffekteerde persone optree;
- (d) iemand wat in die openbare belang optree, met verloop van die Tribunaal of hof, na gelang van die geval; en

- (e) 'n vereniging wat in die belang van sy lede optree.
- (2) In 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voor die Tribunaal of hof gebring word—
- (a) moet die hof die gemene reg, waar nodig, ontwikkel om die verwesenliking en genieting van verbruikersregte in die algemeen te verbeter, en in besonder deur persone beoog in artikel 3(1)(b); en
- (b) moet die Tribunaal of hof, na gelang van die geval—
- (i) die gees en oogmerke van hierdie Wet bevorder; en
- (ii) gepaste bevel maak om praktiese uitvoering aan die verbruiker se reg op toegang tot herstel, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot—
- (aa) 'n bevel in hierdie Wet bepaal; en
- (bb) 'n innoverende bevel wat die verwesenliking van verbruikers se regte ingevolge hierdie Wet beter verhoog, beskerm, bevorder en verseker.
- (3) Indien 'n bepaling van hierdie Wet, in sy samehang gelees, redelikerwys uitgelê kan word om meer as een betekenis te hê, moet die Tribunaal of hof die betekenis verkies wat die beste die gees en oogmerke van hierdie Wet bevorder, en die verwesenliking en genieting van verbruikersregte in die algemeen, en in besonder die persone beoog in artikel 3(1)(b), die beste sal verbeter.
- (4) In die mate waarin dit versoenbaar is met die bevordering van die oogmerke en beleide van hierdie Wet, moet die Tribunaal of hof 'n standaardvorm, -kontrak of ander dokument wat deur of namens 'n verskaffer opgestel of gepubliseer is, of wat hierdie Wet vereis deur 'n verskaffer voortgebring moet word, tot voordeel van die verbruiker uitlê—
- (a) sodat 'n dubbelsinnigheid wat meer as een redelike uitleg van 'n gedeelte van so 'n dokument moontlik maak, tot voordeel van die verbruiker beslis word; en
- (b) sodat 'n inperking, beperking, uitsluiting of ontneming van 'n verbruiker se wetlike regte in so 'n dokument of kennisgewing uiteengesit, beperk word in die mate waarin 'n redelike persoon gewoonlik sou beoog of verwag, met inagneming van—
- (i) die inhoud van die dokument;
- (ii) die wyse waarop en vorm waarin die dokument voorberei en aangebied is; en
- (iii) die omstandighede van die transaksie of ooreenkoms.
- (5) In onderhandelinge met 'n verbruiker in die gewone loop van besigheid, moet niemand—
- (a) meedoen aan gedrag wat teenstrydig is met die oogmerke en beleid van hierdie Wet, of bereken is om hulle te frustreer of omver te werp nie;
- (b) meedoen aan gewetenlose, misleidende of oneerlike gedrag, of gedrag wat redelikerwys waarskynlik sal mislei of bedrieg nie; of
- (c) 'n voorstelling oor 'n verskaffer of goedere of dienste of 'n verwante aangeleentheid maak nie, tensy die persoon redelike gronde het om te glo dat die voorstelling waar is.

## **Toepassing van Wet**

5. (1) Hierdie Wet is van toepassing op—
- (a) elke transaksie wat binne die Republiek plaasvind, tensy dit deur subartikel (2), of ingevolge subartikels (3) en (4), vrygestel is;
  - (b) die bevordering van goedere of dienste, of die verskaffer van goedere of dienste, binne die Republiek, tensy—
    - (i) daardie goedere of dienste nie redelikerwys die onderwerp van ’n transaksie waarop hierdie Wet ingevolge paragraaf (a) van toepassing is, kan wees nie; of
    - (ii) die bevordering van daardie goedere of dienste ingevolge subartikels (3) en (4) vrygestel is;
  - (c) goedere of dienste wat ingevolge ’n transaksie waarop hierdie Wet van toepassing is, verskaf of verrig word, ongeag of enige van daardie goedere of dienste tesame met ander goedere of dienste, of afsonderlik van ander goedere of dienste aangebied of verskaf word; en
  - (d) goedere wat ingevolge ’n transaksie verskaf word wat van die toepassing van hierdie Wet vrygestel is, maar slegs in die mate in subartikel (5) bepaal.
- (2) Hierdie Wet is nie van toepassing nie op ’n transaksie—
- (a) ingevolge waarvan goedere of dienste aan die Staat bevorder of verskaf word;
  - (b) ingevolge waarvan die verbruiker ’n regs persoon is wie se bates of jaarlikse omset, ten tyde van die transaksie, gelyk is aan of meer is as die drempelwaarde ingevolge artikel 6 deur die Minister bepaal;
  - (c) indien die transaksie binne ’n vrystelling val ingevolge subartikels (3) en (4) deur die Minister verleen;
  - (d) wat ’n kredietooreenkoms ingevolge die “National Credit Act” uitmaak, maar die goedere of dienste wat die onderwerp van die kredietooreenkoms is, nie van die bestek van hierdie Wet uitgesluit is nie;
  - (e) betreffende dienste kragtens ’n dienskontrak verskaf te word;
  - (f) wat uitvoering gee aan ’n kollektiewe bedingingsooreenkoms binne die bedoeling van artikel 23 van die Grondwet en die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995); of
  - (g) wat uitvoering gee aan ’n kollektiewe ooreenkoms soos omskryf in artikel 213 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995).
- (3) ’n Regulerende owerheid kan by die Minister aansoek doen om die vrystelling van ’n hele bedryf van een of meer bepalinge van hierdie Wet, op grond van oorvleueling of duplisering van daardie bepalinge met ’n regulerende skema deur daardie regulerende owerheid geadministreer ingevolge—
- (a) ander nasionale wetgewing; of
  - (b) ’n verdrag, internasionale reg, ’n konvensie of protokol.
- (4) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, op advies van die Kommissie, ’n vrystelling beoog in subartikel (3) verleen—
- (a) slegs in die mate waarin die betrokke regulerende skema die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet, minstens so goed soos die bepalinge van hierdie Wet, verseker; en

- (b) behoudens die beperkings of voorwaardes wat nodig is om die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet te verseker.
- (5) Indien goedere binne die Republiek verskaf word aan iemand ingevolge 'n transaksie wat van die toepassing van hierdie Wet vrygestel is, is daardie goedere en, onderskeidelik, die invoerder of produsent, verspreider en kleinhandelaar van daardie goedere nogtans onderworpe aan artikels 60 en 61.
- (6) Ter wille van groter sekerheid, moet die volgende reëlings as 'n transaksie tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker, binne die bedoeling van hierdie Wet, geag word:
- (a) Die verskaffing van goedere of dienste in die gewone loop van besigheid aan enige van sy lede deur 'n klub, vakbond, assosiasie, vereniging of ander kollektiwiteit, hetsy ingelyf of oningelyf, van persone vrywilliglik geassosieer en georganiseer vir 'n gemeenskaplike doel of oogmerke, hetsy vir billike waarde teenprestasie of andersins, ongeag of daar 'n heffing of ekonomiese hydrae vereis of verwag word om 'n lid van daardie entiteit te word of te bly;
- (b) 'n uitnodiging vir aanbiedinge om 'n konsessie-ooreenkoms aan te gaan;
- (c) 'n aanbod deur 'n potensiële konsessiegewer om 'n konsessie-ooreenkoms met 'n potensiële konsessiehouer aan te gaan;
- (d) 'n konsessie-ooreenkoms of 'n ooreenkoms aanvullend tot 'n konsessie-ooreenkoms; en
- (e) die verskaffing van goedere of dienste aan 'n konsessiehouer ingevolge 'n konsessie-ooreenkoms.
- (7) Ondanks subartikel (2)(b), is hierdie Wet van toepassing op 'n transaksie beoog in subartikel (6)(b) tot (e) ongeag of die grootte van die regspersoon bo of onder die drempel ingevolge artikel 6 vasgestel, val.
- (8) Die toepassing van hierdie Wet ingevolge subartikels (1) tot (7) sluit aangeleenthede in ongeag of die verskaffer—
- (a) sy verblyf of hoofkantoor binne of buite die Republiek het;
- (b) met winsoogmerk of andersins bedryf word; of
- (c) 'n individu, regspersoon, vennootskap, trust, staatsorgaan, 'n entiteit besit of bestuur deur 'n staatsorgaan, iemand deur 'n staatsorgaan gekontrakteer of gelisensieer om goedere of dienste aan te bied of te verskaf, of 'n openbare-private vennootskap is; of
- (d) ingevolge 'n openbare regulasie vereis of gelisensieer word om die verskaffing van die bepaalde goedere of dienste aan die hele of 'n gedeelte van die publiek beskikbaar te maak.

### **Drempelvasstelling**

6. (1) Op die vroeë effektiewe datum soos bepaal ooreenkomstig item 2 van Bylae 2, en daaropvolgend met tussenposes van hoogstens vyf jaar, moet die Minister vir die oogmerke van artikel 5(2)(b), by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n monetêre drempel vasstel wat van toepassing is op die grootte van die regspersoon.

(2) Die aanvanklike drempel deur die Minister ingevolge hierdie artikel vasgestel, tree in werking op die algemene effektiewe datum soos bepaal ooreenkomstig item 2 van Bylae 2, en elke daaropvolgende drempel tree in werking ses maande na die datum

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

waarop dit in die *Staatskoerant* gepubliseer is.

### **Vereistes van konsessie-ooreenkomste**

7. (1) 'n Konsessie-ooreenkoms moet—

- (a) skriftelik wees en deur of namens die konsessiehouer onderteken wees;
- (b) enige voorgeskrewe inligting bevat of enige voorgeskrewe kategorieë inligting behandel; en
- (c) aan die vereistes van artikel 22 voldoen.

(2) 'n Konsessiehouer kan 'n konsessie-ooreenkoms kanselleer sonder koste of boete binne 10 besigheidsdae na ondertekening van so 'n ooreenkoms deur aan die konsessiegewer skriftelike kennis te gee.

(3) Die Minister kan inligting voorskryf wat in konsessie-ooreenkomste uiteengesit moet word, in die algemeen of in spesifieke kategorieë of nywerhede.

## **HOOFSTUK 2**

### **FUNDAMENTELE VERBRUIKERSREGTE**

#### *Deel A*

#### *Reg van gelykheid in verbruikersmark*

### **Beskerming teen diskriminerende bemarking**

8. (1) Behoudens artikel 9, moet 'n verskaffer van goedere of dienste nie op onbillike wyse—

- (a) enige persoon of kategorie persone van toegang tot goedere of dienste deur die verskaffer aangebied, uitsluit nie;
- (b) aan enige persoon of kategorie persone eksklusiewe toegang tot goedere of dienste deur die verskaffer aangebied, verleen nie;
- (c) aan enige persoon of kategorie persone prioriteit van verskaffing van goedere of dienste deur die verskaffer aangebied, toeken nie;
- (d) 'n ander gehalte goedere of dienste aan enige persoon of kategorie persone verskaf nie;
- (e) verskillende pryse vir goedere of dienste aan enige persoon of kategorie persone hef nie;
- (f) bepaalde gemeenskappe, distrikte, bevolkings- of marksegmente vir eksklusiewe, prioriteits- of voorkeurverskaffing van goedere of dienste teiken nie; of
- (g) 'n bepaalde gemeenskap, distrik, bevolkings- of marksegment van die verskaffing van goedere of dienste deur die verskaffer aangebied, uitsluit nie,

op die basis van een of meer gronde van onbillike diskriminasie beoog in artikel 9 van die Grondwet of Hoofstuk 2 van die “Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act”.



(2) Behoudens artikel 9, moet 'n verskaffer nie direk of indirek enigiemand verskillend van enigiemand anders behandel nie op 'n wyse wat onbillike diskriminasie op een of meer gronde uiteengesit in artikel 9 van die Grondwet, of op een of meer gronde uiteengesit in Hoofstuk 2 van die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act" uitmaak, wanneer—

- (a) die persoon se vermoë om die koste te betaal, of andersins die verpligtinge van 'n voorgenome transaksie of ooreenkoms na te kom, beoordeel word;
- (b) besluit word of 'n transaksie of ooreenkoms aangegaan moet word, of om aan te bied om 'n transaksie of ooreenkoms aan te gaan;
- (c) enige aspek van die koste van 'n transaksie of ooreenkoms aan die verbruiker bepaal word;
- (d) met die verbruiker in gesprek getree word—
  - (i) by die verskaffer se plek van besigheid, of
  - (ii) in die loop van die uitstalling of demonstrering van goedere, die toetsing of passing van goedere, of die onderhandeling van die bedinge van 'n transaksie of ooreenkoms; of
- (e) goedere vir of aan die verbruiker gekies, voorberei, verpak of afgelewer word, of dienste aan die verbruiker gelewer word;
- (f) die bedinge en voorwaardes van 'n transaksie of ooreenkoms voorgestel of ooreengekom word;
- (g) die nakoming van die bedinge van 'n transaksie of ooreenkoms deur die persoon beoordeel of vereis word;
- (h) 'n reg van die verskaffer kragtens 'n transaksie of ooreenkoms ingevolge hierdie Wet of toepaslike provinsiale verbruikerswetgewing, uitgeoefen word;
- (i) bepaal word of 'n transaksie of ooreenkoms voortgesit, afgedwing, 'n hofbevel ten opsigte daarvan gevra, en of dit beëindig moet word; of
- (j) bepaal word of persoonlike inligting van so 'n persoon aangemeld moet word, of by aanmelding daarvan.

(3) Subartikels (1) en (2) is ook van toepassing ten opsigte van 'n verbruiker wat 'n vereniging of regs persoon is, om onbillike diskriminasie teen daardie vereniging of regs persoon gebaseer op die karaktertrekke van 'n natuurlike persoon wat 'n lid, medewerker, eienaar, bestuurder, werknemer, kliënt of klant van daardie vereniging of regs persoon is, te verbied.

(4) Niks in hierdie artikel beoog om die gesag van 'n hof te beperk om—

- (a) optrede tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker wat nie in hierdie artikel beoog word, te oorweeg nie; of
- (b) te bevind dat sodanige optrede onbillike diskriminasie binne die betekenis van die Grondwet of die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act" uitmaak nie.

### **Redelike gronde vir gedifferensieerde behandeling in bepaalde omstandighede**

9. (1) Dit is nie 'n oortreding van artikel 8 vir 'n verskaffer nie om—

- (a) te weier om bepaalde goedere of dienste aan 'n minderjarige te verskaf of toegang daartoe te voorsien, of om die toestemming van 'n ouer, voog of

ander verantwoordelike volwassene te vereis voordat bepaalde goedere of dienste aan 'n ongeëmansipeerde minderjarige verskaf of toegang daartoe voorsien word—

- (i) ooreenkomstig 'n openbare regulasie; of
  - (ii) as 'n redelike voorkomingsmaatreël om die gesondheid, welstand of veiligheid van 'n minderjarige te beskerm;
- (b) op redelike gronde te weier om—
- (i) 'n ooreenkoms vir die verskaffing van goedere of dienste met 'n minderjarige aan te gaan; of
  - (ii) 'n ooreenkoms beoog in subparagraaf (i) voort te sit of te hernieu, tensy die verskaffer rede het om te glo dat die minderjarige geëmansipeer is;
- (c) op permanente basis of van tyd tot tyd 'n fasiliteit of diens redelikerwys aan te wys vir die uitsluitlike gebruik van—
- (i) minderjariges in die algemeen;
  - (ii) minderjariges wat ouer of jonger as 'n bepaalde ouderdom, of tussen bepaalde ouderdomme is; of
  - (iii) volwassenes wat 'n bepaalde ouderdom van minstens 60 jaar bereik het; of
- (d) goedere of dienste teen 'n afslagprys te adverteer, aan te bied of instem om te verskaf, of te verskaf op die uitsluitlike basis dat die verbruiker—
- (i) 'n minderjarige is wat nog nie 'n bepaalde ouderdom bereik het nie; of
  - (ii) 'n volwassene is wat 'n bepaalde ouderdom van minstens 60 jaar bereik het.

(2) Dit is nie 'n oortreding van artikel 8 vir 'n verskaffer om redelikerwys—

- (a) afsonderlike maar wesenlik ekwivalente fasiliteite vir die uitsluitlike gebruik van persone van elke geslag te voorsien en aan te wys nie; of
- (b) aan te bied om toegang tot 'n fasiliteit uitsluitlik aan persone van een geslag te verskaf of te voorsien nie.

(3) Dit is nie 'n oortreding van artikel 8 vir 'n verskaffer om goedere of dienste te bemark op 'n wyse wat 'n voorkeur impliseer of uitdruk vir 'n bepaalde groep verbruikers wat van die algemene bevolking onderskei word op grond van een van die gronde van diskriminasie in artikel 9(3) van die Grondwet uiteengesit, indien die bepaalde goedere of dienste redelikerwys bedoel of ontwerp is om spesifieke behoeftes of belange te bevredig wat gemeenskaplik is aan, of 'n unieke kenmerk van daardie bepaalde groep verbruikers is nie.

(4) Niks in hierdie artikel beoog om 'n hof se gesag te beperk om—

- (a) die redelikheid van gedrag te beoordeel in die mate beoog in subartikels (1)(b) of (c), (2) of (3), en te bepaal of gedrag wat nie redelikerwys regverdigbaar is nie soos in daardie subartikels beoog, onbillike diskriminasie binne die betekenis van die Grondwet of die “Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act” uitmaak nie; of
- (b) te bepaal of gedrag beoog in artikel 8 onder die omstandighede van 'n bepaalde transaksie of die bemarking van bepaalde goedere of dienste, na gelang van die geval, billik was nie.

### **Regsbevoegdheid van gelykheidshof oor hierdie Deel**

**10.** (1) Ten opsigte van 'n beweerde oortreding van hierdie Deel, kan 'n geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep, of enigiemand beoog in artikel 20(1) van die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act", óf

- (a) 'n geding voor 'n gelykheidshof ingevolge Hoofstuk 4 van daardie Wet instel; of
- (b) 'n klag by die Kommissie lê, wat die klagte na die gelykheidshof moet verwys indien dit geldig blyk te wees.

(2) In verrigtinge beoog in hierdie Deel—

- (a) is daar 'n vermoede dat gedifferensieerde behandeling beoog in artikel 8 onbillike diskriminasie is, tensy daar aangetoon word dat die diskriminasie billik is; en
- (b) kan 'n hof 'n afleiding maak dat 'n verskaffer onbillik gediskrimineer het indien—
  - (i) die verskaffer enigiets beoog in artikel 8 ten opsigte van 'n verbruiker gedoen het op 'n wyse wat gedifferensieerde behandeling uitmaak in vergelyking met hoe 'n ander verbruiker behandel is;
  - (ii) die gedifferensieerde behandeling onder die omstandighede op 'n verbode grond van diskriminasie gegrond blyk te wees; en
  - (iii) die verskaffer geweier of versuim het om 'n alternatiewe redelike en regverdigbare verduideliking vir die verskil in behandeling aan te bied toe die verskaffer versoek is om dit te doen.

### ***Deel B***

#### ***Verbruiker se reg op privaatheid***

#### **Reg om ongewenste direkte bemarking te beperk**

**11.** (1) Elkeen se reg op privaatheid sluit die reg in om 'n toenadering of kommunikasie aan daardie persoon, indien die toenadering of kommunikasie primêr vir die doel van direkte bemarking is—

- (a) te weier om dit te aanvaar;
- (b) te eis dat iemand anders dit staak; of
- (c) in die geval van 'n toenadering wat nie persoonlik is nie, dit voorkomend te blokkeer.

(2) Ten einde die verwesenliking van elke verbruiker se reg op privaatheid te vergemaklik, en om verbruikers in staat te stel om hulleself doeltreffend teen die aktiwiteite beoog in subartikel (1) te beskerm, kan iemand wat vir die doel van direkte bemarking genader is, gedurende of binne 'n redelike tyd na daardie kommunikasie eis dat die persoon wat verantwoordelik is vir die inisiëring van die kommunikasie, ophou met inisiëring van enige verdere kommunikasie.

(3) Die Kommissie kan 'n register instel of as gesaghebbend erken, waarin enigiemand 'n voorkomende blokkering, in die algemeen of vir spesifieke oogmerke, teen enige kommunikasie wat primêr vir die doel van direkte bemarking is, kan registreer.

(4) Iemand wat direkte bemarking magtig, beheer of uitvoer—

- (a) moet gepaste prosedures implementeer om die ontvangs van eise beoog in subartikel (2) te vergemaklik; en
- (b) moet niemand met daardie aktiwiteit geassosieer, beveel of toelaat om 'n kommunikasie vir die doel van direkte bemarking te rig of te lewer aan iemand wat—
  - (i) 'n eis beoog in subartikel (2) ingedien het nie; of
  - (ii) 'n tersaaklike voorkomende blokkering soos beoog in subartikel (3) geregistreer het nie.

(5) Niemand mag 'n verbruiker 'n fooi hef om 'n eis ingevolge subartikel (2) in te dien of om 'n voorkomende blokkering soos beoog in subartikel (3) te registreer nie.

(6) Die Minister kan regulasies vir die werking van 'n register beoog in subartikel (3) voorskryf.

### **Regulering van tyd om verbruikers te kontak**

**12.** (1) 'n Verskaffer moet nie betrokke raak in direkte bemarking gerig aan 'n verbruiker tuis vir die doel van 'n promosie gedurende 'n verbode tydperk ingevolge hierdie artikel voorgeskryf nie, behalwe in die mate waarin die verbruiker uitdruklik of stilswyend andersins versoek of ingestem het.

(2) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, spesifieke dae, datums, openbare vakansiedae of tye gedurende die dag voorskryf vir die doel van subartikel (1), ten einde verbruikers se privaatheid te beskerm.

## ***Deel C***

### ***Verbruiker se reg om te kies***

#### **Verbruiker se reg om uit verskaffers te kies**

**13.** (1) 'n Verskaffer moet nie, as 'n voorwaarde vir aanbidding om goedere of dienste te verskaf, of verskaffing daarvan of as 'n voorwaarde vir die aangaan van 'n ooreenkoms of transaksie, vereis dat die verbruiker—

- (a) ander bepaalde goedere of dienste van daardie verskaffer moet koop nie;
- (b) 'n bykomende ooreenkoms of transaksie met dieselfde verskaffer of 'n aangewese derde party moet aangaan nie; of
- (c) toestem om bepaalde goedere of dienste van 'n aangewese derde party te koop nie,

tensy die verskaffer—

- (i) kan aantoon dat die gerief aan die verbruiker om daardie goedere of dienste saam te bondel, swaarder weeg as die beperking op die verbruiker se reg om te kies;

- (ii) kan aantoon dat die saam bondel van daardie goedere of dienste ekonomiese voordeel vir verbruikers tot gevolg het; of
- (iii) saam gebondelde goedere of dienste afsonderlik en teen individuele pryse aanbied.

(2) Behalwe in die mate waartoe 'n ander wet anders bepaal, is dit in enige transaksie tussen 'n konsessiehouer en 'n konsessiegewer ingevolge hulle konsessie-ooreenkoms, 'n verweer teen 'n bewering dat die konsessiegewer, as die konsessiehouer se verskaffer, hierdie artikel oortree het, indien goedere of dienste wat die konsessiehouer van, of op aandrang van die konsessiegewer moes koop, redelikerwys verband hou met die gemerkte goedere of dienste wat die onderwerp van die konsessie-ooreenkoms uitmaak.

### **Verstryking en hernuwing van vaste-termyn ooreenkomste**

**14.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op transaksies tussen regspersone nie, ongeag hulle jaarlikse omset of waarde van bates.

(2) Indien 'n verbruikersooreenkoms vir 'n vaste termyn is—

- (a) moet daardie termyn nie die maksimumtydperk, as daar is, voorgeskryf ingevolge subartikel (4) ten opsigte van daardie kategorie verbruikersooreenkoms, oorskry nie;
- (b) ondanks enige andersluidende bepaling van die verbruikersooreenkoms—
  - (i) kan die verbruiker daardie ooreenkoms kanselleer—
    - (aa) by die verstryking van sy vaste termyn, sonder boete of koste, maar behoudens subartikel (3)(a); of
    - (bb) te eniger ander tyd, deur die verskaffer 20 besigheidsdae skriftelike kennis te gee of op ander aangetekende wyse of vorm, behoudens subartikel (3)(a) en (b); of
  - (ii) die verskaffer kan die ooreenkoms kanselleer 20 besigheidsdae nadat skriftelike kennis aan die verbruiker gegee is van 'n wesenlike versuim deur die verbruiker om die ooreenkoms na te kom, tensy die verbruiker die versuim binne daardie tyd reggestel het;
- (c) van hoogstens 80 of minstens 40 besigheidsdae voor die verstrykingsdatum van die vaste termyn van die verbruikersooreenkoms, moet die verskaffer die verbruiker skriftelik of op enige ander aangetekende wyse van die naderende verstrykingsdatum kennis gee, met inbegrip van 'n kennisgewing van—
  - (i) wesenlike veranderinge wat van toepassing sal wees indien die ooreenkoms hernieu word of wat andersins na die verstrykingsdatum sal voortduur; en
  - (ii) die opsies wat ingevolge paragraaf (d) aan die verbruiker beskikbaar is; en
- (d) by die verstryking van die vaste termyn van die verbruikersooreenkoms, word dit outomaties op 'n maand tot maand-basis verleng, behoudens

enige wesenlike veranderinge waarvan die verskaffer kennis gegee het, soos in paragraaf (c) beoog, tensy die verbruiker uitdruklik—

- (i) die verskaffer beveel om die ooreenkoms op die verstrykingsdatum te beëindig; of
- (ii) toestem tot 'n hernuwing van die ooreenkoms vir 'n verdere vaste termyn.

(3) By die kansellasië van 'n verbruikersooreenkoms soos beoog in subartikel (1)(b)—

(a) bly die verbruiker teenoor die verskaffer aanspreeklik vir enige bedrae aan die verskaffer verskuldig ingevolge daardie ooreenkoms tot op die datum van kansellasië; en

(b) (i) kan die verskaffer 'n redelike kansellasiëboete oplê ten opsigte van goedere verskaf, dienste gelewer, of kortings toegestaan aan die verbruiker met die oog op die voortduur van die ooreenkoms vir die beoogde vaste termyn, as daar is; en

(ii) moet die verskaffer die verbruiker met enige bedrag krediteer wat die verbruiker se eiendom bly op die kansellasiëdatum, soos ingevolge subartikel (4) voorgeskryf.

(4) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) die maksimum duur vir vaste termyn verbruikersooreenkoms in die algemeen, of vir bepaalde kategorieë van sodanige ooreenkoms;

(b) die wyse waarop en vorm waarin kennisgewings aan die verbruiker ingevolge subartikel (2)(c) voorsien moet word;

(c) die wyse, vorm en gronde vir vasstelling van die redelikheid van krediete en heffings beoog in subartikel (3); en

(d) ander bykomstige aangeleenthede soos vereis word om vir die behoorlike administrasie van hierdie artikel voorsiening te maak,

voorskryf.

### **Vooraf magtiging van herstel- of onderhoudsdienste**

**15.** (1) Hierdie artikel is slegs van toepassing op 'n transaksie of verbruikersooreenkoms—

(a) met 'n pryswaarde bokant die drempel ingevolge subartikel (5) voorgeskryf; en

(b) indien 'n diensverskaffer ingevolge daardie transaksie of ooreenkoms 'n herstel- of onderhoudsdienste verskaf aan, of vervangingsonderdele of -komponente verskaf of installeer in, enige eiendom behorende aan of onder die beheer van die verbruiker, en—

(i) die diensverskaffer besit het of neem van daardie eiendom vir die doel in hierdie paragraaf beoog; of

(ii) in enige ander geval, die verbruiker 'n kosteberaming versoek voordat enige dienste of goedere verskaf word.

(2) 'n Diensverskaffer op wie hierdie artikel van toepassing is, moet nie koste van 'n verbruiker vorder vir die verskaffing van goedere of dienste beoog in subartikel (1) nie, tensy—

- (a) die verskaffer of diensverskaffer aan die verbruiker 'n kosteberaming wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, gegee het en die verbruiker daarna die werk gemagtig het; of
  - (b) die verbruiker skriftelik of deur middel van 'n ander aangetekende wyse of vorm—
    - (i) die aanbod van 'n kosteberaming van die hand gewys het, en die werk gemagtig het; of
    - (ii) vooraf enige koste tot 'n bepaalde maksimum gemagtig het, en die bedrag wat gevorder word nie daardie maksimum oorskry nie.
- (3) 'n Diensverskaffer op wie hierdie artikel van toepassing is, moet nie koste van 'n verbruiker vorder vir die opstel van 'n kosteberaming ingevolge subartikel (2)(a) nie, met inbegrip van—
- (a) koste vir die verrigting van enige diagnostiese werk, uitmekaar haal of aanmeekaarsit wat vereis word ten einde 'n kosteberaming op te stel; of
  - (b) enige skade aan of verlies van materiaal of onderdele in die loop van die opstel van 'n kosteberaming,
- tensy die diensverskaffer die prys van die opstel van daardie kosteberaming bekend gemaak het voor die opstelling van die kosteberaming, en die verbruiker dit goedgekeur het.
- (4) Indien 'n verskaffer 'n kosteberaming vir enige diens, of goedere en dienste voorsien het, mag die verskaffer nie van die verbruiker 'n prys vir daardie diens of daardie goedere en dienste vorder wat die kosteberaming oorskry nie, tensy—
- (a) die diensverskaffer die verbruiker van die bykomende beraamde koste in kennis gestel het; en
  - (b) die verbruiker die voortsetting van die werk gemagtig het,
- nadat die kosteberaming gegee is.
- (5) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, 'n monetêre drempel vir die doel van subartikel (1)(a) voorskryf.

### **Verbruiker se reg op afkoeltydperk na direkte bemarking**

- 16.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n transaksie indien artikel 44 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies daarop van toepassing is nie.
- (2) In die mate waarin hierdie artikel op 'n transaksie of ooreenkoms van toepassing is, is dit bykomstig tot en nie ter vervanging van 'n reg om 'n transaksie of ooreenkoms terug te trek wat andersins regtens tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker bestaan nie.
- (3) 'n Verbruiker kan 'n transaksie wat uit direkte bemarking voortspruit, sonder rede of boete terugtrek, deur op skriftelike of ander aangetekende wyse of vorm kennis aan die verskaffer te gee, binne vyf besigheidsdae na die laatste van die datum waarop—
- (a) die transaksie of ooreenkoms aangegaan is; of
  - (b) die goedere wat die onderwerp van die transaksie vorm aan die verbruiker gelewer is.
- (4) 'n Verskaffer moet—
- (a) 'n betaling van die verbruiker ingevolge die transaksie ontvang, teruggee binne 15 besigheidsdae nadat—

- (i) kennisgewing van die terugtrekking ontvang is, indien geen goedere ingevolge die transaksie aan die verbruiker gelever is nie; of
  - (ii) goedere verskaf ingevolge die transaksie van die verbruiker ontvang is; en
- (b) nie poog om 'n betaling ingevolge 'n teruggetrekte transaksie te vorder nie, behalwe soos ingevolge artikel 20(6) toegelaat.

### **Verbruiker se reg op kansellering van vooraf bespreking, plekbespreking of bestelling**

17. (1) Hierdie artikel is nie op 'n konsessie-ooreenkoms of ten opsigte van goedere op spesiale bestelling van toepassing nie.

(2) Behoudens subartikels (3) en (4) het 'n verbruiker die reg om 'n vooraf bespreking, plekbespreking of bestelling vir goedere of dienste wat verskaf moet word, te kanselleer.

(3) 'n Verskaffer wat hom of haar verbind tot of 'n bespreking aanvaar vir die lewering van goedere of dienste op 'n latere datum kan—

- (a) die vooruitbetaling van 'n redelike deposito vereis; en
- (b) 'n redelike koste vir kansellering van die bespreking of bestelling hef, behoudens subartikel (5).

(4) By die toepassing van hierdie artikel is 'n koste onredelik indien dit 'n billike bedrag in die omstandighede oorskry, met inagneming van—

- (a) die aard van die goedere of dienste wat bespreek is;
- (b) die tydperk kennis van kansellering wat deur die verbruiker gegee is;
- (c) die redelike potensiaal vir die diensverskaffer om met ywerige optrede 'n alternatiewe verbruiker tussen die tyd waarop die kennisgewing van kansellering ontvang is en die tyd van die gekanselleerde bespreking te vind; en
- (d) die algemene praktyk van die betrokke bedryf.

(5) 'n Verskaffer mag nie 'n kanselleringfooi ten opsigte van 'n plekbespreking, bespreking of bestelling oplê indien die verbruiker weens die dood of hospitalisering van die persoon vir wie of tot wie se voordeel die plekbespreking, bespreking of bestelling gedoen is, nie in staat is om dit na te kom nie.

### **Verbruiker se reg op keuse of nagaan van goedere**

18. (1) Ondanks enige andersluidende verklaring of kennisgewing, is 'n verbruiker nie verantwoordelik vir enige verlies of skade aan goedere deur 'n verskaffer uitgestal nie, tensy die verlies of skade die gevolg is van die verbruiker se optrede wat op growwe nalatigheid of roekeloosheid, kwaadwillige optrede of kriminele gedrag neerkom.

(2) Indien goedere in oop voorraad uitgestal of daaruit verkoop word, het die verbruiker die reg om enige bepaalde item uit daardie voorraad te kies of te verwerp voordat die transaksie voltooi word.

(3) Indien die verbruiker ingestem het om goedere te koop alleenlik op grond van 'n beskrywing of voorbeeld, of beide, wat deur die verskaffer voorsien is, moet die goedere wat aan die verbruiker gelever word in alle wesentliche opsigte en karaktertrekke



ooreenstem met dit wat 'n gewone, waaksame verbruiker op grond van die beskrywing of op redelike nagaan van die voorbeeld, na gelang van die geval, geregtig sou wees om te verwag.

(4) Indien 'n verskaffing van goedere volgens sowel voorbeeld as beskrywing is, is dit nie voldoende dat enige van die goedere met die voorbeeld ooreenstem indien dit nie ook met die beskrywing ooreenstem nie.

### **Verbruiker se regte ten opsigte van lewering van goedere of verskaffing van diens**

**19.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op—

- (a) die verskaffing van goedere of dienste aan 'n konsessiehouer ingevolge 'n konsessie-ooreenkoms nie; of
- (b) 'n transaksie indien die uitvoering van daardie transaksie deur artikel 46 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies beheer word nie.

(2) Tensy uitdruklik andersins bepaal of verwag in 'n ooreenkoms, is dit 'n versweë voorwaarde vir elke transaksie vir die verskaffing van goedere of dienste dat—

- (a) die verskaffer verantwoordelik is om die goedere te lewer of die dienste te verrig—
  - (i) op die ooreengekome datum en die ooreengekome tyd, as daar is, of andersins binne 'n redelike tyd na die sluiting van die transaksie of ooreenkoms;
  - (ii) by die ooreengekome plek van lewering of verrigting; en
  - (iii) op die koste van die verskaffer, in geval van lewering van goedere; of
- (b) die ooreengekome plek van lewering van goedere of verrigting van dienste die verskaffer se plek van besigheid is, indien die verskaffer een het, en indien nie, die verskaffer se woonplek; en
- (c) goedere wat gelewer moet word bly die verskaffer se risiko totdat die verbruiker lewering daarvan aanvaar het, ooreenkomstig hierdie artikel.

(3) Indien 'n ooreenkoms nie vir 'n spesifieke datum of tyd vir aflewering van goedere of verrigting van dienste voorsiening maak nie, moet die verskaffer nie vereis dat die verbruiker aflewering of verrigting van die dienste op 'n onredelike tyd aanvaar nie.

(4) Die verbruiker word geag die aflewering van goedere te aanvaar het by die vroegste van die volgende omstandighede:

- (a) Wanneer die verbruiker uitdruklik of stilswyend aan die verskaffer kommunikeer dat die verbruiker aflewering van sodanige goedere aanvaar het; of
- (b) wanneer die goedere aan die verbruiker afgelewer is, en—
  - (i) die verbruiker enigiets met betrekking tot die goedere doen wat onbestaanbaar met die verskaffer se eienaarskap daarvan sal wees; of
  - (ii) behoudens subartikel (5), die verbruiker na verloop van 'n redelike tyd die goedere behou sonder om aan die verskaffer te kenne te gee dat die verbruiker aflewering daarvan verwerp het.

(5) Wanneer 'n verskaffer lewering van goedere aan 'n verbruiker aanbied, moet die verskaffer, op versoek, die verbruiker 'n redelike geleentheid bied om daardie goedere na te gaan vir die doel om vas te stel of die verbruiker tevrede is dat die goedere—

- (a) van 'n soort en gehalte is wat redelikerwys in die ooreenkoms beoog is, en die toetse uiteengesit in artikel 18(3) en (4) slaag; en
- (b) redelikerwys ooreenkom met die wesenlike spesifikasies van die spesiale bestelling, in die geval van 'n spesiale bestelling-ooreenkoms.

(6) Indien die verskaffer die lewering van goedere of verrigting van dienste aanbied by 'n plek of op 'n datum of tyd anders as met die verbruiker ooreengekom, kan die verbruiker óf—

- (a) die lewering of verrigting by daardie plek, datum en tyd aanvaar;
- (b) die lewering of verrigting by die ooreengekome plek, op die ooreengekome datum en tyd vereis, indien daardie datum en tyd nog nie verby is nie; of
- (c) die ooreenkoms sonder boete kanselleer, en enige gelewerde goedere of verrigte dienste as ongevraagde goedere of dienste ooreenkomstig artikel 21 hanteer.

(7) Indien die verskaffer 'n groter hoeveelheid goedere as wat die verbruiker ingestem het om te koop, aan die verbruiker lewer, kan die verbruiker óf—

- (a) al die gelewerde goedere verwerp; of
- (b) lewering van die goedere aanvaar, en—
  - (i) die ooreengekome tarief vir die ooreengekome hoeveelheid betaal; en
  - (ii) die oorskot hoeveelheid as ongevraagde goedere ooreenkomstig artikel 21 hanteer.

(8) Indien die verskaffer sommige van die goedere wat die verskaffer ingestem het om te verskaf, vermeng met goedere met 'n ander beskrywing nie in die ooreenkoms beoog nie, aan die verbruiker lewer, kan die verbruiker—

- (a) die lewering van die goedere wat in ooreenstemming met die ooreenkoms is, aanvaar en die res verwerp; of
- (b) al die gelewerde goedere verwerp.

### **Verbruiker se reg op teruggawe van goedere**

**20.** (1) Hierdie artikel is bykomstig tot en nie ter vervanging nie van—

- (a) die reg op teruggawe van onveilige of gebrekkige goedere beoog in artikel 56; of
- (b) enige ander wetlike reg tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker om goedere terug te gee en 'n terugbetaling te ontvang.

(2) Behoudens subartikels (3) tot (6), kan die verbruiker goedere aan die verskaffer teruggee en 'n volle terugbetaling van teenprestasie vir daardie goedere betaal, ontvang, indien die verskaffer—

- (a) goedere aan die verbruiker ingevolge 'n ooreenkoms voortspruitend uit direkte bemerking gelewer het, en die verbruiker daardie ooreenkoms binne die afkoeltydperk ooreenkomstig artikel 16 teruggetrek het;

- (b) goedere wat die verbruiker nie die geleentheid gehad het om voor lewering na te gaan nie, gelewer het, en die verbruiker lewering van daardie goedere vir enige van die redes beoog in artikel 19(5) verwerp het;
  - (c) 'n mengsel van goedere gelewer het, en die verbruiker lewering van enige van daardie goedere, soos beoog in artikel 19(8) geweier het; of
  - (d) goedere beoog om 'n bepaalde doel te dien, aan die verskaffer gekommunikeer soos beoog in artikel 55(3), gelewer het, en binne 10 besigheidsdae na lewering aan die verbruiker die goedere ongeskik vir daardie bepaalde doel bevind is.
- (3) Subartikel (2) is nie van toepassing ten opsigte van goedere nie indien—
- (a) 'n openbare regulasie vir redes van openbare gesondheid of andersins die teruggawe van daardie goedere aan die verskaffer nadat dit aan, of op lasgewing van die verbruiker verskaf is, verbied;
  - (b) die goedere nadat dit aan of op lasgewing van die verbruiker verskaf is, gedeeltelik of heeltemal uitmekaar gehaal is, fisies aangepas is, permanent geïnstalleer is, vasgeheg is aan, aangeheg is aan, aangelas of bygevoeg is by, vermeng of gekombineer is met, of vasgelê is in ander goedere of eiendom.
- (4) Goedere teruggeebaar ingevolge—
- (a) subartikel 2(a) moet op die verbruiker se risiko en onkoste aan die verskaffer teruggegee word; of
  - (b) subartikel 2(b) tot (d) moet op die verskaffer se risiko en onkoste aan die verskaffer teruggegee word,
- binne 10 besigheidsdae na lewering aan die verbruiker.
- (5) By teruggawe van goedere ingevolge hierdie artikel, moet die verskaffer aan die verbruiker die prys vir die goedere betaal, terugbetaal, minus 'n bedrag wat ingevolge subartikel (6) gehef kan word.
- (6) By die vasstelling van die reg van 'n verskaffer om 'n heffing beoog in subartikel (5) op te lê, indien goedere wat ingevolge hierdie artikel aan die verskaffer teruggegee word—
- (a) in die oorspronklike, onoopgemaakte verpakking is, mag die verskaffer nie die verbruiker enige bedrag ten opsigte van die goedere vra nie;
  - (b) in hulle oorspronklike toestand en in die oorspronklike verpakking herverpak is, kan die verskaffer die verbruiker 'n redelike bedrag vra vir—
    - (i) gebruik van die goedere gedurende die tyd wat dit in die verbruiker se besit was, tensy dit goedere is wat gewoonlik deur gebruik verbruik of uitgewis word, en geen sodanige verbruik of uitwissing plaasgevind het nie; of
    - (ii) verbruik of uitwissing van die goedere, tensy daardie verbruik of uitwissing beperk is tot 'n redelike hoeveelheid wat nodig is om vas te stel of die goedere vir die verbruiker aanvaarbaar was; of
  - (c) in enige ander geval kan die verskaffer die verbruiker 'n redelike bedrag vra—
    - (i) soos beoog in paragraaf (b); en
    - (ii) vir herstelkoste wat nodig is om die goedere in gepaste vorm vir hervoorraad te kry, tensy, met inagneming van die aard van die

goedere en die wyse waarop dit verpak is, dit vir die verbruiker nodig was om die verpakking te vernietig om te kon vasstel of die goedere—

- (aa) met die beskrywing of voorbeeld wat voorsien is, ooreenstem, in die geval van goedere wat nie voor lewering deur die verbruiker nagegaan is nie, soos beoog in subartikel (2)(b); of
- (bb) geskik was vir die bedoelde oogmerk, in 'n geval beoog in subartikel (2)(d).

### **Ongevraagde goedere of dienste**

**21.** (1) By die toepassing van hierdie Wet, is goedere of dienste in enige van die volgende omstandighede ongevraagd, behoudens subartikel (2):

- (a) Indien, gedurende direkte bemaking van goedere of dienste, 'n verskaffer of iemand wat namens 'n verskaffer optree, goedere gelaat het by of diens verig het vir 'n verbruiker sonder om betaling daarvoor te vereis of te reël, is daardie goedere of dienste, na gelang van die geval, ongevraagd;
  - (b) indien 'n verbruiker 'n party by 'n ooreenkoms is wat die periodieke lewering van goedere beoog gedurende die bestaan van die ooreenkoms, en—
    - (i) die verskaffer gedurende die loop van daardie ooreenkoms goedere of dienste verskaf wat wesenlik verskil van goedere of dienste voorheen verskaf, in 'n mate nie redelikerwys in die ooreenkoms beoog nie, is die nuwe goedere ongevraagd tensy die verbruiker uitdruklik tot die wesenlike verandering toestem; of
    - (ii) die verskaffer na die beëindiging van daardie ooreenkoms verdere goedere aan die verbruiker lewer, anders as ingevolge 'n ander ooreenkoms of transaksie, is daardie verdere goedere ongevraagde goedere;
  - (c) indien 'n verskaffer goedere lewer of dienste verrig by 'n plek en op 'n datum of tyd anders as ooreengekom, en die verbruiker die lewering of verrigting van dienste verwerp, soos beoog in artikel 19(6), is daardie goedere of dienste ongevraagd;
  - (d) indien 'n verskaffer 'n groter hoeveelheid goedere lewer as wat die verbruiker ingestem het om te koop, is die oorskot goedere ongevraagd tensy die verbruiker die hele lewering verwerp het, soos beoog in artikel 19(7)(a); of
  - (e) indien goedere gelewer is aan, of dienste verrig is vir 'n verbruiker deur of namens 'n verskaffer sonder dat die verbruiker uitdruklik of stilswyend daardie lewering of verrigting versoek het, is daardie goedere of dienste, na gelang van die geval, ongevraagde goedere.
- (2) Ondanks subartikel (1), indien—
- (a) die verskaffer binne 10 besigheidsdae na die lewering van goedere aan 'n verbruiker, die verbruiker in kennis stel dat die goedere foutiewelik gelewer is, word daardie goedere ongevraagd slegs indien die verskaffer

versuim om dit binne 20 besigheidsdae nadat die verbruiker sodanig ingelig is, terug te neem; of

- (b) goedere aan 'n verbruiker gelewer word en—
  - (i) daardie goedere duidelik aan iemand anders geadresseer is en ooglopend verkeerd afgelewer is; of
  - (ii) met inagneming van die omstandighede van die lewering, dit aan 'n gewone waaksame verbruiker sou blyk dat die goedere bedoel was om aan iemand anders afgelewer te word,

word die goedere ongevraagde goedere slegs indien die ontvanger die klaarblyklike verskaffer of die afleweraar in kennis stel dat die goedere verkeerd afgelewer is, en die goedere nie binne die daaropvolgende 20 besigheidsdae teruggeneem word nie.

(3) Indien iemand in besit van goedere beoog in hierdie artikel is—

- (a) moet die persoon nie enige redelike optrede deur die verskaffer of afleweraar om die goedere binne die tyd toegelaat in subartikel (2) terug te neem, frustreer of verhinder nie;
- (b) is die persoon nie verantwoordelik vir enige koste met betrekking tot die terugneem van die goedere of verdere lewering daarvan aan iemand anders nie; en
- (c) is die persoon nie aanspreeklik vir enige verlies of skade aan die goedere gedurende die tyd wat dit in die persoon se besit of beheer is nie, behalwe verlies veroorsaak deur die persoon se opsetlike inmenging met die goedere, as daar is.

(4) Iemand wat versuim om aan subartikel (3)(a) te voldoen, is teenoor die verskaffer of afleweraar, na gelang van die geval, aanspreeklik vir enige bykomstige koste vir die terugname van of skade aan die goedere voorstpruitend uit enigiets gedoen om die regmatige terugname van daardie goedere te frustreer of te verhinder.

(5) Indien iemand in besit van ongevraagde goedere is, kan die persoon—

- (a) die goedere behou; of
- (b) die goedere aan die klaarblyklike verskaffer of afleweraar terugbesorg op die risiko en onkoste van die verskaffer of afleweraar, na gelang van die geval.

(6) Indien iemand op regmatige wyse ongevraagde goedere behou—

- (a) gaan die eiendomsreg in daardie goedere onvoorwaardelik na daardie persoon oor, onderworpe slegs aan 'n reg of geldige aanspraak wat 'n onbetrokke derde party ten opsigte van daardie goedere mag hê; en
- (b) is die persoon wat daardie goedere verskaf of gelewer het aan enige ander persoon aanspreeklik ten opsigte van 'n reg of geldige aanspraak met betrekking tot sodanige goedere.

(7) Iemand is nie verplig om 'n verskaffer vir ongevraagde goedere of dienste, of 'n afleweraar vir die koste van lewering van ongevraagde goedere, te betaal nie.

(8) 'n Verskaffer moet nie 'n eis of aanspraak op 'n reg rig aan, of poog om betaling in te vorder van, 'n verbruiker ten opsigte van koste met betrekking tot ongevraagde goedere in die besit van 'n verbruiker gelaat, of die lewering van sodanige goedere, of ongevraagde dienste verskaf aan of tot voordeel van 'n verbruiker nie, behalwe soos beoog in subartikel (4).

(9) Indien 'n verbruiker 'n betaling aan 'n verskaffer ten opsigte van koste met betrekking tot ongevraagde goedere of dienste of die lewering van sodanige goedere gemaak het, is die verbruiker geregtig daarop om daardie bedrag met rente vanaf die datum waarop dit aan die verskaffer betaal is, te verhaal, ooreenkomstig die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No. 55 van 1975).

## *Deel D*

### *Reg op blootlegging en inligting*

#### **Reg op inligting in gewone en verstaanbare taal**

**22.** (1) Die vervaardiger van 'n kennisgewing, dokument of visuele voorstelling wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet aan 'n verbruiker voorgelê, voorsien of vertoon moet word, moet daardie kennisgewing, dokument of visuele voorstelling voorlê, voorsien of vertoon—

- (a) in die vorm ingevolge hierdie Wet of enige ander wetgewing voorgeskryf, as daar is, vir daardie kennisgewing, dokument of visuele voorstelling; of
- (b) in gewone taal, indien geen vorm vir daardie kennisgewing, dokument of visuele voorstelling voorgeskryf is nie.

(2) By die toepassing van hierdie Wet, is 'n kennisgewing, dokument of visuele voorstelling in gewone taal indien dit redelik is om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n gewone verbruiker van die klas van persone vir wie die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling bedoel is, met gemiddelde geletterdheidsvaardighede en minimale ondervinding as 'n verbruiker van die betrokke goedere of dienste, verwag kan word om die inhoud, betekenis en belang van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling sonder onnodige inspanning te verstaan, met inagneming van—

- (a) die samehang, omvattendheid en konsekwentheid van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling;
- (b) die organisering, vorm en styl van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling;
- (c) die woordeskat, gebruik en sinstruktuur van die kennisgewing, dokument of visuele voorstelling; en
- (d) die gebruik van illustrasies, voorbeelde, opskrifte of ander hulpmiddels om te lees en te verstaan.

(3) Die Kommissie kan riglyne publiseer vir metodes om te beoordeel of 'n kennisgewing, dokument of visuele voorstelling aan die vereistes van subartikel (1)(b) voldoen.

(4) Riglyne ingevolge subartikel (3) gepubliseer, kan vir openbare kommentaar gepubliseer word.

#### **Blootlegging van prys van goedere of dienste**

**23.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n transaksie indien—

- (a) 'n verskaffer 'n kosteberaming met betrekking tot daardie transaksie voorsien het, of die verbruiker afstand gedoen het van sodanige kosteberaming soos beoog in artikel 15 nie; of
  - (b) artikel 43 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies op daardie transaksie van toepassing is nie.
- (2) In hierdie artikel beteken “prys” ook 'n eenheidsprys.
- (3) Behoudens subartikel (4) moet 'n kleinhandelaar nie goedere as te koop uitstal sonder om aan die verbruiker 'n prys met betrekking tot daardie goedere uit te stal nie.
- (4) 'n Kleinhandelaar is nie verplig om 'n prys vir goedere wat oorwegend as 'n vorm van advertensie vir die verskaffer uitgestal word, of vir goedere of dienste in 'n gebied op die verskaffer se perseel waartoe die publiek nie gewoonlik toegang het nie, uit te stal nie.
- (5) 'n Prys word op voldoende wyse aan 'n verbruiker uitgestal, indien daar met betrekking tot bepaalde goedere 'n skriftelike aanduiding van die prys, in die geldeenheid van die Republiek uitgedruk--
- (a) aan- of vasgeheg aan, geskryf, gedruk, gestempel of geplaas op, of andersins op die goedere aangebring is, of op 'n band, kaartjie, bedekking, etiket, verpakking, rol, rak of ander ding in verband met die goedere gebruik of waarop die goedere vir uitstalling gemonteer of vir verkoop uitgestal word;
  - (b) op 'n wyse voorgestel word waarvan redelikerwys afgelei kan word dat die prys voorgestel 'n prys is wat van toepassing op die betrokke goedere of dienste; of
  - (c) met betrekking tot die goedere in 'n katalogus, brosjure, omsendskrywe of soortgelyke vorm van publikasie tot die beskikking van daardie verbruiker, of tot die publiek in die algemeen, gepubliseer is, indien—
    - (i) 'n tyd in die katalogus, brosjure, omsendskrywe of soortgelyke vorm van publikasie gespesifiseer word as die tyd waarna die goedere nie meer teen daardie prys verkoop mag word nie, en daardie tyd nog nie verstryk het nie; of
    - (ii) in enige ander geval, die katalogus, brosjure, omsendskrywe of soortgelyke vorm van publikasie gedateer is, en in die omstandighede redelikerwys nie as verouderd beskou kan word nie.
- (6) Behoudens subartikels (7) tot (10), moet 'n verskaffer nie van 'n verbruiker vereis om 'n prys vir goedere of dienste te betaal—
- (a) wat hoër as die uitgestalde prys vir daardie goedere of dienste is nie; of
  - (b) wat hoër as die laer of laagste prys is wat uitgestal word, indien meer as een prys gelyktydig uitgestal word nie.
- (7) Subartikel (6) is nie van toepassing ten opsigte van die prys van goedere of dienste indien die prys van daardie goedere of dienste deur of ingevolge enige openbare regulasie vasgestel word nie.
- (8) Indien 'n prys wat voorheen uitgestal is ten volle bedek en verberg is deur 'n tweede uitgestalde prys, moet daardie tweede prys as die uitgestalde prys geag word.
- (9) Indien 'n uitgestalde prys 'n onopsetlike en ooglopende fout bevat, word die verskaffer nie daardeur gebind nadat—

- (a) die fout in die uitgestalde prys reggestel is nie; en
- (b) redelike stappe in die omstandighede gedoen is om verbruikers aan wie die foutiewe prys moontlik uitgestal is, van die fout en die korrekte prys in te lig.

(10) 'n Verskaffer is nie aan 'n uitgestalde prys met betrekking tot goedere of dienste gebonde indien 'n ongemagtigde persoon die prys deur die verskaffer uitgestal of gemagtig, verander, geskend, bedek, verwyder of verberg het nie.

(11) Indien, bykomstig tot die uitstalling van 'n prys met betrekking tot goedere of dienste, 'n verskaffer geadverteer het of 'n plakkaat of soortgelyke toestel uitgestal het wat aankondig dat pryse verminder word, sal word of verminder is deur—

- (a) 'n monetêre waarde, in die algemeen of met betrekking tot bepaalde goedere of dienste, moet die uitgestalde prys vir die doel van subartikel (6) geag word die prys te wees wat onmiddellik uitgestal word met betrekking tot die goedere of dienste, minus die aangekondigde monetêre waarde; of
- (b) 'n persentasiewaarde, in die algemeen of met betrekking tot bepaalde goedere of dienste, moet die uitgestalde prys vir die doel van subartikel (6) geag word die prys onmiddellik uitgestal met betrekking tot die goedere of dienste, minus 'n bedrag bepaal deur die vermenigvuldiging van daardie prys met die aangeduide persentasie te wees,

tensy die verskaffer twee of meer pryse onmiddellik op die betrokke goedere of dienste aangebring het, en die verskil tussen die hoogste en laer of laagste van daardie aangebringde pryse gelyk is aan die geadverteerde prysvermindering of soos in die plakkaat aangekondig.

### **Produk-etikettering en handelsbeskrywings**

**24.** (1) By die toepassing van hierdie artikel word 'n handelsbeskrywing op goedere aangebring indien dit—

- (a) op die goedere, of op enige bedekking, etiket of rol waarin of waarop die goedere verpak word, aangebring word, of aan die goedere vasgeheg word;
- (b) saam met of in die nabyheid van die goedere uitgestal word op 'n wyse wat waarskynlik sal lei tot die opvatting dat die goedere deur daardie beskrywing aangewys of beskryf word; of
- (c) in 'n kenteken, advertensie, katalogus, brosjure, omsendskrywe, wynlys, faktuur, sakebrief, sakekoerant of ander kommersiële kommunikasie op grond waarvan 'n verbruiker die goedere kan versoek of bestel, voorkom.

(2) Iemand moet nie—

- (a) wetend aan goedere 'n handelsbeskrywing aanbring wat waarskynlik die verbruiker stilswyend of uitdruklik ten opsigte van enige saak in daardie handelsbeskrywing sal mislei nie; of
- (b) 'n handelsbeskrywing of handelsmerk aan goedere aangebring verander, skend, bedek, verwyder of verberg op 'n wyse wat bereken is om verbruikers te mislei nie.

(3) 'n Kleinhandelaar van goedere moet—



- (a) nie aanbied om bepaalde goedere te verskaf, dit uitstal of verskaf indien die kleinhandelaar weet, redelikerwys kan vasstel of rede het om te vermoed dat—
    - (i) ’n handelsbeskrywing aan daardie goedere aangebring waarskynlik die verbruiker stilswyend of uitdruklik ten opsigte van enige saak in daardie handelsbeskrywing sal mislei nie; of
    - (ii) ’n handelsbeskrywing of handelsmerk aan daardie goedere aangebring, soos beoog in subartikel (2)(b) verander is nie; en
  - (b) ten opsigte van goedere onder die kleinhandelaar se beheer, redelike stappe doen om enigiemand anders te verhoed om enigiets beoog in paragraaf (a) of subartikel (2)(b) te doen.
- (4) Die Minister kan—
- (a) kategorieë goedere wat ’n handelsbeskrywing daarop aangebring moet hê soos beoog in subartikel (5);
  - (b) die reëls wat ooreenkomstig ’n internasionale ooreenkoms gebruik moet word om die land van oorsprong van goedere of komponente van goedere te bepaal; en
  - (c) die inligting wat in ’n handelsbeskrywing ingesluit moet word, vanuit die kategorieë inligting beoog in die omskrywing van “handelsbeskrywing” in artikel 1,

voorskryf.

(5) Die produsent of invoerder van goedere wat ingevolge subartikel (4) voorgeskryf is, moet ’n handelsbeskrywing op daardie goedere aanbring wat—

- (a) die land van oorsprong van die goedere; en
- (b) enige ander voorgeskrewe inligting,

bekend maak.

(6) Enigiemand wat voorgeskrewe goedere, produseer, verskaf, invoer of verpak moet op, of tesame met die verpakking van daardie goedere, ’n kennisgewing op die voorgeskrewe wyse en vorm vertoon wat die aanwesigheid van enige geneties gewysigde bestanddele of komponente van daardie goedere ooreenkomstig die toepaslike regulasies bekend maak.

### **Blootlegging van herboude of grys-mark goedere**

**25.** (1) Iemand wat aanbied of toestem om goedere te verskaf of dit verskaf, wat—

- (a) opgeknep, herbou of hervervaardig is; en
- (b) wat die handelsmerk van die oorspronklike produsent of verskaffer dra,

moet ’n opvallende kennisgewing op daardie goedere aanbring wat duidelik vermeld dat dit opgeknep, herbou of hervervaardig is, na gelang van die geval.

(2) Iemand wat goedere bemark wat ’n handelsmerk dra, maar wat sonder die toestemming of lisensie van die geregistreerde eienaar van daardie handelsmerk ingevoer is, moet ’n opvallende kennisgewing op daardie goedere op die voorgeskrewe wyse en vorm aanbring.

### **Aantekening van verkope**

- 26.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op 'n transaksie indien—
- (a) artikel 43 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies op daardie transaksie van toepassing is nie; of
  - (b) die transaksie ingevolge subartikel (3) vrygestel is nie.
- (2) 'n Verskaffer van goedere of dienste moet 'n geskrewe rekord van elke transaksie aan die verbruiker aan wie die goedere of dienste verskaf word, voorsien.
- (3) Die rekord in subartikel (2) beoog, moet minstens die volgende inligting bevat:
- (a) Die verskaffer se volle naam, of geregistreerde besigheidsnaam, en BTW registrasienommer, as daar is;
  - (b) die adres van die perseel waarby of waarvandaan die goedere of dienste verskaf is;
  - (c) die datum waarop die transaksie aangegaan is;
  - (d) 'n naam of beskrywing van die goedere of dienste verskaf of wat verskaf gaan word;
  - (e) die eenheidsprys van bepaalde goedere of dienste verskaf of wat verskaf moet word;
  - (f) die hoeveelheid van bepaalde goedere of dienste verskaf of wat verskaf moet word;
  - (g) die totale prys van die transaksie, voor enige toepaslike belastings;
  - (h) die bedrag van toepaslike belastings; en
  - (i) die totale prys van die transaksie, met inbegrip van toepaslike belastings.
- (4) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, kategorieë goedere of dienste, of omstandighede van bedryf, van die toepassing van subartikels (2) en (3) vrystel.

### **Blootlegging deur tussengangers**

- 27.** (1) 'n Tussenganger moet—
- (a) voorgeskrewe inligting bekend maak aan—
    - (i) enigiemand vir wie die tussenganger versoek of instem om ten opsigte van die verkoop van enige eiendom of dienste te verteenwoordig, of van wie die tussenganger enige eiendom ontvang vir die doel om dit te koop aan te bied; en
    - (ii) enigiemand van wie die tussenganger 'n aanbod versoek, of aan wie die tussenganger aanbied om die volgende te verskaf of dit verskaf—
      - (aa) 'n diens wat deur 'n derde persoon verrig moet word; of
      - (bb) enige goedere of eiendom wat aan 'n derde persoon behoort; en
  - (b) die voorgeskrewe aantekeninge van alle verhoudings en transaksies beoog in hierdie artikel, hou.
- (2) Subartikel (1) is nie van toepassing op 'n tussenganger wat—
- (a) die eksekuteur of ander administrateur van 'n bestorwe boedel, ten opsigte van eiendom in daardie boedel is nie;
  - (b) die likwidateur van 'n insolvente boedel, ten opsigte van eiendom in daardie boedel is nie; of

- (c) 'n trustee ten opsigte van trusteiendom is nie.
- (3) Die Minister kan
- (a) die inligting, met inbegrip van die wyse en vorm van lewering van sodanige inligting wat 'n tussenganger of verskillende kategorieë tussengangers ingevolge hierdie artikel moet voorsien; en
- (b) enige aantekeninge, met inbegrip van die vorm en inhoud van sodanige aantekeninge, wat 'n tussenganger of verskillende kategorieë tussengangers ingevolge hierdie artikel moet hou,
- voorskryf.

### **Identifisering van afleweraars, installeerders en andere**

**28.** Wanneer ook al iemand persoonlik by direkte bemarking op die perseel van 'n verbruiker betrokke is, of dienste vir 'n verbruiker op so 'n perseel verrig, of goedere aflewer aan of installeer vir 'n verbruiker by so 'n perseel, moet daardie persoon—

- (a) 'n sigbare kenteken of soortgelyke identifikasietoestel wat aan die voorgeskrewe standaard voldoen, dra of vertoon; of
- (b) op die verbruiker se versoek gepaste identifikasie voorsien.

### ***Deel E***

#### ***Reg op billike en verantwoordelike bemarking***

### **Algemene standaard vir bemarking van goedere of dienste**

**29.** 'n Produsent, invoerder, verspreider, kleinhandelaar of diensverskaffer moet nie goedere of dienste bemark nie—

- (a) op 'n wyse wat redelik waarskynlik 'n vals of misleidende voorstelling betreffende daardie goedere of dienste, soos beoog in artikel 41, sal impliseer; of
- (b) op 'n wyse wat enigsins misleidend, bedrieglik of oneerlik is, met inbegrip van ten opsigte van—
- (i) die aard, eienskappe, voordele of gebruike van die goedere of dienste;
- (ii) die wyse of voorwaardes waarop daardie goedere of dienste verskaf kan word;
- (iii) die prys waarteen die goedere verskaf kan word, of die bestaan van, of verhouding van die prys met 'n vorige prys of mededinger se prys vir vergelykbare of soortgelyke goedere of dienste;
- (iv) die borg van enige geleentheid; of
- (v) enige ander wesentlike aspek van die goedere of dienste.

### **Lokaas bemarking**

**30.** (1) 'n Verskaffer moet nie goedere of dienste adverteer as beskikbaar teen 'n bepaalde prys op 'n wyse wat daartoe kan lei dat verbruikers mislei of onder 'n vals indruk gebring word ten opsigte van enige aspek met betrekking tot die werklike beskikbaarheid van daardie goedere of dienste van daardie verskaffer, teen daardie geadverteerde prys nie.

(2) Indien 'n verskaffer bepaalde goedere of dienste as beskikbaar teen 'n spesifieke prys adverteer, en die advertensie stel uitdruklik 'n beperking ten opsigte van die beskikbaarheid van daardie goedere of dienste van daardie verskaffer teen daardie prys, moet die verskaffer daardie goedere of dienste teen daardie prys beskikbaar stel, in die mate van die uitdruklike beperkings.

(3) Dit is 'n verweer teen beweerde versuim om aan subartikel (1) of (2) te voldoen indien—

- (a) die verskaffer aangebied het om dieselfde of ekwivalente goedere of dienste as wat geadverteer is, binne 'n redelike tyd, in 'n redelike hoeveelheid, en teen die geadverteerde prys, te verskaf of iemand anders te verkry om dit te verskaf; en
- (b) die verbruiker—
  - (i) op onredelike wyse daardie aanbod van die hand gewys het, of
  - (ii) die aanbod aanvaar het, en die verskaffer die goedere of dienste aldus aangebied en aanvaar, verskaf het of iemand anders verkry het om dit te verskaf.

### **Veto-opsie bemerking**

**31.** (1) 'n Verskaffer moet nie—

- (a) goedere of dienste bevorder;
- (b) aanbied om 'n ooreenkoms vir die verskaffing van goedere of dienste aan te gaan of te verander; of
- (c) iemand oorhaal om goedere of dienste te aanvaar of so 'n ooreenkoms aan te gaan of te verander nie,

op die grondslag dat die goedere of dienste verskaf moet word, of die ooreenkoms of verandering outomaties tot stand sal kom, tensy die verbruiker sodanige aanbod of oorhaling van die hand wys.

(2) 'n Ooreenkoms wat voorgee aangegaan te wees as gevolg van 'n aanbod of oorhaling beoog in subartikel (1), is nietig.

(3) 'n Verandering van 'n ooreenkoms wat voorgee aangegaan te wees as gevolg van 'n aanbod of oorhaling beoog in subartikel (1) is nietig.

### **Direkte bemerking aan verbruikers**

**32.** (1) Iemand wat goedere of dienste direk bemark, en wat 'n transaksie of ooreenkoms met 'n verbruiker aangaan, moet die verbruiker op die voorgeskrewe wyse en vorm inlig van die reg om daardie ooreenkoms terug te trek, soos in artikel 16 uiteengesit.

(2) Indien iemand wat goedere soos beoog in subartikel (1) bemark, goedere by die verbruiker gelaat het sonder om betaling daarvoor te eis of te reël, is daardie goedere ongevraagde goedere waarop artikel 21 van toepassing is.

### **Katalogus bemarking**

**33.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op—

- (a) 'n konsessie-ooreenkoms; of
- (b) 'n transaksie indien Hoofstuk 7 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies daarop van toepassing is.

(2) Hierdie artikel is van toepassing op 'n ooreenkoms vir die verskaffing van goedere of dienste wat nie persoonlik aangegaan word nie, met inbegrip van 'n ooreenkoms wat—

- (a) indien die kontak deur die verbruiker geïnisieer word, telefonies; of
- (b) deur middel van posbestelling of faksimilee,

of op enige soortgelyke wyse aangegaan word, waarin, ten opsigte van die goedere, die verbruiker nie die geleentheid het om die goedere wat die onderwerp van die transaksie is, voor die aangaan van die ooreenkoms te inspekteer nie.

(3) Voordat 'n ooreenkoms of transaksie aangegaan word, moet 'n verskaffer die volgende inligting op 'n gepaste wyse aan 'n verbruiker bekend maak, met inagneming van die wyse waarop die verskaffer en verbruiker tydens die aangaan van die transaksie gekommunikeer het:

- (a) Die verskaffer se naam en lisensie of registrasienommer, as daar is;
- (b) die adres van die verskaffer se fisiese besigheidspersoneel en verwante kontakbesonderhede;
- (c) die inligting van aangetekende verkope deur artikel 26 vereis;
- (d) die geldeenheid waarin die ooreengekome bedrae betaalbaar is;
- (e) die verskaffer se leweringsreëlings, met inbegrip van—
  - (i) die verskeper se identiteit;
  - (ii) die wyse van vervoer; en
  - (iii) die plek van lewering aan die verbruiker;
- (f) die verskaffer se kansellasie-, teruggee-, omruil- en terugbetalingsbeleid, as daar is;
- (g) die wyse en vorm waarop 'n klagte gelê kan word; en
- (h) enige ander voorgeskrewe inligting.

### **Handelskoepons en soortgelyke promosies**

**34.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op—

- (a) 'n konsessie-ooreenkoms;
- (b) 'n lojaliteitsprogram, lojaliteitskrediet of -toekenning ingevolge artikel 35 gereguleer; of
- (c) 'n promosiekompetisie, soos omskryf en gereguleer ingevolge artikel 36.

(2) In hierdie artikel beteken “promosie-aanbod” 'n aanbod of belofte, op enige wyse uitgedruk, van 'n prys, beloning, geskenk, gratis goedere of diens, prysvermindering of -korting, vermeerdering van hoeveelheid of verbetering van kwaliteit van goedere of

dienste, ongeag daarvan of die aanvaarding van die aanbod afhang van die aangaan van 'n ander transaksie deur die aanbodontvanger.

(3) Iemand moet nie 'n promosie-aanbod maak met die bedoeling om—

- (a) dit nie te vervul nie; of
- (b) op 'n ander wyse as aangebied, te vervul nie.

(4) 'n Dokument wat 'n promosie-aanbod uiteensit, moet duidelik—

- (a) die aard van die prys, beloning, geskenk, gratis goedere of diens, prysvermindering of –korting, vermeerdering van hoeveelheid of verbetering van kwaliteit van goedere of dienste, of ander afslag of gratis ding wat aangebied word;
- (b) die goedere of dienste waarop die aanbod betrekking het;
- (c) die stappe van 'n verbruiker vereis om die aanbod te aanvaar of die voordeel van die aanbod te ontvang; en
- (d) die besonderhede van 'n persoon, van wie, die plek waar, en die datum en tyd waarop die verbruiker die prys, beloning, geskenk, gratis goedere of diens, prysvermindering of –korting, vermeerdering van hoeveelheid of verbetering van kwaliteit van goedere of dienste, of ander afslag of gratis ding kan ontvang,

verklaar.

(5) Behoudens subartikel (6) moet iemand wat 'n promosie-aanbod maak of borg—

- (a) verseker dat die verskaffing van die bepaalde prys, beloning, geskenk, gratis of prysverminderde goedere of diens, of die kapasiteit om verbeterde gehalte of diens te voorsien, voldoende is om al die eise wat redelikerwys verwag kan word om op die aanbod te volg, te akkommodeer;
- (b) nie die kapasiteit om sodanige goedere of dienste in reaksie op aanvaarding van die aanbod te verskaf, beperk of inperk op 'n ander grondslag as dat dit op sodanige verskaffing van toepassing is in ruil vir enige ander vorm van teenprestasie nie;
- (c) nie van die verbruiker vereis om 'n minderwaardige gehalte van goedere of dienste te aanvaar as wat algemeen aan 'n ander verbruiker wat op dieselfde datum 'n ander vorm van teenprestasie aanbied, beskikbaar is nie; en
- (d) nie 'n geldelike heffing vir die administrasie, prosessering of hantering van 'n transaksie ten opsigte waarvan die verbruiker 'n handelskoepon aanbied, oplê nie.

(6) Dit is 'n verweer teen 'n beweerde versuim om aan subartikel (5)(a) te voldoen indien die verskaffer aangebied het om vergelykbare goedere of dienste van die betrokke soort aan 'n verbruiker te verskaf, of om iemand anders te verkry om dit te verskaf, om aan die verbruiker se aanvaarding van die promosie-aanbod te voldoen, en die verbruiker—

- (a) die verskaffer se aanbod aanvaar, en die verskaffer die goedere of dienste so aangebied en aanvaar, verskaf het of iemand anders verkry het om dit te verskaf; of
- (b) op onredelike wyse die verskaffer se aanbod van die hand wys.

### **Klandisie lojaliteitsprogramme**

**35.** (1) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling, ooreenkoms of kennisgewing, is lojaliteitskrediete of –toekennings vir alle doeleindes van hierdie Wet 'n wettige betaalmiddel wanneer dit as teenprestasie vir goedere of dienste, of beoogde transaksie, ingevolge daardie lojaliteitsprogram aangebied of voorgelê word.

(2) Iemand moet nie deelname aan 'n lojaliteitsprogram, of 'n lojaliteitskrediet of –toekenning aanbied met die bedoeling om—

- (a) dit nie te voorsien nie; of
  - (b) dit op 'n ander manier as waarop dit aangebied is, te voorsien nie.
- (3) 'n Dokument wat 'n aanbod beoog in subartikel (2) uiteensit, moet duidelik—
- (a) die aard van die program, krediet of toekenning wat aangebied word;
  - (b) die goedere of dienste waarop die aanbod betrekking het;
  - (c) die stappe van 'n verbruiker vereis om aan die program deel te neem of om 'n voordeel ingevolge die program te kan ontvang; en
  - (d) die persoon van wie, die plek waar, en die datum of tyd waarop die verbruiker toegang tot die program, of tot enige lojaliteitskrediet of –toekennings ingevolge die program kan kry,

verklaar.

(4) Behoudens subartikels (5) en (6) moet die borg van 'n lojaliteitsprogram, of 'n verskaffer wat aangebied of gewillig is om lojaliteitskrediete of –toekennings as teenprestasie of in ruil vir bepaalde goedere of dienste te aanvaar—

- (a) verseker dat die voorraad van daardie bepaalde goedere of dienste wat te eniger tyd beskikbaar is, voldoende is om alle redelikerwys verwagte eise vir daardie goedere of dienste in ruil vir lojaliteitskrediete of –toekennings te kan akkommodeer;
- (b) nie die kapasiteit om daardie bepaalde goedere of dienste in ruil vir sodanige krediete of toekennings te verskaf, beperk of inperk op enige ander grondslag as dat dit op sodanige verskaffing van toepassing is in ruil vir enige ander vorm van teenprestasie nie;
- (c) die voorlê van genoegsame lojaliteitskrediete of –belonings as voldoende teenprestasie vir die prys van daardie bepaalde goedere of dienste aanvaar, indien hy of sy op daardie tydstip die kapasiteit beskikbaar het vir verskaffing in ruil vir enige ander vorm van teenprestasie;
- (d) nie vereis dat die verbruiker 'n minderwaardige gehalte van daardie bepaalde goedere of dienste aanvaar as dit wat algemeen aan enige ander verbruiker beskikbaar is wat op daardie datum 'n ander vorm van teenprestasie aanbied nie;
- (e) nie enige geldelike heffing ten opsigte van die administrasie, prosessering, of hantering van sodanige transaksie oplê indien daar van die verbruiker vereis word om 'n periodieke fooi te betaal om 'n lid van die program te bly nie; en
- (f) nie vereis dat die verbruiker enige ander goedere of dienste in verband met daardie transaksie aankoop nie.

(5) 'n Borg van 'n lojaliteitsprogram of 'n verskaffer van goedere of dienste wat lojaliteitskrediete of –toekennings as teenprestasie vir bepaalde goedere of dienste

aanvaar, kan 'n gedeeltelike of volledige inperking op die beskikbaarheid van sodanige goedere of dienste in ruil vir lojaliteitskrediete of -toekennings gedurende 'n spesifieke tydperk oplê, indien die borg van die program op direkte of indirekte wyse skriftelike kennisgewing van ten minste 20 besigheidsdae voor die begin van daardie tydperk aan die lede van daardie program gee, maar die totaal van alle sodanige tydperke in 'n kalenderjaar moet nie 90 dae oorskry nie.

(6) Dit is 'n verweer teen 'n beweerde versuim om aan subartikel (4)(a) te voldoen indien die verskaffer aangebied het om vergelykbare goedere of dienste van die betrokke soort aan 'n verbruiker te verskaf, of om iemand anders te verkry om dit te verskaf, om aan die verbruiker se versoek te voldoen, vir geen teenprestasie meer as die geadverteerde prys in lojaliteitstoekennings uitgedruk, en die verbruiker—

- (a) die verskaffer se aanbod aanvaar, en die verskaffer die goedere of dienste so aangebied en aanvaar, verskaf het of iemand anders verkry het om dit te verskaf; of
- (b) op onredelike wyse die verskaffer se aanbod van die hand wys.

### Reklamekompisies

36. (1) In hierdie artikel beteken—

- (a) **“deelnemer”** iemand wat inskryf, meeding in of andersins geregtig is om 'n reklamekompisie te wen;
- (b) **“promotor”** iemand wat direk of indirek 'n reklamekompisie bevorder, borg, organiseer of hou, of tot wie se voordeel sodanige kompisie bevorder, geborg, georganiseer of gehou word;
- (c) **“prys”** ook 'n beloning, geskenk, gratis goedere of diens, prysvermindering of -toegewing, vermeerdering van die kwantiteit of verbetering van die gehalte van goedere of dienste, of ander afslag- of gratis ding; en
- (d) **“reklamekompisie”** 'n kompisie, spel, skema, reëling, stelsel, plan of toestel vir die verspreiding van pryse deur loting of toeval indien—
  - (i) dit in die gewone loop van besigheid gehou word met die doel om 'n produsent, verspreider, verskaffer of assosiasie van sodanige persone, of die verkoop van goedere of dienste te bevorder; en
  - (ii) 'n prys wat aangebied word die drempel voorgeskryf ingevolge subartikel (11) oorskry, ongeag of daar van 'n deelnemer vereis word om 'n vaardigheid of vermoë te demonstreer voordat 'n prys toegeken word;.

(2) Iemand moet nie direk of indirek iemand anders in kennis stel dat 'n deelnemer—

- (a) 'n kompisie gewen het, indien—
  - (i) geen kompisie in werklikheid gehou is nie;
  - (ii) die persoon nie in werklikheid die kompisie gewen het nie;
  - (iii) die prys vir daardie kompisie aan 'n voorheen onbekende voorwaarde onderworpe is nie; of
  - (iv) van die persoon vereis word om verdere teenprestasie vir die prys aan te bied, nadat die uitslag van die kompisie aangekondig is nie; of



- (b) 'n reg op 'n prys het—
  - (i) waarop die persoon in werklikheid nie 'n reg het nie;
  - (ii) indien die prys aan alle soortgelyk geplaasde persone of klas persone in algemeen beskikbaar was of aangebied is nie; of
  - (iii) indien van die persoon vereis word om verdere teenprestasie vir die prys aan te bied of om bepaalde goedere of dienste te koop, voordat hy of sy geregtig is om die prys te ontvang nie.
- (3) Die promotor van 'n reklamekompetiesie—
  - (a) moet nie vereis dat enige teenprestasie deur of namens 'n deelnemer aan die reklamekompetiesie betaal word nie, behalwe die redelike koste van posgeld of om andersins 'n inskrywingsvorm of –toestel te versend nie;
  - (b) moet nie 'n prys in 'n kompetisie toeken aan—
    - (i) 'n wenner van die kompetisie indien dit onwettig is om daardie goedere of dienste aan daardie wenner te verskaf nie, maar hierdie subparagraaf verhoed nie die toekenning van 'n prys aan iemand bloot omdat daardie persoon se reg om die prys te besit of te gebruik, beperk of gereguleer word deur, of andersins onderworpe is aan, 'n openbare regulasie nie; of
    - (ii) enigiemand wat—
      - (aa) 'n direkteur, lid, vennoot, werknemer of agent van, of konsultant vir die promotor of iemand anders wat op direkte of indirekte wyse die promotor beheer of deur die promotor beheer word; of
      - (bb) 'n verskaffer van goedere of dienste in verband met daardie kompetisie, is nie; en
  - (c) moet—
    - (i) voor die aanvang van die kompetisie kompetisiereëls opstel;
    - (ii) die kompetisiereëls gratis en op versoek aan die Kommissie en aan 'n deelnemer beskikbaar stel; en
    - (iii) 'n afskrif van die kompetisiereëls vir die voorgeskrewe tydperk na die einde van die kompetisie behou.
- (4) Vir groter sekerheid by die toepassing van subartikel (3)(a), maar sonder om die algemene strekking van daardie paragraaf te beperk, word 'n promotor geag teenprestasie ten opsigte van 'n reklamekompetiesie te vereis of ontvang het indien—
  - (a) van 'n deelnemer vereis word om teenprestasie, op direkte of indirekte wyse, te betaal vir die geleentheid om aan die kompetisie deel te neem, vir toegang tot die kompetisie of vir 'n toestel waardeur iemand aan die kompetisie kan deelneem; of
  - (b) deelname aan die reklamekompetiesie die aankoop van goedere of dienste vereis, en die prys van daardie goedere of dienste meer is as die prys, uitgesonderd afslagte, wat gewoonlik vir daardie of soortgelyke goedere of dienste gevra word sonder die geleentheid om aan 'n reklamekompetiesie deel te neem.
- (5) 'n Aanbod om aan 'n reklamekompetiesie deel te neem, moet duidelik—
  - (a) die voordeel of kompetisie waarop die aanbod betrekking het;

- (b) die stappe van iemand vereis om die aanbod te aanvaar of aan die kompetisie deel te neem;
  - (c) die grondslag waarop die uitslae van die kompetisie bepaal sal word;
  - (d) die sluitingsdatum vir die kompetisie;
  - (e) die medium waardeur die uitslae van die kompetisie bekend gemaak sal word; en
  - (f) die persoon van wie, die plek waar, en die datum en tyd waarop—
    - (i) iemand ’n afskrif van die kompetisiereëls kan bekom; en
    - (ii) ’n suksesvolle deelnemer ’n prys kan ontvang,verklaar.
- (6) Daar kan aan die vereistes van subartikel (5) voldoen word óf—
- (a) direk deur enige medium waardeur iemand aan ’n reklamekompetisie deelneem;
  - (b) op ’n dokument wat enige medium beoog in paragraaf (a) vergesel; of
  - (c) in ’n advertensie wat—
    - (i) gedurende die tydperk en deur die hele gebied waarin die reklamekompetisie gehou word, gepubliseer word; en
    - (ii) aandag vestig op en duidelik geassosieer word met die reklamekompetisie.
- (7) Die reg om aan ’n reklamekompetisie deel te neem, vestig ten volle in iemand onmiddellik wanneer—
- (a) aan die voorwaardes wat vereis word om daardie reg te verdien, voldoen is; en
  - (b) besit of beheer van die medium, as daar is, waardeur iemand aan daardie reklamekompetisie kan deelneem, verkry is.
- (8) Die reg op ’n voordeel of die reg wat aan iemand toegeken word as gevolg van daardie persoon se deelname aan ’n reklamekompetisie, vestig ten volle onmiddellik by die bepaling van die uitslae van die kompetisie.
- (9) ’n Reg beoog in subartikel (7) of (8) moet nie—
- (a) aan ’n verdere voorwaarde onderworpe gestel word nie; of
  - (b) afhang van iemand se—
    - (i) betaling aan die promotor van ’n teenprestasie vir die prys nie; of
    - (ii) voldoening aan verdere vereistes behalwe dié wat ingevolge subartikel (5) gestipuleer word nie.
- (10) Artikel 35(5), saamgelees met die veranderinge wat deur die samehang vereis word, is in gelyke mate van toepassing ten opsigte van ’n prys of reg op ’n prys aan iemand toegeken as gevolg van daardie persoon se deelname aan ’n reklamekompetisie.
- (11) Die Minister kan—
- (a) ’n monetêre drempel vir die doel van uitsluiting van kompetisies met pryse van lae waarde van die omskrywing van “reklamekompetisie”;
  - (b) minimum standaarde en vorms vir die hou van aantekeninge wat met reklamekompetisies geassosieer word; en
  - (c) oudit- en verslaggewingsvereistes ten opsigte van reklamekompetisies, voorskryf.

#### **Alternatiewe werkskemas**

**37.** (1) Iemand moet nie 'n vals voorstelling maak ten opsigte van die beskikbaarheid, of mate van beskikbaarheid, werklike of potensiële winsgewendheid, risiko of ander wesenlike aspek van die werk, besigheid of aktiwiteit betrokke by die reëling van 'n aktiwiteit met winsoogmerk ingevolge waarvan een persoon—

- (a) ander persone uitnooi, versoek of vereis om die werk, besigheid of aktiwiteit van hulle huise af te bedryf nie;
  - (b) aan andere voorstel dat dit in 'n groot mate uitvoerbaar is om die werk, besigheid of aktiwiteit van hulle huise af te bedryf nie; of
  - (c) ander persone uitnooi, versoek of vereis om 'n werk, besigheid of aktiwiteit te verrig, geld te belê, of 'n werk, besigheid of aktiwiteit in assosiasie met die belegging van geld, te verrig nie.
- (2) 'n Advertensie wat 'n aangeleentheid beoog in subartikel (1) bevorder, moet—
- (a) deur 'n waarskuwende verklaring in die voorgeskrewe bewoording en vorm vergesel word, wat die onsekerheid bekend maak van die mate van—
    - (i) beskikbare werk, besigheid of aktiwiteit; en
    - (ii) inkomste of ander voordeel wat bekom kan word;
  - (b) minstens die volgende inligting bekend maak:
    - (i) Die volle naam, of geregistreerde besigheidsnaam, van die persoon wat die aangeleentheid bevorder, en die adres en kontaknommers van daardie persoon se primêre plek van besigheid dryf; en
    - (ii) die aard van die werk, besigheid, aktiwiteit of belegging.

(3) Iemand moet nie 'n advertensie beoog in subartikel (2) plaas, behalwe ooreenkomstig die vereistes van hierdie artikel nie.

(4) Iemand wat enigiets beoog in subartikel (1)(a) tot (c) doen, moet nie vir iemand 'n fooi vra ten opsigte van die bevordering of die bedryf van sodanige werk, besigheid, aktiwiteit of belegging nie, behalwe in die mate waarin die persoon van wie die fooi gevra word, aangewys is en die beoogde werk, besigheid of aktiwiteit verrig het, of die beoogde belegging gemaak of ontvang het.

### **Verkoping deur verwysing**

**38.** (1) Iemand moet nie goedere of dienste bevorder, aanbied, verskaf, instem om te verskaf, of 'n verbruiker oorhaal om goedere of dienste te aanvaar op die voorstelling dat die verbruiker 'n terugbetaling, kommissie of ander voordeel sal ontvang indien—

- (a) die verbruiker gevolglik—
  - (i) aan die verskaffer die name van verbruikers gee; of
  - (ii) die verskaffer andersins bystaan om goedere of dienste aan ander verbruikers te verskaf; en
- (b) daardie terugbetaling, kommissie of ander voordeel afhanklik is van 'n gebeurtenis wat plaasvind nadat die verbruiker tot die transaksie toegestem het nie.

(2) 'n Verklaring deur 'n verbruiker, hetsy in 'n ooreenkoms of andersins, ten effekte dat die verbruiker oorwegend deur die waarde van die goedere of dienste eerder as deur die terugbetaling, kommissie of voordeel gemotiveer is om 'n transaksie beoog in

subartikel (1) aan te gaan, is nie 'n verweer teen 'n bewering dat iemand subartikel (1) oortree het nie.

(3) Hierdie artikel is nie op 'n konsessie-ooreenkoms van toepassing nie.

### **Ooreenkomste met handelingsonbevoegde persone**

**39.** (1) 'n Ooreenkoms om 'n transaksie aan te gaan, of vir die verskaffing van goedere of dienste, aan of op lasgewing van 'n verbruiker—

- (a) is nietig indien die verbruiker onderworpe is aan 'n bevel van 'n bevoegde hof wat bepaal dat daardie persoon verstandelik onbevoeg is, en die verskaffer geweet het, of redelikerwys kon vasgestel het, dat die verbruiker die onderwerp van so 'n bevel was; of
- (b) is na die verbruiker se keuse vernietigbaar indien—
  - (i) die verbruiker ten tyde van die aangaan van die ooreenkoms 'n ongeëmansipeerde minderjarige was;
  - (ii) die ooreenkoms sonder die toestemming van 'n volwassene wat vir daardie minderjarige verantwoordelik is, aangegaan is; en
  - (iii) die ooreenkoms nie geratifiseer is nie deur óf—
    - (aa) 'n volwassene wat vir daardie minderjarige verantwoordelik is; of
    - (bb) die verbruiker nadat hy of sy geëmansipeer is of volwassenheid bereik het.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op 'n ooreenkoms indien die verbruiker, of enigiemand wat namens die verbruiker optree, op direkte of indirekte wyse, deur handeling of versuim—

- (a) die verskaffer oorgehaal het om te glo dat die verbruiker onbelemmerde handelingsbevoegdheid het om te kontrakteer; of
- (b) gepoog het om die feit dat die verbruiker nie onbelemmerde handelingsbevoegdheid het om te kontrakteer nie, te verberg of onderdruk.

## ***Deel F***

### ***Reg op billike en eerlike verhandeling***

#### **Gewetenlose gedrag**

**40.** (1) 'n Verskaffer of 'n agent van die verskaffer moet nie fisieke geweld, dwang, onbehoorlike beïnvloeding, druk, vryheidsberowing of teistering, onbillike taktiek of enige ander soortgelyke gedrag teenoor 'n verbruiker in verband met enige—

- (a) bemarking van goedere of dienste;
- (b) verskaffing van goedere of dienste aan 'n verbruiker;
- (c) onderhandeling, aangaan, uitvoering of afdwinging van 'n ooreenkoms om goedere of dienste aan 'n verbruiker te verskaf;
- (d) eis vir, of invordering van, betaling vir goedere of dienste deur 'n verbruiker; of

(e) terugneem van goedere van 'n verbruiker, gebruik nie.

(2) Benewens gedrag in subartikel (1) beoog, is dit gewetenloos vir 'n verskaffer om wetend gebruik te maak van die feit dat 'n verbruiker wesenlik nie in staat was om die verbruiker se eie belange weens fisiese of geestelike gestremdheid, ongeletterdheid, onkunde, onvermoë om die taal van 'n ooreenkoms te verstaan, of enige ander soortgelyke faktor te beskerm nie.

(3) Artikel 51 is van toepassing op hofverrigtinge betreffende hierdie artikel.

### **Vals, misleidende of bedrieglike voorstellings**

**41.** (1) Met betrekking tot die bemarking van goedere of dienste, moet die verskaffer nie, deur woorde of gedrag—

- (a) op direkte of indirekte wyse 'n vals, misleidende of bedrieglike voorstelling betreffende 'n wesenlike feit aan 'n verbruiker uitdruk of impliseer nie;
- (b) oordrywing, insinuasie of dubbelsinnigheid ten opsigte van 'n wesenlike feit gebruik, of versuim om 'n wesenlike feit bekend te maak indien daardie versuim op bedrieglikheid neerkom nie; of
- (c) versuim om 'n klaarblyklike wanbegrip by die verbruiker te korrigeer, wat op 'n vals, misleidende of bedrieglike voorstelling neerkom,

of iemand anders toelaat of beweeg om dit namens die verskaffer te doen nie.

(2) Iemand wat namens die verskaffer van goedere of dienste optree, moet nie—

- (a) valslik voorstel dat die persoon 'n borgskap, goedkeuring of affiliasie het nie; of
- (b) betrokke raak by gedrag wat kragtens subartikel (1) vir 'n verskaffer verbode is nie.

(3) Sonder om die algemene strekking van subartikels (1) en (2) te beperk, is dit 'n vals, misleidende of bedrieglike voorstelling om valslik te verklaar of te impliseer, of te versuim om 'n klaarblyklike wanbegrip by die verbruiker te korrigeer, ten effekte dat—

- (a) die verskaffer van goedere of dienste 'n bepaalde status, affiliasie, verbintenis, borgskap of goedkeuring het wat hulle nie het nie;
- (b) goedere of dienste—
  - (i) bestanddele, prestasiekenmerke, bybehore, nut, voordele, gehalte, borgskap of goedkeuring het wat hulle nie het nie;
  - (ii) van 'n bepaalde standaard, gehalte, graad, styl of model is;
  - (iii) nuut of ongebruik is, indien dit nie is nie of indien dit opgeknip of teruggeneem is, behoudens subartikel (4);
  - (iv) vir 'n tydperk gebruik is in so 'n mate of op 'n wyse wat wesenlik van die feite verskil;
  - (v) ooreenkomstig 'n voorafgaande voorstelling verskaf is; of
  - (vi) beskikbaar is of binne 'n gespesifiseerde tyd gelewer of verrig kan word;
- (c) grond of ander onroerende eiendom—
  - (i) eienskappe het wat dit nie het nie;

- (ii) wettiglik gebruik kan word, of die vermoë het om gebruik te kan word, vir 'n doel wat in werklikheid onwettig of onuitvoerbaar is; of
  - (iii) fasiliteite of nabyheid daaraan, geriewe of natuurlike kenmerke het wat dit nie het nie, of wat nie beskikbaar of nabygeleë is nie;
  - (d) die nodige diens-, onderhouds- of herstelfasiliteite of onderdele geredelik binne of vir 'n redelike tydperk beskikbaar is;
  - (e) 'n diens, onderdeel, vervanging, onderhoud of herstel benodig of aanbeveel word;
  - (f) 'n spesifieke prysvoordeel bestaan;
  - (g) 'n heffing of voorgestelde heffing vir 'n spesifieke doel is;
  - (h) 'n werknemer, verkoops persoon, verteenwoordiger of agent die nodige magtiging het om die bedinge van 'n ooreenkoms te onderhandel of dit aan te gaan;
  - (i) die transaksie raak of raak nie, enige regte, regsremedies of verpligtinge van 'n verbruiker nie;
  - (j) 'n bepaalde uitnodiging of kommunikasie met die verbruiker vir 'n bepaalde doel is; of
  - (k) die verbruiker 'n bepaalde voordeel sal verkry indien hulle die verskaffer bystaan om 'n nuwe of potensiële klant te werf.
- (4) 'n Voorstelling beoog in subartikel (3)(b)(iii) ten effekte dat goedere nuut is, is nie vals, misleidend of bedrieglik nie indien daardie goedere slegs gebruik is—
- (a) deur of namens die produsent, invoerder, verspreider of kleinhandelaar; en
  - (b) vir die doeleindes van redelike toetsing, diens, voorbereiding of lewering.
- (5) Artikel 51 is op enige hofverrigtinge betreffende hierdie artikel van toepassing.

### **Bedrieglike skemas en aanbiedinge**

- 42.** (1) Iemand moet nie enige kommunikasie inisieer, borg, bevorder of wetend deelneem aan die verspreiding daarvan nie, wat—
- (a) aanbied om goedere of dienste te verskaf, of om 'n ooreenkoms om dit te verskaf aan te gaan, of aanbied om 'n transaksie aan te gaan, of aanbiedinge om 'n transaksie aan te gaan, uitnooi; en
  - (b) valslik verklaar, impliseer of voorstel dat—
    - (i) die kommunikasie deur iemand anders gemagtig is; of
    - (ii) die outeur van die kommunikasie iemand anders verteenwoordig.
- (2) Iemand moet nie op direkte of indirekte wyse—
- (a) 'n bedrieglike geldeenheidskema, soos in subartikel (3) beskryf;
  - (b) 'n bedrieglike finansiële transaksie, soos in subartikel (4) beskryf;
  - (c) 'n bedrieglike oordrag van eiendom of wettige regte, soos in subartikel (5) beskryf; of
  - (d) enige ander skema deur die Minister ingevolge subartikel (8) verklaar, bevorder, of wetend daarby aansluit, inskryf of daaraan deelneem nie, of veroorsaak dat iemand anders dit doen nie.

(3) 'n Reëling, ooreenkoms, praktyk of skema is 'n bedrieglike geldeenheidskema indien dit iemand betrek—

- (a) met die opset om iemand anders te bedrieg, deur voor te gee dat die eerste persoon in staat is om—
  - (i) geld te vervaardig deur wassery, dompeling of andersins 'n stof wat nie geld is nie, met 'n chemiese middel te behandel, of dit aan 'n elektriese lading of bestraling van enige aard bloot te stel; of
  - (ii) geld te vervaardig, of 'n som geld te vermeerder, op wetenskaplike wyse, deur die oproep van enige toorkrag of gebruik van enige ander onsigbare medium; of
- (b) geld te maak of uit te reik, of voorstellings maak om in staat te wees om dit te doen, tensy die persoon 'n gemagtigde vervaardiger van daardie geldeenheid is.

(4) 'n Reëling, ooreenkoms, praktyk of skema is 'n bedrieglike finansiële transaksie indien dit enige opbrengs van 'n gespesifiseerde onwettige aktiwiteit betrek—

- (a) met die opset om die voortsetting van 'n gespesifiseerde onwettige aktiwiteit te bevorder; en
- (b) in geheel of gedeeltelik ontwerp is om—
  - (i) die aard, ligging, bron van eienaarskap of beheer oor die opbrengs van 'n gespesifiseerde onwettige aktiwiteit te verberg of te vermom; of
  - (ii) 'n wettige transaksie te vermy.

(5) 'n Reëling, ooreenkoms, praktyk of skema is 'n bedrieglike oordrag van eiendom of wettige regte indien dit iemand betrek om onder valse voorwendsel en met die bedoeling om iemand anders te bedrieg—

- (a) eiendom van daardie persoon of 'n derde persoon te verkry, na gelang van die geval; of
- (b) daardie persoon of 'n derde persoon oorreed om—
  - (i) eiendom op lasgewing van die eerste persoon te lewer; of
  - (ii) 'n voordeel van enige aard aan enigiemand op lasgewing van die eerste persoon oor te dra met die verstandhouding dat die voordeel voor betaal is of voor betaal sal word.

(6) Iemand moet nie op direkte of indirekte wyse aan iemand anders voorstel, onder valse voorwendsel of met die bedoeling om te bedrieg, ten effekte dat die eerste persoon in besit is van—

- (a) eiendom;
- (b) inligting met betrekking tot waar eiendom is of met betrekking tot wettige regte of potensiële wettige aansprake; of
- (c) die vermoë het om die oordrag van eiendom te bewerkstellig of 'n individu op te spoor of vas te stel waar hy hom bevind nie.

(7) Iemand moet nie—

- (a) iemand anders uitnooi om teen betaling van 'n fooi deel te neem daaraan om behulpsaam te wees om 'n oordrag van eiendom te bewerkstellig wat die eerste persoon nie by magte is om oor te dra nie; of
- (b) teenprestasie van iemand anders soek, vereis of aanvaar in verband met 'n onwettige aktiwiteit in hierdie artikel beoog nie.

(8) Die Minister kan, by regulasie ooreenkomstig artikel 120 uitgevaardig, verklaar dat 'n reëling, ooreenkoms, praktyk of skema, 'n skema is soos beoog in subartikel (2)(d), indien dit in doel of effek soortgelyk is aan 'n skema beoog in daardie subartikel.

### **Piramide en verbandhoudende skemas**

**43.** (1) In hierdie artikel—

(a) beteken **“deelnemer”** iemand wat vir teenprestasie tot 'n skema toegelaat word; en

(b) het **“teenprestasie”** die betekenis soos omskryf in artikel 1, maar nie ook—

- (i) die koop van goedere teen kosprys vir gebruik in verkope, of wat nie vir herverkoop is nie;
- (ii) die koop van goedere in ruil waarvoor die verkoper van daardie goedere aanbied om die deelnemer se produkte op redelike kommersiële bedinge terug te koop; of
- (iii) die deelnemer se tyd en inspanning in najaging van verkope of werwingsaktiwiteite, nie.

(2) Iemand moet nie op direkte of indirekte wyse—

- (a) 'n vermenigvuldigingskema soos in subartikel (3) beskryf;
- (b) 'n piramideskema soos in subartikel (4) beskryf;
- (c) 'n kettingbriefskema soos in subartikel (5) beskryf; of
- (d) enige ander skema ingevolge subartikel (6) deur die Minister verklaar,

bevorder, of wetend daarby aansluit, inskryf of daaraan deelneem nie, of enigiemand anders dit laat doen nie.

(3) 'n Vermenigvuldigingskema bestaan wanneer iemand 'n effektiewe jaarlikse rentekoers, op die voorgeskrewe wyse bereken, wat minstens 20 persent bo die REPO-koers deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank vasgestel soos op die datum van belegging of aanvang van deelname is, aan 'n verbruiker, belegger of deelnemer aanbied, belowe of waarborg, ongeag of die verbruiker, belegger of deelnemer 'n lid van die uitlenende party word.

(4) 'n Reëling, ooreenkoms, praktyk of skema is 'n piramideskema indien—

- (a) deelnemers aan die skema vergoeding ontvang wat hoofsaaklik afkomstig is van hulle onderskeie werwing van ander persone as deelnemers, eerder as van die verkoop van goedere of dienste; of
- (b) die klem op die bevordering van die skema, op 'n reëling of praktyk in paragraaf (a) beoog, dui.

(5) 'n Reëling, ooreenkoms, praktyk of skema is 'n kettingbriefskema indien—

- (a) dit verskeie vlakke van deelname het;
- (b) bestaande deelnemers nuwe deelnemers opsoek en werf; of
- (c) elke opvolgende nuutgewerfde deelnemer—

(i) by aansluiting—

- (aa) 'n sekere teenprestasie moet betaal, wat onder een, sommige of al die reeds bestaande deelnemers verdeel word, ongeag of die nuwe deelnemer goedere of dienste in ruil vir daardie teenprestasie ontvang; en



- (bb) aan die laagste vlak van deelname aan die skema toegewys word; en
- (ii) by die werwing van verdere nuwe deelnemers, of by die werwing van verdere nuwe deelnemers deur daardie nuwe deelnemers, en so aan in voortdurende opvolging—
  - (aa) in die verdeling van die teenprestasie deur so 'n gewerfde deelnemer betaal, kan deel hê; en
  - (bb) na 'n hoër vlak binne die skema beweeg, totdat hy of sy van die skema verwyder word by bereiking van die hoogste vlak.

(6) Die Minister kan, by regulasie ooreenkomstig artikel 120 uitgevaardig, verklaar dat 'n reëling, ooreenkoms, praktyk of skema 'n skema beoog in subartikel (2)(d) is, indien dit soortgelyk in doel of effek is aan 'n skema in daardie subartikel beoog.

### **Verbruiker se reg om te aanvaar dat verskaffer geregtig is om goedere te verkoop**

**44.** (1) Behoudens subartikel (2), het elke verbruiker 'n reg om te aanvaar, en is dit 'n versweë bepaling van elke transaksie of ooreenkoms, dat—

- (a) in die geval van 'n verskaffing van goedere, die verskaffer die wettige reg, of die magtiging van die regmatige eienaar het om daardie goedere te verskaf;
- (b) in die geval van 'n ooreenkoms om goedere te verskaf, die verskaffer 'n wettige reg of die magtiging van die wettige eienaar sal hê om—
  - (i) die goedere te verkoop op die tydstip wat die titel tot daardie goedere aan die verbruiker oorgedra moet word; of
  - (ii) die goedere te verhuur op die tydstip wat die huurder die besit van die verhuurde goedere moet neem;
- (c) die verskaffer ten volle aanspreeklik is vir enige koste of beswaring met betrekking tot daardie goedere ten gunste van enige derde party, soos tussen die verskaffer en die verbruiker, tensy—
  - (i) sodanige koste of beswaring skriftelik aan die verbruiker bekend gemaak is voordat die transaksie of ooreenkoms gesluit is; of
  - (ii) die verskaffer en die verbruiker saamgespan het om die derde party te bedrieg; en
- (d) die verskaffer waarborg dat die verbruiker ongestoorde besit van die goedere sal hê en geniet, behoudens enige koste of beswaring bekendgemaak soos beoog in paragraaf (c)(i).

(2) Indien, as gevolg van 'n transaksie of ooreenkoms waarin goedere aan 'n verbruiker verskaf word, op 'n reg of aanspraak van 'n derde party met betrekking tot daardie goedere inbreuk gemaak word of dit benadeel word, is die verskaffer teenoor die derde party aanspreeklik in die mate van die inbreukmaking of benadeling van daardie persoon se regte met betrekking tot daardie goedere, behalwe in die mate van 'n koste of beswaring bekendgemaak soos beoog in subartikel (1)(c)(i).

### **Veilings**

**45.** (1) In hierdie artikel beteken “veiling” ook ’n verkoping in eksekusie van of ingevolge ’n hofbevel, in die mate waarin die bevel beoog dat die verkoping deur middel van ’n veiling gehou word.

(2) Wanneer goedere in lotte vir verkoping deur middel van veiling aangebied word, word elke lot, tensy daar bewys tot die teendeel is, as die onderwerp van ’n afsonderlike transaksie beskou.

(3) ’n Verkoping deur middel van veiling is afgehandel wanneer die afslaer die afhandeling daarvan deur middel van die val van die hamer aankondig, of op enige ander gebruiklike wyse, en totdat daardie aankondiging gemaak word, kan ’n bod teruggetrek word.

(4) Kennis moet vooraf gegee word dat ’n verkoping deur middel van veiling aan—

(a) ’n reserwe- of insitprys; of

(b) ’n reg om deur middel van of namens die eienaar of afslaer te bie, in welke geval die eienaar of afslaer, of iemand anders namens die eienaar of afslaer, na gelang van die geval, by die veiling kan bie,

onderworpe is.

(5) Tensy kennisgewing vooraf gegee is dat ’n verkoping deur middel van veiling aan ’n reg om deur middel van of namens die eienaar of afslaer te bie, onderworpe is—

(a) moet die eienaar of afslaer nie by die verkoping bie of ’n ander persoon in diens neem om te bie nie;

(b) moet die afslaer nie wetend ’n bod van iemand beoog in paragraaf (a) aanvaar nie; en

(c) kan ’n verbruiker ’n hof nader om te verklaar dat die transaksie bedrieglik is, indien hierdie subartikel oortree is.

(6) Die Minister kan vereistes voorskryf wat deur ’n afslaer, of verskillende kategorieë afslaaers nagekom moet word, ten opsigte van—

(a) die hou van ’n veiling;

(b) die aantekeninge wat gehou moet word ten opsigte van eiendom wat op veiling geplaas word; en

(c) die verkoop van sodanige eiendom deur middel van veiling.

## **Veranderings, oorhoudings en kwytskeldings, en vervanging van goedere**

**46.** (1) Die verskaffing van goedere of dienste as gevolg van ’n verandering aan ’n bestaande ooreenkoms, of ’n oorhouding of kwytskelding van ’n reg kragtens ’n bestaande ooreenkoms, word nie behandel as sou dit ’n nuwe ooreenkoms skep vir die doel van hierdie Wet nie, indien die verandering, oorhouding of kwytskelding ooreenkomstig hierdie Wet of die ooreenkoms gemaak word.

(2) Indien, na lewering van die goedere wat die onderwerp van ’n transaksie is aan die verbruiker, die verbruiker en die verskaffer ooreenkom om ’n deel van of al die verkoopte goedere met ander goedere te vervang—

(a) is die transaksie, vanaf die datum van lewering van die vervangende goedere, van toepassing op die vervangende goedere eerder as op die goedere wat oorspronklik beskryf is; en

- (b) moet die verskaffer 'n gewysigde ooreenkoms of verkoopsrekord opstel en aan die verbruiker lewer, wat die vervangende goedere beskryf, maar sonder om enige ander veranderinge aan die oorspronklike dokument te maak, indien die transaksie die onderwerp van 'n geskrewe ooreenkoms was, of die verkoopsrekord spesifieke goedere geïdentifiseer het.

### **Oorverkoping en oorbepreking**

47. (1) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op—

- (a) 'n konsessie-ooreenkoms; of
- (b) 'n verbruikersooreenkoms met betrekking tot die verskaffing van goedere op spesiale bestelling.

(2) 'n Verskaffer moet nie betaling of ander teenprestasie aanvaar vir goedere of dienste nie indien die verskaffer—

- (a) geen redelike grond het om 'n bedoeling te handhaaf om daardie goedere of dienste te verskaf nie; of
- (b) bedoel om goedere of dienste te verskaf wat wesenlik verskil van die goedere of dienste ten opsigte waarvan die betaling of teenprestasie aanvaar is.

(3) Indien 'n verskaffer sigself daartoe verbind of 'n bespreking aanvaar om goedere of dienste op 'n gespesifiseerde datum of tyd te verskaf, en op die datum en tyd in die verbintenis of bespreking beoog, weens onvoldoende voorraad of kapasiteit versuim om daardie goedere of dienste of soortgelyke of vergelykbare goedere of dienste van dieselfde of beter gehalte, klas of aard te verskaf, moet die verskaffer—

- (a) aan die verbruiker die bedrag ten opsigte van daardie verbintenis of bespreking, as daar is, terugbetaal, saam met rente teen die voorgeskrewe koers vanaf die datum waarop die bedrag betaal is tot op die datum van terugbetaling; en
- (b) bykomend daarby die verbruiker vergoed vir koste direk bykomstig tot die verskaffer se kontrakbreuk, behalwe in die mate waarin subartikel (5) anders bepaal.

(4) Dit is 'n verweer teen 'n beweerde versuim om goedere of dienste te verskaf, soos in subartikel (3) beoog, indien—

- (a) die verskaffer aangebied het om vergelykbare goedere of dienste van die betrokke aard aan 'n verbruiker te verskaf, of om iemand anders te verkry om dit te verskaf, om aan die verbruiker se versoek te voldoen; en
- (b) die verbruiker—
  - (i) die aanbod aanvaar het en die verskaffer die goedere of dienste aldus aangebied en aanvaar, verskaf het, of iemand anders verkry het om dit te verskaf; of
  - (ii) op onredelike wyse daardie aanbod van die hand gewys het.

(5) Subartikel (3)(b) is nie van toepassing nie indien—

- (a) die tekort aan voorraad of kapasiteit aan omstandighede buite die verskaffer se beheer te wyte is, behoudens subartikel (6); en

- (b) die verskaffer redelike stappe gedoen het om die verbruiker van die tekort aan voorraad of kapasiteit in kennis te stel sodra dit in die omstandighede uitvoerbaar was om dit te doen.
- (6) Sonder om die algemene strekking van subartikel (5)(a) te beperk, is 'n tekort aan voorraad of kapasiteit nie “aan omstandighede buite die verskaffer se beheer te wyte” nie indien die tekort gedeeltelik, in die geheel, direk of indirek voortvloei uit 'n versuim van die verskaffer om op genoegsame en ywerige wyse 'n gewone of roetine saak met betrekking tot die verskaffer se besigheid uit te voer.

## *Deel G*

### *Reg op billike, regverdige en redelike bedinge en voorwaardes*

#### **Onbillike, onredelike of onregverdige kontrakbedinge**

**48.** (1) 'n Verskaffer moet nie—

- (a) aanbied om goedere of dienste te verskaf, dit verskaf, of 'n ooreenkoms aangaan om dit te verskaf—
- (i) teen 'n prys wat onbillik, onredelik of onregverdig is nie; of
  - (ii) op bedinge wat onbillik, onredelik of onregverdig is nie;
- (b) goedere of dienste bemark, of 'n transaksie of ooreenkoms vir die verskaffing van goedere of dienste onderhandel, aangaan of bestuur op 'n wyse wat onbillik, onredelik of onregverdig is nie; of
- (c) van 'n verbruiker, of iemand anders aan wie goedere of dienste op lasgewing van die verbruiker verskaf word, vereis om—
- (i) van regte afstand te doen;
  - (ii) 'n verpligting te aanvaar; of
  - (iii) van 'n aanspreeklikheid van die verskaffer afstand te doen, nie, op grond van bedinge wat onbillik, onredelik of onregverdig is, of sodanige bedinge oplê as voorwaarde vir die aangaan van 'n transaksie nie.

(2) Sonder om die algemene strekking van subartikel (1) te beperk, is 'n transaksie of ooreenkoms, 'n beding of voorwaarde van 'n transaksie of ooreenkoms, of 'n kennisgewing waaraan 'n beding of voorwaarde voorgee om onderworpe te wees, onbillik, onredelik of onregverdig indien—

- (a) dit uitermate eensydig is ten gunste van enigiemand anders as die verbruiker of ander persoon aan wie die goedere of dienste verskaf moet word;
- (b) die bedinge van die transaksie of ooreenkoms so ongunstig vir die verbruiker is dat dit onregverdig is;
- (c) die verbruiker tot sy of haar nadeel op 'n vals, misleidende of bedrieglike voorstelling soos beoog in artikel 41 of op 'n verklaring van opinie wat deur of namens die verskaffer voorsien is, staatgemaak het; of
- (d) die transaksie of ooreenkoms onderworpe was aan 'n beding of voorwaarde, of 'n kennisgewing aan 'n verbruiker in artikel 49(1) beoog, en—

- (i) die beding, voorwaarde of kennisgewing onbillik, onredelik, onregverdig of gewetenloos is; of
- (ii) die feit, aard en effek van daardie beding, voorwaarde of kennisgewing nie onder die verbruiker se aandag gebring is op 'n wyse wat aan die toepaslike vereistes van artikel 49 voldoen nie.

### **Kennisgewing vereis vir sekere bedinge en voorwaardes**

**49.** (1) 'n Kennisgewing aan verbruikers of bepaling van 'n verbruikersooreenkoms wat voorgee om—

- (a) op enige wyse die risiko of aanspreeklikheid van die verskaffer of enigiemand anders te beperk;
- (b) aanvaarding van risiko of aanspreeklikheid deur die verbruiker daar te stel;
- (c) 'n verpligting op die verbruiker te plaas om die verskaffer of enigiemand anders te vrywaar vir enige rede; of
- (d) 'n erkenning van enige feit deur die verbruiker,

te wees, moet onder die verbruiker se aandag gebring word op 'n wyse en in 'n vorm wat aan die formele vereistes van subartikels (3) tot (5) voldoen.

(2) Benewens subartikel (1), indien 'n bepaling of kennisgewing betreffende 'n aktiwiteit of fasiliteit wat onderworpe is aan 'n risiko—

- (a) van 'n ongewone karakter of aard;
- (b) die teenwoordigheid waarvan die verbruiker nie redelikerwys verwag kon word om onder die omstandighede op te merk of te beoog nie; of
- (c) wat tot ernstige besering of dood kan lei,

moet die verskaffer spesifiek die feit, aard en potensiële uitwerking van daardie risiko onder die verbruiker se aandag bring op 'n wyse en in 'n vorm wat aan die vereistes van subartikels (3) tot (5) voldoen, en die verbruiker moes tot daardie bepaling of kennisgewing toegestem het deur die bepaling te onderteken of te parafeer, of andersins op 'n wyse bestaanbaar met erkenning van die kennisgewing, bewustheid van die risiko en aanvaarding van die bepaling op te tree.

(3) 'n Bepaling, voorwaarde of kennisgewing beoog in subartikel (1) of (2) moet in gewone taal, soos in artikel 22 beskryf, geskryf word.

(4) Die feit, aard en uitwerking van die bepaling of kennisgewing in subartikel (1) beoog, moet onder die verbruiker se aandag gebring word—

- (a) op 'n opvallende wyse en vorm wat waarskynlik die aandag van 'n gewone waaksame verbruiker sal trek, met inagneming van die omstandighede; en
- (b) voor die vroegste van die tydstip waarop die verbruiker—
  - (i) die transaksie of ooreenkoms aangaan, die aktiwiteit begin beoefen, of toegang tot die fasiliteit verkry; of
  - (ii) verwag word om teenprestasie vir die transaksie of ooreenkoms aan te bied.

(5) Die verbruiker moet onder die omstandighede genoegsame geleentheid gegee word om die bepaling of kennisgewing soos beoog in subartikel (1) te ontvang en te begryp.

### **Skriftelike verbruikersooreenkomste**

**50.** (1) Die Minister kan kategorieë verbruikersooreenkomste wat op skrif gestel moet word, voorskryf.

(2) Indien 'n verbruikersooreenkoms tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker op skrif is, hetsy dit deur hierdie Wet vereis word of vrywillig gedoen is—

- (a) is dit van toepassing ongeag of die verbruiker die ooreenkoms geteken het of nie; en
- (b) moet die verskaffer die verbruiker van 'n gratis afskrif, of gratis elektroniese toegang tot 'n afskrif van die bedinge en voorwaardes van die ooreenkoms voorsien, wat—
  - (i) aan die vereistes van artikel 22 moet voldoen; en
  - (ii) 'n gedetailleerde uiteensetting van die verbruiker se finansiële verpligtinge kragtens sodanige ooreenkoms bevat.

(3) Indien 'n verbruikersooreenkoms tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker nie op skrif is nie, moet 'n verskaffer aantekeninge hou van transaksies wat telefonies of in enige ander aantekenbare vorm aangegaan word, soos voorgeskryf.

### **Verbode transaksies, ooreenkomste, bedinge of voorwaardes**

**51.** (1) 'n Verskaffer moet nie 'n transaksie of ooreenkoms aan 'n beding of voorwaarde onderworpe stel nie indien—

- (a) die algemene oogmerk of uitwerking daarvan is om—
  - (i) die oogmerke en beleid van hierdie Wet te verydel;
  - (ii) die verbruiker te mislei of te bedrieg; of
  - (iii) die verbruiker aan bedrieglike gedrag te onderwerp;
- (b) dit op direkte of indirekte wyse voorgee om—
  - (i) 'n verbruiker van 'n reg ingevolge hierdie Wet te laat afsien of te ontnem;
  - (ii) 'n verskaffer se verpligting of plig ingevolge hierdie Wet te vermy;
  - (iii) die uitwerking van 'n bepaling van hierdie Wet tersyde te stel of omver te werp; of
  - (iv) die verskaffer te magtig om—
    - (aa) enigiets wat onregmatig ingevolge hierdie Wet is; of
    - (bb) te versuim om enigiets wat ingevolge hierdie Wet vereis word, te doen;
- (c) dit voorgee om—
  - (i) 'n verskaffer van goedere of dienste se aanspreeklikheid vir 'n verlies op direkte of indirekte wyse te wyte aan die growwe nalatigheid van die verskaffer of enigiemand wat namens of onder beheer van die verskaffer optree, te beperk of kwyt te skeld;
  - (ii) 'n aanvaarding van risiko of aanspreeklikheid deur die verbruiker vir 'n verlies beoog in subparagraaf (i) daar te stel; of
  - (iii) 'n verpligting op die verbruiker te lê om te betaal vir skade aan, of andersins die risiko te aanvaar van hantering van goedere deur die verskaffer uitgestal, behalwe in die mate in subartikel 18(1) beoog;
- (d) dit voortvloei uit 'n aanbod wat ingevolge artikel 31 verbied word;

- (e) dit van die verbruiker vereis om 'n aanvullende ooreenkoms aan te gaan, of 'n dokument te teken, wat deur subartikel (2)(a) verbied word;
- (f) dit voorgee om 'n reg van die verbruiker op 'n aanspraak teen die Voogdyfonds aan enigiemand te sedgeer, te hef, teen 'n skuld te verreken, of op 'n ander wyse te vervreem;
- (g) dit valslik 'n erkenning deur die verbruiker uitdruk dat—
  - (i) geen voorstellings of waarborge in verband met die ooreenkoms deur die verskaffer of iemand namens die verskaffer gemaak is voordat die ooreenkoms aangegaan is nie; of
  - (ii) die verbruiker goedere of dienste, of 'n dokument wat kragtens hierdie Wet aan die verbruiker gelewer moet word, ontvang het;
- (h) dit van die verbruiker vereis om gelde aan die verskaffer te verbeur—
  - (i) indien die verbruiker 'n reg ingevolge hierdie Wet uitoefen; of
  - (ii) waarop die verskaffer nie ingevolge hierdie Wet of enige ander wet geregtig is nie;
- (i) dit namens die verbruiker—
  - (i) 'n magtiging vir enigiemand wat namens die verskaffer optree om 'n perseel te betree vir die doel om besit te neem van goedere waarop die ooreenkoms betrekking het;
  - (ii) 'n onderneming om dokumentasie met betrekking tot afdwinging van die ooreenkoms vooraf te teken, ongeag of sodanige dokumentasie volledig of onvolledig is ten tyde van ondertekening; of
  - (iii) toestemming tot 'n voorafbepaalde kostewaarde met betrekking tot afdwinging van die ooreenkoms, behalwe in die mate wat dit met hierdie Wet bestaanbaar is, uitdruk; of
- (j) dit 'n instemming deur die verbruiker uitdruk om—
  - (i) 'n identiteitsdokument, krediet- of debietkaart, bankrekening- of outomatiese tellermasjienkaart, of enige soortgelyke identifiserende dokument of toestel by die verskaffer, of iemand anders deur die verskaffer aangewys, te laat; of
  - (ii) 'n persoonlike identifikasiekode of –nommer om toegang tot 'n rekening te verkry, te openbaar.
    - (2) 'n Verskaffer mag nie—
- (a) op direkte of indirekte wyse van 'n verbruiker vereis of hom of haar oorhaal om 'n aanvullende ooreenkoms aan te gaan, of 'n dokument te onderteken wat 'n bepaling beoog in subartikel (1) bevat nie;
- (b) 'n verbruiker versoek of van hom of haar vereis om—
  - (i) aan die verskaffer tydelike of permanente besit van 'n instrument bedoel in subartikel (1)(j)(i), uitgesonderd vir die doel van identifikasie, te gee nie; of
  - (ii) 'n persoonlike identifikasiekode of –nommer beoog in subartikel (1)(j)(ii) te openbaar nie; of
- (c) enigiemand anders beveel of wetend toelaat om enigiets bedoel in hierdie artikel namens of tot voordeel van die verskaffer te doen nie.

(3) 'n Sogenaamde transaksie of ooreenkoms, bepaling, beding of voorwaarde van 'n transaksie of ooreenkoms, of kennisgewing waaraan die transaksie of ooreenkoms onderworpe heet te wees, is nietig in die mate waarin dit hierdie artikel oortree.

(4) Hierdie artikel weerhou nie 'n verskaffer daarvan om 'n persoonlike identifikasiekode of -nommer te vereis om 'n transaksie wat in die gewone loop van sake die voorsiening van sodanige kode of nommer vereis, te vergemaklik nie.

### **Bevoegdheede van hof om billike en regverdige gedrag, bedinge en voorwaardes te verseker**

**52.** (1) Indien, in verrigtinge voor 'n hof betreffende 'n transaksie of ooreenkoms tussen 'n verskaffer en verbruiker, iemand beweer dat—

- (a) die verskaffer artikel 40, 41 of 48 oortree het; en
- (b) hierdie Wet nie andersins 'n voldoende remedie voorsien om die betrokke verbode gedrag, onbillikheid, onregverdigheid of gewetenloosheid reg te stel nie,

kan die hof 'n bevel beoog in subartikel (3) maak na inagneming van die beginsels, oogmerke en bepalinge van hierdie Wet, en die aangeleenthede in subartikel (2) uiteengesit.

(2) In 'n aangeleentheid in subartikel (1) beoog, moet die hof—

- (a) die billike waarde van die goedere of dienste ter sprake;
- (b) die aard van die partye by daardie transaksie of ooreenkoms, hulle verhouding met mekaar en hulle relatiewe bevoegdheid, opvoeding, ondervinding, gesofistikeerdheid en onderhandelingsposisie;
- (c) daardie omstandighede van die transaksie of ooreenkoms wat op die tydstip wat die gedrag plaasgevind het of die transaksie of ooreenkoms aangegaan is, bestaan het of redelikerwys voorsienbaar was, ongeag of hierdie Wet op daardie tydstip in werking was;
- (d) die onderskeie gedrag van die verskaffer en die verbruiker;
- (e) of daar onderhandelinge tussen die verskaffer en die verbruiker was, en indien wel, die omvang van daardie onderhandelinge;
- (f) of daar as gevolg van die verskaffer se betrokke gedrag van die verbruiker vereis is om enigiets te doen wat nie redelikerwys vir die regmatige belange van die verskaffer nodig was nie;
- (g) die mate waarin dokumente met betrekking tot die transaksie of ooreenkoms aan die vereistes van artikel 22 voldoen het;
- (h) of die verbruiker geweet het of redelikerwys behoort te geweet het van die bestaan en omvang van 'n besondere bepaling van die ooreenkoms wat na bewering onbillik, onredelik of onregverdig was, met inagneming van—
  - (i) handelsgebruike; en
  - (ii) vorige omgang tussen die partye;
- (i) die bedrag waarvoor en die voorwaardes waarop die verbruiker identiese of ekwivalente goedere of dienste van 'n ander verskaffer kon verkry het; en



- (j) in die geval van die verskaffing van goedere, of die goedere volgens die spesiale bestelling van die verbruiker vervaardig, geprosesseer of aangepas is,

in ag neem.

(3) Indien die hof bepaal dat 'n transaksie of ooreenkoms in die geheel of gedeeltelik gewetenloos, onregverdig, onredelik of onbillik was, kan die hof—

- (a) 'n verklaring tot dien effekte maak; en  
(b) enige verdere bevel maak wat die hof billik en redelik onder die omstandighede ag, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, 'n bevel—  
(i) om geld of eiendom aan die verbruiker terug te gee;  
(ii) om die verbruiker te vergoed vir verliese of uitgawes aangegaan met betrekking tot—  
(aa) die transaksie of ooreenkoms; of  
(bb) die hofverrigtinge; en  
(iii) wat van die verskaffer vereis om 'n praktyk te staak, of om 'n praktyk, vorm of dokument aan te pas soos vereis, om 'n herhaling van die verskaffer se gedrag te vermy.

(4) Indien, in verrigtinge voor 'n hof betreffende 'n transaksie of ooreenkoms tussen 'n verskaffer en verbruiker, iemand beweer dat 'n ooreenkoms, 'n beding of voorwaarde van 'n ooreenkoms, of 'n kennisgewing waaraan 'n transaksie of ooreenkoms onderworpe heet te wees, ingevolge hierdie Wet nietig is of nie voldoen het aan toepaslike vereistes in artikel 49 uiteengesit nie, kan die hof—

- (a) 'n bevel maak—  
(i) wat in die geval van 'n bepaling of kennisgewing ingevolge 'n bepaling van hierdie Wet nietig is—  
(aa) enige deel van die betrokke ooreenkoms, bepaling of kennisgewing afsny, of aanpas in die mate vereis om dit wettig te maak, indien dit redelik is om so te doen met inagneming van die transaksie, ooreenkoms, bepaling of kennisgewing as geheel; of  
(bb) verklaar dat die hele ooreenkoms, bepaling of kennisgewing vanaf die datum wat dit in werking getree het, nietig is; of  
(ii) wat in die geval van 'n bepaling of kennisgewing wat nie voldoen aan 'n bepaling van artikel 49 nie, die bepaling of kennisgewing van die ooreenkoms afsny, of verklaar dat dit geen krag of uitwerking ten opsigte van die transaksie het nie; en  
(b) enige verdere bevel maak wat in die omstandighede billik en redelik ten opsigte van daardie ooreenkoms, bepaling of kennisgewing is, na gelang van die geval.

## *Deel H*

### *Reg op billike waarde, goeie gehalte en veiligheid*

#### **Woordomskrywing op hierdie Deel van toepassing**

**53.** In hierdie Deel, wanneer ten opsigte van goedere, komponente van goedere, of dienste gebruik, beteken—

- (a) **“defek”**—
  - (i) ’n wesenlike tekortkoming in die vervaardiging van die goedere of komponente, of in die verrigting van die dienste, wat die goedere of resultate van die diens minder aanvaarbaar maak as wat persone in die algemeen redelikerwys geregtig is om in die omstandighede te verwag; of
  - (ii) ’n eienskap van die goedere of komponente wat die goedere of komponente minder bruikbaar, geskik of veilig maak as wat persone in die algemeen redelikerwys geregtig is om in die omstandighede te verwag;
- (b) **“gebrek”** die onvermoë van die goedere om op die bedoelde wyse of met die bedoelde uitwerking te funksioneer;
- (c) **“gevaar”** ’n eienskap wat—
  - (i) ingevolge enige ander wet as ’n gevaar geïdentifiseer of verklaar is; of
  - (ii) ’n beduidende risiko van persoonlike besering aan enigiemand, of skade aan eiendom inhou wanneer die goedere gebruik word; en
- (d) **“onveilig”** dat bepaalde goedere ’n uiterste risiko van persoonlike besering of skade aan eiendom vir die verbruiker of ander persone inhou weens ’n eienskap, gebrek, defek of gevaar.

#### **Verbruiker se regte om gehalte diens te eis**

**54.** (1) Wanneer ’n verskaffer onderneem om dienste vir of namens ’n verbruiker te verrig, het die verbruiker ’n reg op—

- (a) die tydigte verrigting en voltooiing van daardie dienste, en tydigte kennisgewing van enige onvermydelike vertraging in die verrigting van die dienste;
- (b) die verrigting van die dienste op ’n wyse en van ’n gehalte wat persone in die algemeen geregtig is om te verwag;
- (c) die gebruik, lewering of installering van goedere wat sonder defek en van ’n gehalte is wat persone in die algemeen geregtig is om te verwag, indien sodanige goedere vereis word vir die verrigting van die dienste; en
- (d) die teruggee van eiendom of beheer oor eiendom van die verbruiker in minstens dieselfde toestand as waarin dit was toe die verbruiker dit aan die verskaffer beskikbaar gemaak het vir die doel van die verrigting van sodanige dienste,

met inagneming van die omstandighede van die verskaffing, en enige spesifieke kriteria of voorwaardes tussen die verskaffer en verbruiker voor of gedurende die verrigting van die dienste, ooreengekom.

(2) Indien ’n verskaffer versuim om ’n diens van die standaard beoog in subartikel (1) te verrig, kan die verbruiker van die verskaffer vereis om óf—

- (a) ’n defek in die gehalte van die dienste verrig of goedere verskaf, reg te stel; of

- (b) 'n redelike gedeelte van die prys betaal vir die dienste verrig en goedere verskaf, aan die verbruiker terug te betaal, met inagneming van die omvang van die versuim.

### **Verbruiker se regte op veilige, goeie gehalte goedere**

**55.** (1) Hierdie artikel is nie van toepassing op goedere by 'n veiling gekoop, soos in artikel 45 beoog nie.

(2) Behalwe in die mate in subartikel (6) beoog, het elke verbruiker 'n reg om goedere te ontvang wat—

- (a) redelikerwys gepas is vir die oogmerke waarvoor hulle in die algemeen bedoel is;
- (b) van goeie gehalte, in goeie werkende toestand en vry van enige defekte is;
- (c) vir 'n redelike tydperk bruikbaar en duursaam sal wees, met inagneming van die gewone gebruik daarvan en al die omstandighede rondom die verskaffing daarvan; en
- (d) aan enige toepaslike standaard kragtens die Wet op Standaarde, 1993 (Wet No. 29 van 1993), of enige ander openbare regulasie vasgestel, voldoen.

(3) Benewens die reg in subartikel (2)(a) uiteengesit, indien 'n verbruiker die verskaffer spesifiek in kennis gestel het van die bepaalde doel waarvoor die verbruiker goedere wil aanskaf, of die gebruik waarvoor die verbruiker beoog om daardie goedere aan te wend, en die verskaffer—

- (a) gewoonlik aanbied om sodanige goedere te verskaf; of
- (b) op 'n wyse optree wat bestaanbaar is met kundigheid rakende die gebruik van daardie goedere,

het die verbruiker 'n reg om te verwag dat die goedere redelikerwys geskik is vir die spesifieke doel wat die verbruiker aangedui het.

(4) By die vasstelling of bepaalde goedere aan die vereistes van subartikel (2) of (3) voldoen, moet al die omstandighede van die verskaffing van daardie goedere in ag geneem word, met inbegrip van maar nie beperk nie tot—

- (a) die wyse waarop, en die oogmerke waarvoor die goedere bemark, verpak en uitgestal is, die gebruik van 'n handelsbeskrywing of –merk, enige instruksies vir of waarskuwing ten opsigte van die gebruik van die goedere;
- (b) die reeks dinge wat redelikerwys verwag kan word met of met betrekking tot die goedere gedoen kan word; en
- (c) die tydstip waarop die goedere vervaardig en verskaf is.

(5) Vir groter sekerheid by die toepassing van subartikel (4)—

- (a) is dit nie ter sake of 'n produkgebrek of -defek verborge of sigbaar is, en of dit voor ontvangs van die goedere deur 'n verbruiker opgemerk kon word nie; en
- (b) kan 'n produkgebrek of -defek ten opsigte van bepaalde goedere nie afgelei word alleenlik op die grond dat beter goedere sedertdien deur dieselfde of 'n ander vervaardiger of verskaffer beskikbaar gestel is nie.

(6) Subartikel (2)(a) en (b) is nie op 'n transaksie van toepassing nie indien die

verbruiker—

- (a) uitdruklik ingelig is dat bepaalde goedere in 'n spesifieke toestand aangebied is nie; en
- (b) uitdruklik toegestem het om die goedere in daardie toestand te aanvaar, of wetend op 'n wyse opgetree het wat bestaanbaar is met aanvaarding van die goedere in daardie toestand.

### **Versweë waarborg van gehalte**

**56.** (1) In 'n transaksie of ooreenkoms wat op die verskaffing van goedere aan 'n verbruiker betrekking het, is daar 'n versweë bepaling dat die produsent of invoerder, die verspreider en die kleinhandelaar elk waarborg dat die goedere aan die vereistes en standarde in artikel 55 beoog, voldoen, behalwe in die mate wat daardie goedere verander is teenstrydig met die instruksies of nadat dit die produsent of invoerder, 'n verspreider of die kleinhandelaar, na gelang van die geval, se beheer verlaat het.

(2) Die verbruiker kan goedere binne ses maande na die lewering daarvan aan die verskaffer teruggee sonder boete en op die verskaffer se onkoste en risiko, indien die goedere nie aan die vereistes en standarde in artikel 55 beoog, voldoen nie, en die verskaffer moet op die verbruiker se lasgewing óf—

- (a) die gebrekkige, onveilige of defektiewe goedere herstel of vervang; of
- (b) die prys deur die verbruiker vir die goedere betaal, aan die verbruiker terugbetaal.

(3) Indien 'n vervaardiger bepaalde goedere of 'n komponent van sodanige goedere herstel, en die gebrek, defek of onveilige kenmerk is nie binne drie maande na daardie herstel reggestel nie of 'n verdere gebrek, defek of onveilige kenmerk kom aan die lig, moet die verskaffer—

- (a) die goedere vervang; of
- (b) die prys deur die verbruiker vir die goedere betaal, aan die verbruiker terugbetaal.

(4) Die versweë waarborg wat deur subartikel (1) opgelê word en die reg om goedere terug te gee in subartikel (2) uiteengesit, is elk bykomstig tot—

- (a) enige ander versweë waarborg of voorwaarde deur die gemene reg, hierdie Wet of enige ander openbare regulasie opgelê; en
- (b) 'n uitdruklike waarborg of voorwaarde deur die produsent of invoerder, verspreider of kleinhandelaar, na gelang van die geval, gestipuleer.

### **Waarborg op herstelde goedere**

**57.** (1) 'n Diensverskaffer waarborg elke nuwe of herboude onderdeel wat gedurende herstel- of onderhoudswerk geïnstalleer word, asook die arbeid vereis om dit te installeer, vir 'n tydperk van drie maande na die datum van installering of die langer tydperk wat die verskaffer skriftelik mag spesifiseer.

(2) 'n Waarborg ingevolge hierdie artikel—

- (a) geld samelopend met 'n ander geagte, versweë of uitdruklike waarborg;
- (b) is nietig indien die verbruiker die onderdeel of die goedere of eiendom waarin dit geïnstalleer is, aan wangebruik of misbruik onderwerp het; en

- (c) is nie op gewone slytasie van toepassing nie, met inagneming van die omstandighede waaronder die goedere bedoel is om gewoonlik gebruik te word.

### **Waarskuwing betreffende feit en aard van risiko's**

**58.** (1) Die verskaffer van 'n aktiwiteit of fasiliteit wat onderworpe is aan 'n—

- (a) risiko van 'n ongewone karakter of aard;
- (b) risiko waarvan 'n verbruiker nie redelikerwys verwag kan word bewus te wees nie, of wat 'n gewone, waaksame verbruiker nie redelikerwys in die omstandighede geag kan word te beoog nie; of
- (c) risiko wat tot ernstige besering of dood kan lei,

moet op spesifieke wyse die feit, aard en potensiële uitwerking van daardie risiko onder die aandag van die verbruiker bring in 'n vorm en op 'n wyse wat aan die standaard in artikel 49 uiteengesit, voldoen.

(2) Iemand wat gevaarlike of onveilige goedere vir verskaffing aan verbruikers verpak, moet op of binne daardie verpakking 'n kennisgewing aanbring wat aan die vereistes van artikel 22 en enige ander toepaslike standaard voldoen, wat die verbruiker van genoegsame instruksies vir die veilige hantering en gebruik van daardie goedere voorsien.

(3) Subartikel (2) is nie van toepassing op gevaarlike of onveilige goedere in die mate waarin 'n wesenlik gelyksoortige etiket of kennisgewing reeds ingevolge enige ander openbare regulasie aangebring is nie.

(4) Iemand wat gevaarlike of onveilige goedere in subartikel (2) beoog vir 'n verbruiker installeer, of sodanige goedere aan 'n verbruiker verskaf tesame met die verrigting van dienste, moet aan die verbruiker die oorspronklike afskrif gee van—

- (a) 'n dokument ingevolge daardie subartikel vereis; of
- (b) 'n soortgelyke dokument ingevolge 'n ander openbare regulasie op daardie goedere van toepassing.

### **Berging van en veilige beskikking oor aangewese produkte of komponente**

**59.** (1) Indien nasionale wetgewing die beskikking oor of deponering van bepaalde goedere, of komponente, oorblyfsels, houers of verpakking van goedere in 'n gemeenskaplike afvalversamelingstelsel verbied—

- (a) moet enigiemand wat in die gewone loop van sake goedere van daardie aard aan verbruikers verskaf, die teruggawe van sodanige goedere, komponente, oorblyfsels, houers of verpakking sonder koste vir die verbruiker aanvaar, ongeag of daardie persoon die bepaalde voorwerp aan die bepaalde verbruiker verskaf het; en
- (b) enigiemand wat in die normale loop van sake sodanige goedere produseer, invoer of versprei as deel van die verskaffingsketting waardeur daardie goedere die verbruiker bereik, moet op sy beurt die teruggawe van sodanige goedere, komponente, oorblyfsels, houers of verpakking van 'n verskaffer in paragraaf (a) beoog, aanvaar.

(2) Indien 'n regulasie of bedryfsafvalbestuursplan deur ander wetgewing vir die bestuur van 'n spesifieke tipe afval goedgekeur, van toepassing is, kan die verbruiker die goedere by 'n versamelpunt in die regulasie of bedryfsafvalbestuursplan bepaal, stort of deponeer.

### **Veiligheidsmonitering en herroeping**

**60.** (1) Die Kommissie moet, binne die raamwerk van artikel 82, die ontwikkeling, aanvaarding en toepassing van bedryfswye praktykkodes bevorder, wat voorsiening maak vir effektiewe en doeltreffende stelsels om—

- (a) kennisgewing te ontvang van—
  - (i) verbruikersklagtes of -verslae oor produkgebreke, -defekte of -gevaare;
  - (ii) die teruggawe van goedere weens 'n gebrek, defek of gevaar;
  - (iii) persoonlike besering, siekte of skade aan eiendom in die geheel of gedeeltelik veroorsaak deur 'n produkgebrek, -defek of -gevaar; en
  - (iv) ander aanduiding van gebrek, defek of gevaar, in bepaalde goedere of in 'n komponent daarvan, of besering of skade as gevolg van die gebruik van daardie goedere;
- (b) die bronne van inligting in paragraaf (a) beoog, te monitor, en die inligting ontvang, te ontleed vir die doel van vasstelling en identifisering van voorheen onontdekte of onbekende potensiële risiko van die gebruik van of blootstelling aan daardie goedere vir die publiek;
- (c) ondersoek in te stel na die aard, oorsake, mate en graad van die risiko vir die publiek;
- (d) verbruikers in kennis te stel van die aard, oorsake, mate en graad van die risiko met betrekking tot daardie goedere; en
- (e) indien die goedere onveilig is, daardie goedere te herroep vir herstel, vervanging of terugbetaling.

(2) Indien die Kommissie redelike gronde het om te glo dat goedere onveilig kan wees, of dat daar 'n potensiële risiko weens voortgesette gebruik van of blootstelling aan die goedere vir die publiek bestaan, en die produsent of invoerder van daardie goedere nie stappe gedoen het soos vereis deur 'n toepaslike kode beoog in subartikel (1) nie, kan die Kommissie deur middel van skriftelike kennisgewing van die produsent vereis om—

- (a) 'n ondersoek beoog in subartikel (1) in te stel; of
- (b) 'n herroepingsprogram uit te voer op bedinge deur die Kommissie vereis.

(3) 'n Produsent of invoerder wat deur 'n kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (2) geraak word, kan by die Tribunaal aansoek doen om die kennisgewing in sy geheel of gedeeltelik tersyde te stel.

### **Aanspreeklikheid vir skade deur goedere veroorsaak**

**61.** (1) Behalwe in die mate in subartikel (4) beoog, is die produsent of invoerder, verspreider of kleinhandelaar van goedere aanspreeklik vir skade, soos in subartikel (5) beskryf, in die geheel of gedeeltelik veroorsaak as gevolg van—

- (a) die verskaffing van onveilige goedere;

(b) 'n produkgebrek, -defek of -gevaar in goedere; of  
(c) die voorsiening van onvoldoende instruksies of waarskuwings aan die verbruiker met betrekking tot gevaar voortspruitend uit of geassosieer met die gebruik van goedere,  
ongeag of die skade die gevolg is van nalatigheid aan die kant van die produsent, invoerder, verspreider of handelaar, na gelang van die geval.

(2) 'n Verskaffer van dienste wat, tesame met die verrigting van daardie dienste, goedere gebruik, verskaf, installeer of toegang daartoe voorsien, word vir die doel van hierdie artikel as 'n verskaffer van daardie goedere aan die verbruiker geag.

(3) Indien daar in 'n bepaalde geval meer as een persoon ingevolge hierdie artikel aanspreeklik is, is hulle gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik.

(4) Aanspreeklikheid van 'n bepaalde persoon ingevolge hierdie artikel ontstaan nie indien—

- (a) die onveilige produkkenmerk, -gebrek, -defek of -gevaar wat tot skade lei in geheel toegeskryf kan word aan die nakoming van 'n openbare regulasie;
- (b) die beweerde onveilige produkkenmerk, -gebrek, -defek of -gevaar—
  - (i) nie bestaan het in die goedere op die tydstip wat hulle deur daardie persoon aan iemand anders verskaf is wat na bewering aanspreeklik is nie; of
  - (ii) in die geheel toegeskryf kon word aan die nakoming deur daardie persoon van instruksies voorsien deur die persoon wat die goedere aan daardie persoon verskaf het, in welke geval subparagraaf (i) nie van toepassing is nie;
- (c) dit onredelik is om te verwag dat die verspreider of kleinhandelaar die onveilige produkkenmerk, -gebrek, -defek of -gevaar moes ontdek, met inagneming van daardie persoon se rol in die bemaking van die goedere aan verbruikers; of
- (d) die eis vir skadevergoeding ingestel word meer as drie jaar na die—
  - (i) dood of besering van iemand beoog in subartikel (5)(a);
  - (ii) vroegste tydstip waarop iemand kennis van die wesenlike feite oor 'n siekte in subartikel (5)(b) beoog, gehad het; of
  - (iii) vroegste tydstip waarop iemand met 'n belang in eiendom kennis van die wesenlike feite oor die verlies van of skade aan daardie eiendom beoog in subartikel (5)(c), gehad het; of
  - (iv) laatste datum waarop iemand ekonomiese verlies beoog in subartikel (5)(d) gely het.

(5) Skade waarvoor iemand ingevolge hierdie artikel aanspreeklik gehou kan word, sluit in—

- (a) die dood of besering van 'n natuurlike persoon;
- (b) 'n siekte van 'n natuurlike persoon;
- (c) 'n verlies van, of fisiese skade aan eiendom, ongeag of dit roerend of onroerend is; en
- (d) ekonomiese verlies wat die gevolg is van skade beoog in paragraaf (a), (b) of (c).

(6) Niks in hierdie artikel beperk die bevoegdheid van 'n hof om—

- (a) te bepaal of skade bewys is en genoegsaam beperk is nie;
- (b) die mate en monetêre waarde van skade, met inbegrip van ekonomiese verlies, vas te stel nie; of
- (c) die aanspreeklikheid tussen persone wat gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik bevind word, toe te deel nie.

## *Deel I*

### *Verskaffer se verantwoordbaarheid aan verbruikers*

#### **Bêre-koop**

**62.** (1) Indien 'n verskaffer instem om bepaalde goedere aan 'n verbruiker te verskaf, om betaling vir daardie goedere in periodieke paaie te aanvaar, en om daardie goedere te hou totdat die verbruiker die volle prys vir die goedere betaal het—

- (a) bly elke bedrag deur die verbruiker aan die verskaffer betaal die eiendom van die verbruiker, en is aan artikel 65 onderworpe totdat die goedere aan die verbruiker gelewer is; en
- (b) die verskaffer dra die risiko vir die bepaalde goedere totdat die goedere aan die verbruiker gelewer is.

(2) Indien 'n verskaffer nie in staat is om goedere beoog in subartikel (1) te lewer wanneer die verbruiker die volle prys vir daardie goedere betaal het nie, moet die verskaffer volgens die verbruiker se keuse óf—

- (a) die verbruiker met 'n gelykstaande hoeveelheid goedere wat vergelykbaar of beter in beskrywing, ontwerp en gehalte is, voorsien; of
- (b) aan die verbruiker terugbetaal—
  - (i) die geld deur die verbruiker betaal, met rente ooreenkomstig die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975 (Wet No. 55 van 1975), indien die onvermoë om die goedere te verskaf aan omstandighede buite die verskaffer se beheer te wyte is; of
  - (ii) dubbel die bedrag deur die verbruiker betaal, as vergoeding vir kontrakbreuk in enige omstandighede nie in subparagraaf (i) beoog nie.

(3) Sonder om die algemeenheid van subartikel (2)(b)(i) te beperk, is 'n versuim om die goedere te verskaf nie “aan omstandighede buite die verskaffer se beheer te wyte” nie indien die tekort gedeeltelik of in sy geheel, op direk of indirekte wyse die gevolg is van die verskaffer se versuim om op genoegsame en ywerige wyse 'n gewone of roetine saak met betrekking tot die verskaffer se besigheid uit te voer.

(4) Indien 'n verbruiker in subartikel (1) beoog die ooreenkoms beëindig voordat die goedere ten volle betaal is, of versuim om die betaling vir die goedere te voltooi binne 60 besigheidsdae na die verwagte datum van voltooiing—

- (a) kan die verskaffer behoudens subartikels (5) en (6)'n beëindigingsboete ten opsigte van daardie goedere hef; en
- (b) moet die verskaffer die bedrag deur die verbruiker betaal kragtens daardie ooreenkoms, aan die verbruiker terugbetaal na die aftrekking van sodanige beëindigingsboete.



(5) 'n Kansellasieboete in subartikel (4) beoog, mag nie gehef word—

- (a) indien die verbruiker se versuim om die betaling te voltooi, te wyte was aan die dood of hospitalisering van die verbruiker nie; of
- (b) in enige ander geval, tensy die verskaffer die verbruiker van die feit en mate van die boete in kennis gestel het voordat die verbruiker die bêrekoop-ooreenkoms aangegaan het nie.

(6) Die Minister kan 'n basis vir die berekening van die maksimumbedrag van 'n kansellasieboete in subartikel (4) beoog, voorskryf.

### **Voorafbetaalde sertifikate, krediete en bewyse**

**63.** (1) Hierdie artikel is slegs van toepassing op 'n transaksie waarin 'n verskaffer—

- (a) teenprestasie van iemand aanvaar in ruil vir 'n voorafbetaalde sertifikaat, kaart, krediet, bewys of soortgelyke toestel; en
- (b) uitdruklik of stilswyend instem om goedere of dienste aan enigemand te verskaf wat daarna daardie sertifikaat, kaart, krediet, bewys of soortgelyke toestel aanbied, tot die waarde daardeur verteenwoordig,

maar is nie van toepassing nie met betrekking tot sodanige toestel of die waarde daardeur verteenwoordig, nadat die hele waarde van die toestel vir goedere, dienste of toekomstige toegang tot dienste omgeruil is.

(2) 'n Voorafbetaalde sertifikaat, kaart, krediet, bewys of soortgelyke toestel in subartikel (1) beoog, verval nie tot die vroegste tydstop van—

- (a) die datum waarop die volle waarde daarvan afgelos is in ruil vir goedere of dienste of toekomstige toegang tot dienste; of
- (b) drie jaar na die datum waarop dit uitgereik is, of by die einde van 'n langer of uitgebreide tydperk waartoe die verskaffer op enige tydstop ingestem het.

(3) Enige teenprestasie deur 'n verbruiker aan 'n verskaffer betaal in ruil vir 'n voorafbetaalde sertifikaat, kaart, krediet, bewys of soortgelyke toestel in subartikel (1) beoog, is die eiendom van die toonder van daardie sertifikaat, kaart, krediet, bewys of soortgelyke middel in die mate waarin die verskaffer dit nie afgelos het in ruil vir goedere of dienste, of toekomstige toegang tot dienste nie.

### **Voorafbetaalde dienste en toegang tot diensfasiliteite**

**64.** (1) Indien 'n verbruiker ingevolge 'n ooreenkoms instem of verplig word om—

- (a) 'n eenmalige of periodieke lidmaatskapsfooie of 'n soortgelyke koste; of
- (b) 'n bedrag ten opsigte van dienste of toegang tot dienste wat op 'n datum meer as 25 besigheidsdae na die betaling voorsien sal word, behalwe deur middel van 'n voorafbetalingstoestel beoog in artikel 63,

te betaal, bly die bedrag wat so betaal is die verbruiker se eiendom totdat die verskaffer koste daarteen hef ooreenkomstig subartikel (2).

(2) 'n Verskaffer kan eenmaal per maand koste teen die verbruiker se geld in subartikel (1) beoog, vooruit hef in pro rata-verhouding tot die bedrag so gehou, soos vereis om die volgende maand se koste van lidmaatskap of diens te betaal.

(3) Indien 'n verskaffer beoog om 'n fasiliteit te sluit waartoe die verskaffer sigself verbind het om toekomstige toegang tot 'n diens te voorsien ingevolge 'n ooreenkoms met 'n verbruiker, sonder om 'n redelike toeganklike alternatiewe fasiliteit beskikbaar te maak, moet die verskaffer—

- (a) geskrewe kennis van daardie bedoeling ten minste 40 besigheidsdae voor die beoogde datum van sluiting aan so 'n verbruiker gee; en
- (b) aan so 'n verbruiker die balans van gelde wat ingevolge hierdie artikel aan daardie verbruiker behoort, nie later nie as vyf werksdae na die sluiting van daardie fasiliteit terugbetaal.

(4) Subartikel 3(b) saamgelees met die veranderinge deur die samehang vereis, is in gelyke mate van toepassing op 'n onwillekeurige sluiting van 'n fasiliteit in hierdie artikel beoog.

### **Verskaffer moet verbruiker se eiendom hou en rekenskap daarvoor gee**

**65.** (1) Subartikel (2) is nie van toepassing op 'n verskaffer wat—

- (a) 'n bank soos omskryf in die Bankwet, 1990 (Wet No. 94 van 1990);
- (b) 'n onderlinge bank soos omskryf in die Wet op Onderlinge Banke, 1993 (Wet No. 124 van 1993); of
- (c) enige ander finansiële instelling wat op soortgelyke wyse gelisensieer en gemagtig is om besigheid te doen en deposito's ingevolge enige nasionale wetgewing van die publiek te ontvang,

is nie.

(2) Wanneer 'n verskaffer in besit is van 'n voorafbetaling, deposito, lidmaatskapsfooie, of ander gelde, of enige ander eiendom van of wat normaalweg onder 'n verbruiker se beheer is—

- (a) moet die verskaffer nie daardie eiendom behandel as sou dit die verskaffer se eiendom wees nie;
- (b) moet die verskaffer in die hantering, beveiliging en benutting van daardie eiendom die mate van sorg, ywer en vaardigheid uitoefen wat redelikerwys verwag kan word van iemand wat vir die bestuur van eiendom wat aan iemand anders behoort, verantwoordelik is; en
- (c) is die verskaffer teenoor die eienaar van die eiendom aanspreeklik vir enige verlies as gevolg van 'n versuim om aan paragraaf (a) of (b) te voldoen.

(3) Iemand wat as administrateur, eksekuteur of likwidateur van 'n boedel beheer neem van 'n verskaffer se eiendom—

- (a) het 'n plig teenoor die verbruiker—
  - (i) om op ywerige wyse die omstandighede van die verskaffer se besigheid te ondersoek om die bestaan van gelde of ander eiendom wat aan die verbruiker behoort en in die verskaffer se besit is, vas te stel; en
  - (ii) om te verseker dat sodanige geld of eiendom tot voordeel van die verbruiker ooreenkomstig hierdie artikel mee gehandel word; en

- (b) is teenoor die verbruiker aanspreeklik vir enige verlies, tensy daardie persoon—
  - (i) te goeder trou; en
  - (ii) sonder kennis van die bestaan van die verbruiker se belang, opgetree het.

### **Deposito's ten opsigte van houers, laaiborde of soortgelyke voorwerpe**

**66.** (1) Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Omgewingsake en Toerisme, 'n minimum of maksimum deposito voorskryf wat 'n verskaffer van 'n verbruiker moet of kan vereis ten opsigte van die teruggawe van 'n bottel, houer, laaibord, spoel of soortgelyke voorwerp ten opsigte van die verpakking of aflewering van goedere gebruik.

(2) Indien iemand 'n bottel, houer, laaibord, spoel of soortgelyke voorwerp in subartikel (1) beoog aan 'n verskaffer van goedere wat gewoonlik in daardie bottel of houer of op daardie laaibord of in of op daardie spoel of soortgelyke voorwerp verkoop word, teruggee, moet die verskaffer aan daardie persoon die bedrag van die deposito betaal—

- (a) as daar is, wat ingevolge 'n openbare regulasie op die datum waarop die voorwerp aan die verskaffer teruggegee word, betaal moet word; of
  - (b) wat die verskaffer vir daardie voorwerp gevra het, of gewoonlik vir sodanige voorwerp vra,
- ongeag of die persoon wat die houer teruggee 'n deposito vir daardie voorwerp aan daardie verskaffer betaal het.

### **Teruggee van onderdele en materiale**

**67.** (1) Wanneer 'n verskaffer gemagtig is om 'n diens aan goedere of eiendom wat aan die verbruiker behoort of gewoonlik onder die verbruiker se beheer is, te verrig, moet die verskaffer—

- (a) onderdele of komponente wat in die loop van herstel- of onderhoudswerk van goedere of eiendom verwyder is, behou;
  - (b) daardie onderdele of komponente afsonderlik hou van onderdele wat van ander goedere of eiendom verwyder is; of
  - (c) daardie onderdele of komponente aan die verbruiker teruggee in 'n redelike skoon houer,
- tensy die verbruiker die teruggawe van sodanige onderdele of materiale geweier het.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op enige stof, onderdele of komponente—

- (a) wat ingevolge 'n waarborg waaronder die werk uitgevoer is aan die produsent of verspreider teruggegee moet word, of op lasgewing van die produsent of verspreider mee gehandel moet word nie;
- (b) wat ingevolge 'n versekeringseis waaronder die werk uitgevoer is aan die versekeraar teruggegee moet word of op lasgewing van die versekeraar mee gehandel moet word nie; of
- (c) wat ingevolge 'n openbare regulasie in die belang van omgewingsveiligheid of openbare gesondheid en veiligheid herwin of op 'n veilige manier oor beskik moet word nie.

## HOOFSTUK 3

### BESKERMING VAN VERBRUIKERSREGTE EN VERBRUIKER SE STEM

#### *Deel A*

#### *Verbruiker se reg om aangehoor te word en op herstel*

#### **Beskerming van verbruikersregte**

**68.** (1) Indien 'n verbruiker 'n reg in hierdie Wet of in 'n ooreenkoms of transaksie met 'n verskaffer uiteengesit, uitoefen, handhaaf of wil bevestig, moet die verskaffer nie in antwoord daarop—

- (a) op direkte of indirekte wyse teen daardie verbruiker diskrimineer nie, in vergelyking met die verskaffer se behandeling van enige ander verbruiker wat nie sodanige reg uitgeoefen, gehandhaaf of wou bevestig nie;
- (b) die verbruiker penaliseer nie;
- (c) die bedinge of voorwaardes van 'n transaksie of ooreenkoms met die verbruiker wysig of voorstel dat dit gewysig word tot nadeel van die verbruiker nie; of
- (d) stappe doen om 'n ooreenkoms met die verbruiker te bespoedig, af te dwing, op te skort of te beëindig nie.

(2) Indien 'n ooreenkoms of 'n bepaling van 'n ooreenkoms ingevolge hierdie Wet nietig verklaar word of ingevolge artikel 52(4) van die ooreenkoms afgesny word, moet die verskaffer wat 'n party by daardie ooreenkoms is nie in antwoord op daardie besluit—

- (a) op direkte of indirekte wyse 'n ander party by daardie ooreenkoms penaliseer nie;
- (b) die bedinge of voorwaardes van enige ander transaksie of ooreenkoms met 'n ander party by die bestrede ooreenkoms wysig nie, behalwe in die mate nodig om 'n soortgelyke onwettige bepaling reg te stel; of
- (c) stappe doen om 'n ander ooreenkoms met 'n ander party by die bestrede ooreenkoms te bespoedig, af te dwing, op te skort of te beëindig nie.

#### **Afdwinging van regte deur verbruiker**

**69.** Iemand in artikel 4(1) beoog, kan 'n reg ingevolge hierdie Wet of ingevolge 'n transaksie of ooreenkoms afdwing, of andersins enige geskil met 'n verskaffer besleg deur—

- (a) die aangeleentheid direk na die Tribunaal te verwys, indien sodanige direkte vewysing in die geval van 'n bepaalde geskil deur hierdie Wet toegelaat word;
- (b) die aangeleentheid na die toepaslike ombud met regsbevoegdheid te verwys, indien die verskaffer aan die regsbevoegdheid van sodanige ombud onderworpe is;

- (c) indien die aangeleentheid nie 'n verskaffer beoog in paragraaf (b) raak nie—
  - (i) die aangeleentheid na die toepaslike bedryfsombud geakkrediteer ingevolge artikel 82(6) te verwys, indien die verskaffer aan sodanige ombud onderworpe is; of
  - (ii) by die verbruikershof van die provinsie wat regsbevoegdheid oor daardie aangeleentheid het, indien daar so 'n verbruikershof is, aansoek doen, behoudens die wet wat daardie verbruikershof ingestel het of reguleer;
  - (iii) die aangeleentheid na 'n ander alternatiewe geskilbeslegtingsagent in artikel 70 beoog, te verwys; of
  - (iv) ooreenkomstig artikel 71 'n klag by die Kommissie lê; of
- (d) 'n hof met regsbevoegdheid oor die aangeleentheid te nader, indien al die ander remedies ingevolge nasionale wetgewing beskikbaar aan daardie persoon uitgeput is.

### **Alternatiewe geskilbeslegting**

**70.** (1) 'n Verbruiker kan 'n geskil ten opsigte van 'n transaksie of ooreenkoms met 'n verskaffer poog te besleg deur die aangeleentheid na 'n alternatiewe geskilbeslegtingsagent te verwys wat—

- (a) 'n ombud met regsbevoegdheid kan wees, indien die verskaffer aan die regsbevoegdheid van sodanige ombud onderworpe is;
- (b) 'n bedryfsombud geakkrediteer ingevolge artikel 82(6) kan wees, indien die verskaffer aan die regsbevoegdheid van sodanige ombud onderworpe is;
- (c) iemand of 'n entiteit wat versoenings-, bemiddelings- of arbitrasiedienste verskaf om te help met die beslegting van verbruikersgeskille kan wees, behalwe 'n ombud met regsbevoegdheid of 'n geakkrediteerde bedryfsombud; of
- (d) by die verbruikershof van die provinsie wat regsbevoegdheid oor daardie aangeleentheid het, indien daar so 'n verbruikershof is, aansoek doen, behoudens die wet wat daardie verbruikershof ingestel het of reguleer.

(2) Indien 'n alternatiewe geskilbeslegtingsagent tot die gevolgtrekking kom dat daar geen redelike waarskynlikheid is dat die partye hulle geskil deur die betrokke proses sal besleg nie, kan die agent die proses deur middel van kennisgewing aan die partye beëindig, waarna die party wat die aangeleentheid na die agent verwys het ooreenkomstig artikel 71 'n klag by die Kommissie kan lê.

(3) Indien 'n alternatiewe geskilbeslegtingsagent 'n geskil besleg het of die partye gehelp het om hulle geskil te besleg, kan die agent—

- (a) die beslegting van daardie geskil in die vorm van 'n bevel aanteken; en
- (b) indien die partye by die geskil tot daardie bevel toestem, die bevel by die Tribunaal of die Hoë Hof indien om 'n toestemmingsbevel gemaak te word ingevolge hulle reëls.

(4) Met die toestemming van 'n klaer kan 'n toestemmingsbevel wat ingevolge subartikel (3)(b) bevestig is, 'n toekenning van skadevergoeding aan daardie klaer insluit.

### **Inisiëring van klag na Kommissie**

**71.** (1) Enigiemand kan 'n klag betreffende 'n aangeleentheid in artikel 69(1)(c)(ii) of (2)(b) beoog op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die Kommissie lê, wat beweer dat iemand op 'n wyse strydig met hierdie Wet opgetree het.

(2) Die Kommissie kan op direkte wyse 'n klag betreffende beweerde verbode gedrag uit eie beweging inisieer, of—

- (a) wanneer ingevolge artikel 86(b) aldus beveel deur die Minister; of
- (b) op versoek van—
  - (i) 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid;
  - (ii) 'n ander regulerende owerheid; of
  - (iii) 'n geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep.

### ***Deel B***

#### ***Kommissie-ondersoek***

### **Onderzoek deur Kommissie**

**72.** (1) By die inisiëring of ontvangs van 'n klag ingevolge hierdie Wet, kan die Kommissie—

- (a) 'n kennisgewing van nie-verwysing in die voorgeskrewe vorm aan die klaer uitreik, indien die klag—
  - (i) beuselagtig of kwelsugtig blyk te wees;
  - (ii) nie feite beweer wat, indien dit waar is, gronde vir 'n remedie kragtens hierdie Wet daarstel nie; of
  - (iii) ingevolge artikel 116 nie na die Tribunaal verwys kan word nie;
- (b) die klag na 'n alternatiewe geskilbeslegtingsagent, 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid of 'n verbruikershof verwys, met die doel om die partye te help om die dispuut ingevolge artikel 70 te besleg, tensy die partye voorheen op onsuksesvolle wyse gepoog het om die geskil op daardie wyse te besleg;
- (c) die klag na 'n ander regulerende owerheid met regsbevoegdheid oor die aangeleentheid verwys vir ondersoek; of
- (d) in enige ander geval 'n inspekteur opdrag gee om die klag so gou doenlik te ondersoek.

(2) Die Kommissie kan te eniger tyd gedurende 'n ondersoek een of meer persone aanwys om die inspekteur by te staan met 'n ondersoek in subartikel (1) beoog.

### **Uitkoms van ondersoek**

**73.** (1) Na die afsluiting van 'n ondersoek na 'n klag, kan die Kommissie—

- (a) 'n kennisgewing van nie-verwysing in die voorgeskrewe vorm aan die klaer uitreik;

- (b) die aangeleentheid na die Nasionale Vervolgingsgesag verwys indien die Kommissie beweer dat iemand 'n oortreding ingevolge hierdie Wet gepleeg het; of
  - (c) indien die Kommissie glo dat iemand op 'n verbode wyse opgetree het—
    - (i) die aangeleentheid na die gelykheidshof soos in artikel 10 beoog, verwys indien die klag op 'n aangeleentheid ingevolge Deel A van Hoofstuk 2 betrekking het;
    - (ii) 'n konsep-toestemmingsbevel ingevolge artikel 74 voorstel;
    - (iii) 'n verwysing ooreenkomstig subartikel (2) doen; of
    - (iv) 'n nakomingskennisgewing ingevolge artikel 100 uitreik.
- (2) Onder die omstandighede in subartikel (1)(c)(iii) beoog, kan die Kommissie die aangeleentheid verwys—
- (a) na die verbruikershof van die provinsie waarin die verskaffer sy hoofplek van besigheid in die Republiek het, indien—
    - (i) daar 'n verbruikershof in daardie provinsie is; en
    - (ii) die Kommissie glo dat die kwessies wat deur die klag na vore gebring word op 'n spoedige en volledige wyse deur so 'n verwysing afgehandel kan word; of
  - (b) na die Tribunaal.
- (3) Indien die Kommissie 'n aangeleentheid ingevolge subartikel (2)(a) na 'n verbruikershof verwys, kan enige party by daardie verwysing op die voorgeskrewe wyse, in die voorgeskrewe vorm en binne die voorgeskrewe tyd by die Tribunaal aansoek doen om 'n bevel dat die aangeleentheid na die Tribunaal verwys word.
- (4) Indien 'n aansoek ingevolge subartikel (3) by die Tribunaal gedoen is, kan die Tribunaal beveel dat die aangeleentheid na hom in plaas van die verbruikershof verwys word indien die oorwig van gerief of belang van geregtigheid dit vereis.
- (5) 'n Verbruikershof wat 'n aangeleentheid in hierdie artikel bedoel, aanhoor—
- (a) moet sy verrigtinge hou op 'n wyse bestaanbaar met die vereistes wat op die Tribunaal se verhoor van toepassing is; en
  - (b) kan enige bevel maak wat die Tribunaal sou kon gemaak het nadat dit daardie aangeleentheid aangehoor het.
- (6) 'n Bevel wat deur 'n verbruikershof gemaak is nadat dit 'n aangeleentheid in hierdie artikel bedoel, aangehoor het, het dieselfde krag en uitwerking as sou dit deur die Tribunaal gemaak gewees het.

### **Toestemmingsbevele**

**74.** (1) Indien 'n aangeleentheid deur die Kommissie ondersoek is en die Kommissie en die respondent stem in tot die voorgestelde bedinge van 'n gepaste bevel, kan die Tribunaal of 'n hof daardie ooreenkoms as 'n toestemmingsbevel bevestig sonder om enige getuienis aan te hoor.

(2) Na die aanhoor van 'n mosie vir 'n toestemmingsbevel, moet die Tribunaal of 'n hof—

- (a) 'n bevel maak soos ooreengekom met en voorgestel deur die Kommissie en die respondent;

- (b) veranderinge wat aan die konsepbevel gemaak moet word, aandui voordat dit 'n bevel gemaak word; of
- (c) weier om die bevel te maak.

(3) Met die toestemming van 'n klaer kan 'n toestemmingsbevel wat ingevolge subartikel (1) bevestig is, 'n toekenning van skadevergoeding aan die klaer insluit.

### **Verwysing na Tribunaal**

**75.** (1) Indien die Kommissie 'n kennisgewing van nie-verwysing in antwoord op 'n klag uitreik, behalwe op die gronde in artikel 116 beoog, kan die betrokke klaer die aangeleentheid direk verwys na—

- (a) die verbruikershof, as daar is, van die provinsie waarin die klaer woon, of waarin die respondent sy hoofplek van besigheid in die Republiek het, behoudens die provinsiale wetgewing wat die werking van daardie verbruikershof beheer; of
- (b) die Tribunaal, met die Tribunaal se verlot.

(2) Indien 'n aangeleentheid ingevolge subartikel (1) direk na 'n verbruikershof verwys word, kan die respondent op die voorgeskrewe wyse, in die voorgeskrewe vorm en binne die voorgeskrewe tyd by die Tribunaal aansoek doen om 'n bevel dat die aangeleentheid na die Tribunaal verwys word, en die bepalinge van artikel 73(4) is op sodanige aansoek van toepassing.

(3) 'n Verwysing na die Tribunaal hetsy deur die Kommissie of deur 'n klaer ingevolge subartikel (1), moet in die voorgeskrewe vorm wees.

(4) Die Tribunaal—

- (a) moet 'n aangeleentheid wat kragtens hierdie Hoofstuk na hom verwys word, aanhoor ooreenkomstig die vereistes van hierdie Wet, en die toepaslike bepalinge van die “National Credit Act” wat op die Tribunaal se verrigtinge betrekking het; en
- (b) kan enige toepaslike bevel beoog in hierdie Wet of in artikel 150 of 151 van die “National Credit Act” maak, saamgelees met die veranderinge deur die samehang vereis.

(5) Die Voorsitter van die Tribunaal kan enige van die volgende aangeleenthede wat ingevolge hierdie Wet na vore kom, opdra om ooreenkomstig artikel 31(1)(a) van die “National Credit Act” deur 'n enkele lid van die Tribunaal aangehoor te word:

- (a) 'n Aansoek ingevolge artikel 73(3);
- (b) 'n aansoek om verlot soos in subartikel (1)(b) beoog;
- (c) 'n aansoek ingevolge subartikel (2);
- (d) 'n aansoek ingevolge artikel 106; of
- (e) 'n aansoek om uitstel vir meer tyd, in die mate wat die Tribunaal die gesag het om ingevolge hierdie Wet sodanige uitstel te verleen.

### ***Deel C***

#### ***Herstel deur hof***

### **Bevoegdheids van hof om verbruikersregte af te dwing**



**76.** (1) 'n Hof wat 'n aangeleentheid ingevolge hierdie Wet oorweeg, kan benewens enige ander bevel wat dit kragtens hierdie Wet of enige ander wet kan maak—

- (a) 'n verskaffer beveel om optrede wat onbestaanbaar met hierdie Wet is, te wysig of te staak;
  - (b) 'n bevel spesifiek in hierdie Wet beoog, maak; en
  - (c) skadevergoeding teen 'n verskaffer vir kollektiewe skade aan alle verbruikers of 'n klas verbruikers in die algemeen toeken, om betaal te word op die bedinge en voorwaardes wat die hof regverdig en billik en gepas ag om die oogmerke van hierdie Wet te vervul.
- (2) Hierdie Wet verminder nie enige reg van die verbruiker of die verskaffer—
- (a) om rente of spesiale skadevergoeding te verhaal in 'n geval waar daar volgens die reg rente of spesiale skadevergoeding verhaalbaar is nie; of
  - (b) om geld betaal te verhaal indien die teenprestasie vir die betaling misluk het nie.

## *Deel D*

### *Burgerlike gemeenskapsteun vir verbruiker se regte*

#### **Steun vir verbruikersbeskermingsgroepe**

**77.** Die Kommissie kan met die volgende aktiwiteite deur 'n verbruikersbeskermingsgroep uitgevoer, saamwerk, dit fasiliteer of andersins ondersteun:

- (a) Verbruikersadviserings- en opvoedingsaktiwiteite en verbruikersverwante publikasies;
- (b) navorsing, markmonitering, waarneming en verslaggewing;
- (c) bevordering van verbruikersregte en voorspraak van verbruikersbelange;
- (d) verteenwoordiging van verbruikers in die hof, hetsy spesifiek of in die algemeen;
- (e) alternatiewe geskilbeslegting deur bemiddeling of versoening; en
- (f) deelname aan nasionale en internasionale verenigings, konferensies of forums gemoeid met verbruikersbeskermingsake.

#### **Geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep kan aksies inisieer**

**78.** (1) 'n Geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep kan—

- (a) 'n Handeling in enige aangeleentheid of voor enige forum in hierdie Wet beoog, begin of onderneem om die belange van 'n individuele verbruiker of verbruikers gesamentlik te beskerm; en
- (b) in enige aangeleentheid voor enige forum in hierdie Wet beoog, toetree indien die belange van die verbruikers wat deur daardie groep verteenwoordig word, nie andersins voldoende in daardie forum verteenwoordig word nie.

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

(2) Benewens ander magtiging in hierdie Wet uiteengesit, kan 'n geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep 'n algemeen gestelde besorgdheid of klag ten opsigte van 'n aangeleentheid binne die oogmerke van hierdie Wet aan die Kommissie rig.

(3) Die Kommissie kan 'n verbruikersbeskermingsgroep akkrediteer indien daardie persoon of vereniging—

- (a) hoofsaaklik funksioneer om die belange van alle of 'n spesifieke kategorie verbruikers in die algemeen te bevorder of te verteenwoordig;
- (b) verbind is tot die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet; en
- (c) in aksies om die verbruikersbelange van persone in artikel 3(1)(b) beoog, te bevorder en te verhoog, betrokke raak of 'n realistiese voorstel maak om daarby betrokke te raak.

(4) Die Kommissie kan redelike voorwaardes vir die akkreditering van 'n verbruikersbeskermingsgroep oplê om die oogmerke van hierdie Wet te bevorder.

(5) Die Kommissie—

- (a) moet die effektiwiteit van 'n geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep relatief tot die oogmerke en beleid van hierdie Wet monitor; en
- (b) kan redelikerwys van 'n geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroep vereis om inligting wat nodig is vir die oogmerke van monitering ingevolge paragraaf (a) te voorsien.

(6) Die Minister kan standarde, prosedures en verwante aangeleenthede voorskryf vir die Kommissie om te volg by die bepaling of 'n applikant vir akkreditering aan die vereistes van hierdie artikel voldoen.

## HOOFSTUK 4

### BESIGHEIDSNAME EN BEDRYFSGEDRAGSKODES

#### *Deel A*

#### *Besigheidsname*

#### **Identifisering van verskaffer**

**79.** (1) Iemand moet nie besigheid dryf, adverteer, bevordering doen, aanbied om goedere of dienste te verskaf of dit verskaf, of 'n transaksie of ooreenkoms aangaan met 'n verbruiker onder enige naam behalwe—

- (a) die persoon se volle naam soos—
  - (i) in die geval van 'n individu, in 'n identiteitsdokument of 'n ander erkende identifikasiedokument aangeteken; of
  - (ii) in die geval van 'n regspersoon, ingevolge 'n openbare regulasie geregistreer; of
- (b) 'n besigheidsnaam aan daardie persoon en vir sy of haar gebruik geregistreer ingevolge artikel 80 of 'n ander openbare regulasie.

(2) Iemand wat enigiets doen in subartikel (1) beoog, moet die volgende besonderhede in 'n handelskatalogus, handelsomsenskrywe, besigheidsbrief, bestelling vir goedere, verkoopsrekord of rekeningstaat wat die persoon uitreik, insluit:

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

- (a) Die naam, titel of beskrywing waaronder die besigheid gedryf word;
  - (b) 'n verklaring van die primêre plek waar, of waarvandaan die besigheid gedryf word; en
  - (c) indien die aktiwiteit onder 'n besigheidsnaam gedryf word, die naam van die persoon aan wie daardie besigheidsnaam geregistreer is.
- (3) Indien iemand—
- (a) enigiets in subartikel (1) beoog, doen onder 'n naam wat nie daardie persoon se volle naam, of 'n besigheidsnaam aan daardie persoon geregistreer is nie, kan die Kommissie ingevolge artikel 100 'n nakomingskennisgewing aan daardie persoon uitreik wat vereis dat daardie persoon—
    - (i) binne 'n redelike tyd—
      - (aa) ingevolge artikel 80 vir registrasie van die besigheidsnaam aansoek doen; of
      - (bb) daardie optrede onder daardie besigheidsnaam staak; en
    - (ii) daardie optrede onder daardie naam te staak indien die aansoek om daardie besigheidsnaam te registreer vir 'n rede in hierdie Deel beoog, onsuksesvol is, binne 40 werksdae nadat kennisgewing van mislukking van die aansoek ontvang is;
  - (b) versuim om 'n vereiste van subartikel (2) na te kom, kan die Kommissie 'n nakomingskennisgewing ingevolge artikel 100 aan daardie persoon uitreik; of
  - (c) enigiets beoog in subartikel (1) doen onder 'n besigheidsnaam wat aan iemand anders geregistreer is, kan daardie ander persoon by die hof aansoek doen om 'n bevel in subartikel (4) beoog.
- (4) Die hof wat 'n aansoek beoog in subartikel (3)(c) aanhoor, kan 'n bevel maak wat iemand beveel om binne die tydperk en op die bedinge wat die hof onder die omstandighede regverdig, billik en dienstig ag, op te hou om 'n besigheidsnaam te gebruik.

### **Registrasie van besigheidsname**

- 80.** (1) Iemand kan op die voorgeskrewe wyse, in die voorgeskrewe vorm en teen betaling van die voorgeskrewe gelde 'n kennisgewing by die Registrateur liasseer om—
- (a) enige aantal besigheidsname wat deur daardie persoon gebruik word of gebruik staan te word in die dryf van daardie persoon se besigheid, te registreer;
  - (b) dieselfde besigheidsnaam vertaal in enige aantal van die Republiek se amptelike tale, te registreer;
  - (c) 'n geregistreerde besigheidsnaam te verander; of
  - (d) 'n geregistreerde besigheidsnaam aan iemand anders oor te dra.
- (2) Die Registrateur moet—
- (a) 'n besigheidsnaam, of vertaling of verandering van 'n besigheidsnaam, soos geliasseer, indien dit aan die vereistes van artikel 81 voldoen; of
  - (b) 'n oordrag van 'n besigheidsnaam, soos geliasseer, registreer.

(3) Indien die Registrateur op redelike gronde van oordeel is dat iemand aansoek gedoen het om 'n besigheidsnaam, of 'n vertaling of verandering van 'n besigheidsnaam te registreer, wat nie aan die vereistes van artikel 81 voldoen nie—

- (a) moet die Registrateur die applikant dienooreenkomstig inlig; en
- (b) die prosedures vir die beslegting van geskille oor betwiste maatskappyname soos in die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), uiteengesit, saamgelees met die veranderinge deur die samehang vereis, toepas om die geskil oor die besigheidsnaam te besleg.

(4) Indien die Registrateur gedurende die tydperk wat 'n besigheidsnaam aan iemand geregistreer is, op redelike gronde van oordeel is dat die persoon vir 'n tydperk van minstens ses maande nie besigheid onder daardie naam gedryf het nie, kan die Registrateur—

- (a) by kennisgewing in die voorgeskrewe vorm van die persoon aan wie die besigheidsnaam geregistreer is, vereis om op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm redes aan te voer waarom die registrasie nie gekanselleer moet word nie; en
- (b) die registrasie by kennisgewing in die voorgeskrewe vorm kanselleer indien die persoon aan wie die besigheidsnaam geregistreer is, versuim om binne die voorgeskrewe tydperk op die kennisgewing te antwoord, of versuim om—
  - (i) bevredigende bewys te lewer dat die persoon besigheid onder die geregistreeerde besigheidsnaam dryf; of
  - (ii) 'n redelike verduideliking te verskaf van waarom daar nie onder daardie naam besigheid gedryf word soos deur die Registrateur aangeteken nie.

(5) Iemand wat deur 'n besluit van die Registrateur ingevolge subartikel (4) geraak word, kan by die Tribunaal aansoek doen om die besluit te hersien.

### **Kriteria vir besigheidsname**

**81.** (1) Behoudens subartikel (2) kan 'n besigheidsnaam bestaan uit woorde in enige taal, ongeag of die woorde in die algemeen gebruik of vir daardie doel saamgestel word, saam met—

- (a) enige letters, syfers of leestekens;
- (b) enige van die volgende simbole: +, &, #, @, %, =;
- (c) enige ander simbool wat deur die regulasies ingevolge subartikel (3) uitgevaardig, toegelaat word; of
- (d) ronde hakies in pare gebruik om enige deel van die naam af te sonder, alleen of in enige kombinasie.

(2) 'n Besigheidsnaam—

- (a) moet nie dieselfde wees nie as, of op verwarrende wyse soortgelyk wees aan—
  - (i) 'n naam van 'n regspersoon ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984), of die “Co-operatives Act”, 2005 (Wet No. 14 van 2005), ingelyf;

- (ii) 'n geregistreerde handelsmerk wat aan iemand anders behoort, of 'n merk ten opsigte waarvan 'n aansoek vir registrasie as handelsmerk in die Republiek geliasseer is, of 'n bekende handelsmerk soos in artikel 35 van die Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993), beoog, tensy die applikant om registrasie van die merk as 'n besigheidsnaam óf—
    - (aa) die geregistreerde eienaar of applikant vir registrasie van die merk is; of
    - (bb) 'n lisensie vir daardie merk toegestaan is; of
  - (iii) 'n merk, woord of uitdrukking waarvan die gebruik beperk of beskerm word ingevolge die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet No. 17 van 1941), behalwe in die mate toegelaat ingevolge daardie Wet;
  - (b) moet nie op valse wyse impliseer of voorstel, of sodanig wees nie as sou dit iemand redelikerwys mislei om verkeerdelik te glo dat die besigheid—
    - (i) deel is van, of geassosieer word met 'n ander persoon of entiteit;
    - (ii) 'n staatsorgaan of 'n hof is, of deur die Staat of 'n staatsorgaan of 'n hof bedryf, geborg, ondersteun of onderskryf word;
    - (iii) besit, bestuur of bedryf word deur persone wat 'n bepaalde opvoedkundige benaming het of wat geregleerde persone of entiteite is;
    - (iv) besit, bedryf, geborg, ondersteun of onderskryf word deur, of die beskerming geniet van—
      - (aa) 'n buitelandse staat, staatshoof, regeringshoof, regering of administrasie of 'n department van so 'n regering of administrasie; of
      - (bb) 'n internasionale organisasie; of
  - (c) moet nie enige woorde, uitdrukking of simbool insluit wat, afsonderlik of in die samehang van die naam, in die kategorie van uitdrukking beoog in artikel 16(2) van die Grondwet val nie.
- (3) Die Minister kan bykomende algemeen erkende simbole vir gebruik in besigheidsname, soos in subartikel (1)(c) beoog, voorskryf.

## *Deel B*

### *Bedryfsgedragskodes*

#### **Bedryfskodes**

**82.** (1) In hierdie artikel beteken —

- (a) **“bedryfskode”** 'n kode wat—
  - (i) die interaksie tussen persone wat binne 'n bedryf besigheid doen, reguleer; of
  - (ii) die interaksie tussen iemand in subparagraaf (i) beoog en verbruikers reguleer, of wat vir alternatiewe geskilbeslegting tussen hulle voorsiening maak; en

- (b) **“voorstel”** of **“voorgestelde bedryfskode”** ook enige bestaande skema wat op vrywillige basis binne ’n bedryf ingestel is om die gedrag van persone wat binne daardie bedryf besigheid doen, te reguleer.
- (2) Die Minister kan by regulasie—
- (a) ’n bedryfskode op aanbeveling van die Kommissie ingevolge subartikel (3) voorskryf; of
- (b) ’n voorheen voorgeskrewe bedryfskode op aanbeveling van die Kommissie ingevolge subartikel (5) in geheel of gedeeltelik terugtrek.
- (3) Die Kommissie kan uit eie inisiatief of in reaksie op ’n voorstel van persone wat binne ’n bepaalde bedryf besigheid doen, ’n voorgestelde bedryfskode by die Minister aanbeveel nadat—
- (a) die voorgestelde bedryfskode vir openbare kommentaar gepubliseer is;
- (b) enige voorleggings wat gedurende die openbare kommentaartydperk gemaak is, in ag geneem is;
- (c) die—
- (i) persone wat binne die tersaaklike bedryf besigheid doen; en
- (ii) betrokke geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroepe, geraadpleeg is; en
- (d) hersienings aan die voorgestelde bedryfskode soos vir kommentaar gepubliseer, aangebring is.
- (4) ’n Bedryfskode moet bestaanbaar met die oogmerke en beleid van hierdie Wet wees.
- (5) Die Kommissie—
- (a) moet op versoek van die Minister die effektiwiteit van ’n bedryfskode met betrekking tot die oogmerke en beleid van hierdie Wet in hersiening neem;
- (b) kan andersins met tussenposes van minstens vyf jaar ’n hersiening in paragraaf (a) beoog, onderneem; en
- (c) kan, nadat ’n hersiening in hierdie subartikel beoog, gedoen is en die stappe vereis deur subartikel (3) gedoen is, verdere aanbevelings aan die Minister maak, met inbegrip van ’n aanbeveling om ’n voorheen voorgeskrewe bedryfskode in geheel of gedeeltelik te wysig of terug te trek.
- (6) Indien—
- (a) ’n voorgestelde bedryfskode vir ’n skema van alternatiewe geskilbeslegting voorsiening maak; en
- (b) die Kommissie van mening is dat die skema voldoende geplaas en toegerus is om alternatiewe geskilbeslegtingsdienste te lewer wat vergelykbaar is met daardie wat in die algemeen ingevolge ’n openbare regulasie voorsien word,
- kan die Kommissie, wanneer daardie kode by die Minister aanbeveel word, ook aanbeveel dat die skema as ’n “geakkrediteerde bedryfsombud” geakkrediteer word.
- (7) Die Kommissie—
- (a) moet die effektiwiteit van ’n bedryfskode met betrekking tot die oogmerke en beleid van hierdie Wet monitor; en
- (b) kan redelikerwys van persone wat binne die betrokke bedryf besigheid doen, vereis om inligting te verskaf wat nodig is vir die doeleindes van—

- (i) monitering ingevolge paragraaf (a); of
- (ii) 'n hersiening ingevolge subartikel (5).

(8) 'n Verskaffer moet in die gewone loop van besigheid nie 'n toepaslike bedryfskode oortree nie.

## HOOFSTUK 5

### NASIONALE VERBRUIKERSBESKERMINGSINSTELLINGS

#### *Deel A*

#### *Nasionale en provinsiale samewerking*

#### **Samewerkende uitoefening van konkurrente regsbevoegdheid**

**83.** (1) Soos in artikel 41(2) van die Grondwet beoog, moet die Minister met die verantwoordelike Lid van 'n betrokke provinsiale Uitvoerende Raad oorleg pleeg—

- (a) om die werksaamhede wat deur die Kommissie en een of meer provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede verrig moet word, te koördineer en te harmoniseer; en
- (b) wanneer nodig, die beslegting van 'n geskil tussen die Kommissie en een of meer provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede, te fasiliteer,

betreffende die werksaamhede wat hulle moet verrig met betrekking tot verbruikersbeskerming.

(2) Indien hierdie Wet beoog dat die onderskeie provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede 'n bepaalde werksaamheid binne hulle onderskeie provinsies sal verrig, en—

- (a) geen provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid binne 'n bepaalde provinsie ingestel is nie; of
- (b) die Minister kom op redelike gronde tot die gevolgtrekking dat die provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid binne 'n bepaalde provinsie nie in staat is om daardie werksaamheid op doeltreffende wyse te verrig nie,

moet die Minister met die verantwoordelike LUR van daardie provinsie oorleg pleeg om te bepaal watter stappe gedoen moet word om daardie statutêre verpligting na te kom.

(3) Op versoek van die betrokke LUR van 'n provinsie, of 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid, kan die Kommissie—

- (a) daardie provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid betrek by samewerkende aktiwiteite van navorsing, publikasie, opvoeding, personeelontwikkeling en -opleiding; en
- (b) in oorleg met die Minister—
  - (i) daardie provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid betrek by personeeluitruilings of -detasjerings; of
  - (ii) tegniese hulp of kundigheid aan daardie provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid verskaf.

(4) Op versoek van die betrokke LUR van 'n provinsie, of 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid, kan die Kommissie daardie provinsiale

verbruikersbeskermingsowerheid betrek by samewerkende aktiwiteite om verbode gedrag of oortredings ingevolge hierdie Wet op te spoor en te onderdruk, indien daar redelike gronde is om te glo dat sodanige gedrag of oortredings binne daardie provinsie of oor sy provinsiale grense heen voorkom.

(5) Op bevel van die Minister moet die Kommissie 'n betrokke provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid betrek by samewerkende aktiwiteite om verbode gedrag of oortredings ingevolge hierdie Wet op te spoor en te onderdruk, wat binne daardie provinsie of oor sy provinsiale grense heen voorkom.

(6) Die Kommissie kan 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid versoek om 'n verslag of inligting met betrekking tot die aktiwiteite van daardie provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid by die Kommissie in te dien.

### **Provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede**

**84.** 'n Provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid het regsbevoegdheid binne sy provinsie om—

- (a) namens die Kommissie nakomingskennisgewings ingevolge hierdie Wet uit te reik aan iemand wat uitsluitlik binne daardie provinsie besigheid doen;
- (b) die bemiddeling of versoening van 'n geskil wat ingevolge hierdie Wet tussen persone ontstaan wat in daardie provinsie bly of uitsluitlik daar besigheid doen, te fasiliteer;
- (c) 'n geskil in paragraaf (b) beoog na die provinsiale verbruikershof binne daardie provinsie, indien daar een is, te verwys; en
- (d) die Kommissie versoek om 'n klag ten opsigte van enige klaarblyklike verbode gedrag of oortreding ingevolge hierdie Wet wat binne daardie provinsie ontstaan, in te stel.

### ***Deel B***

#### ***Instelling van Nasionale Verbruikerskommissie***

### **Instelling van Nasionale Verbruikerskommissie**

**85.** (1) Die Nasionale Verbruikerskommissie word hierby as 'n staatsorgaan binne die openbare administrasie, maar as 'n instelling buite die staatsdiens ingestel.

(2) Die Kommissie—

- (a) het regsbevoegdheid dwarsdeur die Republiek;
- (b) is 'n regspersoon;
- (c) moet die werksaamhede aan hom toegeken ingevolge hierdie Wet of enige ander wet, of deur die Minister—
  - (i) op die mees koste-effektiewe en doeltreffende wyse; en
  - (ii) ooreenkomstig die waardes en beginsels in artikel 195 van die Grondwet genoem,

verrig.



### **Minister kan beleid opdra en ondersoek vereis**

**86.** Die Minister kan—

- (a) by kennisgewing in die *Staatskoerant* beleidsopdragte ten opsigte van die toepassing, administrasie, en afdwinging van hierdie Wet aan die Kommissie uitreik, maar sodanige opdragte moet met hierdie Wet bestaanbaar wees; en
- (b) te eniger tyd die Kommissie opdrag gee om—
  - (i) ’n beweerde oortreding van hierdie Wet; of
  - (ii) ’n aangeleentheid of omstandighede ten opsigte van die oogmerke van hierdie Wet, ongeag of daardie omstandighede ten tyde van die opdrag op ’n moontlike oortreding van hierdie Wet neerkom, te ondersoek.

### **Aanstelling van Kommissaris**

**87.** (1) Die Minister moet iemand met die gepaste kwalifikasies en ondervinding in ekonomie, regte, besigheid, nywerheid of openbare aangeleenthede as Kommissaris van die Kommissie aanstel, wat—

- (a) verantwoordelik is vir alle aangeleenthede in verband met die werksaamhede van die Kommissie kragtens hierdie Wet; en
- (b) die amp vir ’n ooreengekome termyn wat nie vyf jaar te bowe gaan nie, beklee.

(2) Voordat die Minister ’n aanstelling ingevolge subartikel (1) doen, moet die betrokke Parlementêre Komitee ten opsigte van sodanige aanstelling geraadpleeg word.

(3) Iemand kan by die verstryking van ’n ooreengekome ampstermyn as Kommissaris heraan gestel word.

(4) Die Kommissaris is die rekeningkundige gesag van die Kommissie, en is as sodanig verantwoordelik vir—

- (a) al die Kommissie se inkomste en uitgawes;
- (b) alle inkomste wat deur die Kommissie ingesamel word;
- (c) alle bates en die delging van alle laste van die Kommissie; en
- (d) die behoorlike en nougesette implementering van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), ten opsigte van die Kommissie.

(5) Die Kommissaris kan—

- (a) bestuur of ander pligte aan werknemers met gepaste vaardighede toewys om die Kommissie by te staan met die bestuur van of beheer oor die werksaamhede van die Kommissie; en
- (b) enige van die bevoegdhede of werksaamhede van die Kommissie voorwaardelik of onvoorwaardelik aan ’n gepaste gekwalifiseerde werknemer van die Kommissie delegeer, maar sodanige delegering onthef nie die Kommissaris van verantwoordelikheid vir die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig nie.

(6) (a) Die Minister moet minstens een persoon, en kan ander persone met gepaste kwalifikasies en ondervinding in ekonomie, regte, besigheid,

nywerheid of openbare aangeleenthede as Adjunk-kommissaris aanstel om die Kommissaris by te staan met die uitvoering van die werksaamhede van die Kommissie.

- (b) Die Minister moet 'n Adjunk-kommissaris aanwys om die werksaamhede van die Kommissaris te verrig wanneer—
- (i) die Kommissaris vir enige rede nie in staat is om die werksaamhede van die Kommissaris te verrig nie; of
  - (ii) die amp van Kommissaris vakant is.

(7) Die Minister moet, in oorleg met die Minister van Finansies, die Kommissaris en Adjunk-kommissaris se vergoeding, toelae, voordele en ander bedinge en diensvoorwaardes bepaal.

### **Aanstelling van inspekteurs en ondersoekers**

**88.** (1) Die Kommissaris—

- (a) kan 'n gepaste werknemer van die Kommissie of enige ander gepaste persoon in diens van die Staat as inspekteur aanstel; en
- (b) moet aan elke inspekteur 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik wat verklaar dat die persoon ingevolge hierdie Wet as inspekteur aangestel is.

(2) Wanneer 'n inspekteur enige werksaamheid van 'n inspekteur ingevolge hierdie Wet verrig—

- (a) moet die inspekteur in besit wees van 'n aanstellingsertifikaat ingevolge subartikel (1) aan daardie inspekteur uitgereik;
- (b) moet die inspekteur daardie sertifikaat wys aan enigiemand wat—
  - (i) deur die inspekteur se handeling ingevolge hierdie Wet geraak word; en
  - (ii) versoek om die sertifikaat te sien; en
- (c) het die inspekteur die bevoegdhede van 'n vredesbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), en kan die bevoegdhede by wet aan 'n vredesbeampte verleen, uitoefen.

(3) Die Kommissaris kan enige gepaste gekwalifiseerde persoon as 'n ondersoeker aanstel of met hom of haar 'n kontrak sluit om navorsing, oudits, navrae of ander ondersoeke namens die Kommissie te doen.

(4) Iemand wat ingevolge subartikel (3) aangestel is, is nie 'n inspekteur binne die betekenis van hierdie Wet nie.

### **Botsing van belange**

**89.** Die Kommissaris en enige ander werknemer van die Kommissie, of iemand wat as inspekteur of ondersoeker deur die Kommissie aangestel is, mag nie—

- (a) 'n aktiwiteit bedryf wat die integriteit van die Kommissie kan ondermyn nie;
- (b) deelneem aan 'n ondersoek, verhoor of besluit betreffende 'n aangeleentheid waarin daardie persoon 'n direkte finansiële belang of 'n soortgelyke persoonlike belang het nie;

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

- (c) privaat gebruik maak van of winsvoordeel trek uit vertroulike inligting verkry as gevolg van die verrigting van daardie persoon se amptelike werksaamhede in die Kommissie nie; of
- (d) inligting bedoel in subparagraaf (c) aan 'n derde party bekend maak nie, behalwe soos vereis as deel van daardie persoon se amptelike werksaamhede binne die Kommissie.

## **Finansies**

**90.** (1) Die Kommissie word gefinansier uit—

- (a) geld deur die Parlement bewillig;
- (b) gelde ingevolge hierdie Wet aan die Kommissie betaalbaar;
- (c) inkomste afkomstig van die belegging en deponering van surplusgeld deur die Kommissie ingevolge subartikel (2); en
- (d) geld van enige ander bron afkomstig.

(2) Die Kommissie kan geld van die Kommissie wat nie dadelik vir gebeurlikhede of lopende uitgawes benodig word nie, belê of deponeer—

- (a) op 'n opvraagbare of korttermyn vaste deposito by enige geregistreerde bank of finansiële instelling in die Republiek; of
- (b) in 'n beleggingsrekening by die Korporasie vir Openbare Deposito's, ingevolge artikel 2 van die Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's, 1984 (Wet No. 46 van 1984), ingestel.

(3) Elke boekjaar van die Kommissie is die tydperk van 12 maande wat op 1 April elke jaar begin, en op die daaropvolgende 31 Maart ten einde loop, behalwe dat die eerste boekjaar—

- (a) begin op die vroeë effektiewe datum, soos omskryf in item 1 van Bylae 2; en
- (b) eindig op die daaropvolgende 31 Maart.

## **Hersienings en verslae aan Minister**

**91.** (1) Minstens eenmaal elke vyf jaar moet die Minister 'n oudithersiening van die uitoefening van die werksaamhede en bevoegdhede van die Kommissie uitvoer.

(2) Benewens 'n ander verslagdoeningsvereiste soos in hierdie Wet uiteengesit, moet die Kommissie minstens een maal per jaar aan die Minister verslag doen oor sy aktiwiteite, soos deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), vereis.

## *Deel C*

### *Werksaamhede van Kommissie*

#### **Algemene bepalinge betreffende Kommissie-werksaamhede**

**92.** (1) Die Kommissie is verantwoordelik vir die uitvoering van die werksaamhede en uitoefening van die bevoegdhede daaraan toegeken ingevolge hierdie Wet of enige ander nasionale wetgewing.

(2) By die uitvoering van sy werksaamhede kan die Kommissie—

- (a) internasionale ontwikkelinge in die verbruikersbeskermingsveld in ag neem; of
- (b) enige persoon, organisasie of instelling raadpleeg met betrekking tot enige aangeleentheid wat met verbruikersbeskerming verband hou.

(3) Die Kommissie kan sy verantwoordelikheid ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid binne sy regsbevoegdheid of verantwoordelikheid deur middel van 'n ooreenkoms beoog in artikel 97(1)(b) uitoefen.

(4) Die Minister moet minstens twee amptelike tale voorskryf wat deur die Kommissie gebruik moet word in dokumente wat hy ingevolge hierdie Wet moet lewer, vir die hele of enige deel van die Republiek, om maksimum effek te gee aan die vereistes in artikel 6(3) en (4) van die Grondwet uiteengesit.

### **Ontwikkeling van praktykkodes met betrekking tot Wet**

**93.** (1) Die Kommissie kan praktykkodes ten opsigte van—

- (a) die gebruik van gewone taal in dokumente;
- (b) die gestandaardiseerde of eenvormige manier om die inligting beoog in artikels 23 tot 28 aan te bied en te kommunikeer;
- (c) alternatiewe geskilbeslegting ingevolge artikel 70; of
- (d) enige ander aangeleentheid om die oogmerke van hierdie Wet,

ontwikkel en die vrywillige gebruik van praktykkodes bevorder.

(2) Kodes ingevolge subartikel (1) deur die Kommissie ontwikkel, moet vir openbare kommentaar gepubliseer word voordat dit gefinaliseer word.

### **Bevordering van wetgewing-hervorming**

**94.** Ten einde die oogmerke van hierdie Wet beter te bereik met betrekking tot wette wat aangeleenthede reguleer wat verbruikers raak, moet die Kommissie—

- (a) enige nasionale of provinsiale wetgewing of ander openbare regulasie identifiseer wat—
  - (i) die welstand van verbruikers raak; en
  - (ii) onbestaanbaar is met die oogmerke van hierdie Wet;
- (b) oorleg pleeg met—
  - (i) betrokke provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede;
  - (ii) staatsorgane binne die nasionale regeringsfeer; en
  - (iii) verbruikersbeskermingsgroepe, alternatiewe geskilbeslegtingsagente en verskaffers,

ten opsigte van wetgewing ingevolge paragraaf (a) geïdentifiseer met die doel om voorstelle vir die hervorming van daardie wetgewing te ontwikkel; en

- (c) van tyd tot tyd aan die Minister verslag doen met aanbevelings vir die bereiking van die progressiewe transformasie en regshervorming beoog in hierdie artikel.

### **Bevordering van verbruikersbeskerming binne staatsorgane**

**95.** (1) Ten einde die oogmerke van hierdie Wet beter te bereik met betrekking tot goedere en dienste aan verbruikers verskaf deur staatsorgane, moet die Kommissie—

- (a) betrokke provinsiale verbruikersbeskermingsowerhede, staatsorgane binne die nasionale regeringsfeer, regulerende owerhede, verbruikersbeskermingsgroepe, en ombuds raadpleeg ten opsigte van die lewering van sodanige goedere of dienste, met die oogmerk om—
  - (i) praktyke wat met die oogmerke en beleid van hierdie Wet onbestaanbaar is, te identifiseer; en
  - (ii) voorstelle vir die hervorming van sodanige praktyke te ontwikkel; en
- (b) van tyd tot tyd aan die Minister verslag doen met aanbevelings vir die bereiking van die progressiewe transformasie en hervorming van praktyke beoog in hierdie artikel.

(2) Die Kommissie—

- (a) moet die doeltreffendheid van entiteite in subartikel (1) beoog, monitor in verhouding tot die oogmerke en beleid van hierdie Wet in verband met die verskaffing van goedere en dienste deur staatsorgane aan verbruikers; en
- (b) kan entiteite in subartikel (1) beoog, redelikerwys versoek om inligting te verskaf wat benodig word vir die doel—
  - (i) van monitering ingevolge paragraaf (a); of
  - (ii) om 'n verslag ingevolge subartikel (1)(b) op te stel.

### **Navorsing en openbare inligting**

**96.** Die Kommissie is verantwoordelik om kennis van die aard en dinamiek van die verbruikersmark te vermeerder, en om openbare bewustheid van verbruikersbeskermingsaangeleenthede te bevorder, deur—

- (a) opvoedings- en inligtingsmaatreëls te implementeer om openbare bewustheid van die bepalinge van hierdie Wet te ontwikkel; en
- (b) die publiek van leiding te voorsien deur—
  - (i) verduidelikende kennisgewings uit te reik wat die Kommissie se prosedures of sy nie-bindende opinie oor die interpretasie van 'n bepaling van hierdie Wet, uiteensit;
  - (ii) by 'n hof aansoek te doen om 'n verklarende bevel oor die interpretasie of toepassing van 'n bepaling van hierdie Wet; of
  - (iii) bevele of bevindings van die Tribunaal of 'n hof ten opsigte van 'n oortreding van hierdie Wet, te publiseer.

### **Betrekkinge met ander regulerende owerhede**

**97.** (1) Die Kommissie kan—

- (a) met 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid of ander regulerende owerheid skakel oor aangeleenthede van gemeenskaplike belang, en sonder om die algemeenheid van hierdie bevoegdheid te beperk, kan hy sodanige owerheid monitor, benodigde inligting van hulle versoek, inligting met hulle uitruil en inligting van hulle ontvang, wat verband hou met—
    - (i) aangeleenthede van gemeenskaplike belang; of
    - (ii) 'n spesifieke klag of ondersoek;
  - (b) ooreenkomste met 'n regulerende owerheid onderhandel—
    - (i) om die uitoefening van regsbevoegdheid oor verbruikersaangeleenthede binne die betrokke bedryf of sektor te koördineer en in harmonie te bring; en
    - (ii) om die konsekwente toepassing van die beginsels van hierdie Wet te verseker;
  - (c) aan die verrigtinge van 'n regulerende owerheid deelneem; en
  - (d) 'n regulerende owerheid adviseer of advies van hulle ontvang.
- (2) 'n Regulerende owerheid wat ingevolge 'n openbare regulasie regsbevoegdheid oor verbruikersaangeleenthede binne 'n bepaalde bedryf of sektor uitoefen, kan—
- (a) ooreenkomste met die Kommissie onderhandel soos in subartikel (1)(b) in die vooruitsig gestel; en
  - (b) sy regsbevoegdheid ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid binne sy regsbevoegdheid by wyse van sodanige ooreenkoms uitoefen.
- (3) Die President kan 'n plig van die Republiek om inligting uit te ruil met 'n soortgelyke buitelandse agentskap ingevolge 'n internasionale ooreenkoms met betrekking tot die oogmerke van hierdie Wet, aan die Kommissie toewys.
- (4) Die Kommissie kan skakel met enige buitelandse of internasionale owerhede wat doelwitte soortgelyk aan die werksaamhede en bevoegdhede van die Kommissie het.

### **Advies en aanbevelings aan Minister**

**98.** Benewens enige ander advies- of verslagdoeningsvereistes in hierdie Deel uiteengesit, is die Kommissie verantwoordelik om—

- (a) die Minister te adviseer oor aangeleenthede wat betrekking het op verbruikersbeskerming en op die vasstelling van nasionale norme en standaarde ten opsigte van verbruikersbeskerming ingevolge hierdie Wet wat in die algemeen dwarsdeur die Republiek van toepassing behoort te wees;
- (b) veranderinge wat eenvormigheid in die wetgewing van die onderskeie provinsies met betrekking tot verbruikersbeskerming ingevolge hierdie Wet sal teweegbring, by die Minister aan te bevel;
- (c) jaarliks verslag te doen oor markpraktyke en die implikasies vir verbruikerskeuse en mededinging in die verbruikersmark;
- (d) oor 'n aangeleentheid betreffende die oogmerke van hierdie Wet navraag te doen en aan die Minister verslag te doen; en
- (e) die Minister te adviseer ten opsigte van 'n aangeleentheid deur die Minister na die Kommissie verwys.

## **HOOFTUK 6**

## AFDWINGING VAN WET

### *Deel A*

#### *Afdwinging deur Kommissie*

#### **Afdwingingswerkzaamhede van Kommissie**

**99.** Die Kommissie is verantwoordelik om hierdie Wet af te dwing deur—

- (a) die informele beslegting van 'n geskil wat ingevolge hierdie Wet tussen 'n verbruiker en 'n verskaffer ontstaan, te bevorder, maar is nie verantwoordelik om tussenbeide te tree of op direkte wyse so 'n geskil te bereg nie;
- (b) klagtes betreffende beweerde verbode gedrag of oortredings te ontvang, en ooreenkomstig Deel B van Hoofstuk 3 met daardie klagtes te handel;
- (c) monitering van—
  - (i) die verbruikersmark om te verseker dat verbode gedrag en oortredings voorkom word, of opgespoor en vervolgd word; en
  - (ii) die doeltreffendheid van geakkrediteerde verbruikersgroepe, bedryfskodes en alternatiewe geskilbeslegtingskemas, dienslewering aan verbruikers deur staatsorgane, en 'n regulerende owerheid wat regsbevoegdheid oor verbruikersaangeleenthede binne 'n bepaalde bedryf of sektor uitoefen;
- (d) ondersoek en evaluering van beweerde verbode gedrag en oortredings;
- (e) uitreiking en afdwinging van nakomingskennisgewings;
- (f) onderhandeling en aangaan van ondernemings en skikkingsbevele in artikel 74 beoog;
- (g) besorgdhede met betrekking tot markaandeel, anti-mededingende optrede of gedrag wat ingevolge die Wet op Mededinging, 1998 (Wet No. 89 van 1998), verbied kan word, na die Mededingingkommissie te verwys;
- (h) aangeleenthede na die Tribunaal te verwys en voor die Tribunaal te verskyn, soos deur hierdie Wet toegelaat of vereis; en
- (i) beweerde oortredings ingevolge hierdie Wet na die Nasionale Vervolgingsgesag te verwys.

#### **Nakomingskennisgewings**

**100.** (1) Behoudens subartikel (2), kan die Kommissie 'n nakomingskennisgewing in die voorgeskrewe vorm uitreik aan 'n persoon of vereniging van persone wat die Kommissie op redelike gronde glo by verbode gedrag betrokke geraak het.

(2) Voordat 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) aan 'n gereguleerde entiteit uitgereik word, moet die Kommissie met die regulerende owerheid wat aan daardie gereguleerde entiteit 'n lisensie uitgereik het, oorleg pleeg.

(3) 'n Nakomingskennisgewing in subartikel (1) beoog, moet uiteensit—

- (a) die persoon of vereniging op wie die kennisgewing van toepassing is;

- (b) die bepaling van hierdie Wet wat nie nagekom is nie;
  - (c) besonderhede van die aard en omvang van die nie-nakoming;
  - (d) stappe wat gedoen moet word en die tydperk waarin daardie stappe gedoen moet word; en
  - (e) 'n straf wat ingevolge hierdie Wet opgelê kan word indien daardie stappe nie gedoen word nie.
- (4) 'n Nakomingskennisgewing ingevolge hierdie artikel uitgereik, bly van krag totdat—
- (a) dit deur die Tribunaal, of 'n hof wat 'n besluit van die Tribunaal betreffende die kennisgewing hersien, tersyde gestel word; of
  - (b) die Kommissie 'n nakomingsertifikaat beoog in subartikel (5) uitreik.
- (5) Indien die vereistes van 'n nakomingskennisgewing ingevolge subartikel (1) uitgereik, nagekom is, moet die Kommissie 'n nakomingsertifikaat uitreik.
- (6) Indien iemand aan wie 'n nakomingskennisgewing uitgereik is, versuim om die kennisgewing na te kom, kan die Kommissie óf—
- (a) by die Tribunaal aansoek doen om die oplegging van 'n administratiewe boete; of
  - (b) die aangeleentheid na die Nasionale Vervolgingsgesag verwys vir vervolging as 'n oortreding ingevolge subartikel 110(2),
- maar mag nie beide doen ten opsigte van 'n bepaalde nakomingskennisgewing nie.

### **Beswaar teen kennisgewings**

**101.** (1) Enigiemand aan wie 'n nakomingskennisgewing ingevolge artikel 100 uitgereik is, kan op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe vorm by die Tribunaal aansoek doen om daardie kennisgewing te hersien, binne—

- (a) 15 besigheidsdae nadat daardie kennisgewing ontvang is; of
- (b) die langer tydperk wat die Tribunaal op goeie gronde aangetoon, toelaat.

(2) Na inagneming van verhoë deur die applikant en enige ander tersaaklike inligting, kan die Tribunaal die kennisgewing in geheel of gedeeltelik bevestig, wysig of kanselleer.

(3) Indien die Tribunaal die hele of 'n gedeelte van 'n kennisgewing bevestig of wysig, moet die applikant daardie kennisgewing soos bevestig of gewysig nakom binne die tydperk daarin gespesifiseer.

## ***Deel B***

### ***Bevoegdhede ter ondersteuning van ondersoek***

#### **Dagvaarding**

**102.** (1) Te eniger tyd gedurende 'n ondersoek wat ingevolge artikel 72(1)(d) gehou word, kan die Kommissaris 'n dagvaarding uitreik aan enigiemand wat vermoed word in staat te wees om inligting rakende die onderwerp van die ondersoek te voorsien, of besit of beheer van 'n boek, dokument of ander voorwerp te hê wat op daardie onderwerp betrekking het—



- (a) om voor die Kommissie of 'n inspekteur of onafhanklike ondersoeker te verskyn om ondervra te word op 'n tyd en plek in die dagvaarding gespesifiseer; of
  - (b) om 'n boek, dokument of ander voorwerp bedoel in paragraaf (a) aan die Kommissie of 'n inspekteur of onafhanklike ondersoeker te oorhandig of oor te lê op 'n tyd en plek in die dagvaarding gespesifiseer.
- (2) 'n Dagvaarding in subartikel (1) beoog—
- (a) moet deur die Kommissaris of deur 'n werknemer van die Kommissie deur die Kommissaris aangewys, onderteken word; en
  - (b) kan op dieselfde wyse as 'n getuiedagvaarding deur 'n landdroshof uitgereik in 'n kriminele saak, beteken word.
- (3) 'n Inspekteur of ondersoeker voor wie iemand gedagvaar word om te verskyn, of aan wie iemand 'n boek, dokument of ander voorwerp moet lewer, kan—
- (a) die persoon in die dagvaarding genoem, ondervra en onder eed plaas, of 'n plegtige verklaring aanhoor; en
  - (b) so 'n boek, dokument of ander voorwerp vir ondersoek behou vir 'n tydperk wat nie twee maande oorskry nie, of die langer tydperk wat die Tribunaal op aansoek en goeie gronde aangetoon, mag toelaat.
- (4) Iemand wat deur die Kommissie of deur 'n inspekteur of ondersoeker wat ondersoek instel, ondervra word, moet elke vraag op eerlike wyse en na die beste van daardie persoon se vermoë beantwoord, maar—
- (a) iemand is nie verplig om 'n vraag te beantwoord indien die antwoord self-inkriminerend is nie; en
  - (b) die persoon wat die vrae vra moet daardie persoon in kennis stel van die reg in paragraaf (a) uiteengesit.
- (5) Geen self-inkriminerende antwoord gegee of verklaring afgelê deur iemand aan die Kommissie, 'n inspekteur of ondersoeker wat bevoegdhede ingevolge hierdie Wet uitoefen, sal as getuienis teen daardie persoon in strafregtelike verrigtinge in 'n hof teen daardie persoon ingestel, toelaatbaar wees nie, behalwe in strafregtelike verrigtinge vir meened of waarin daardie persoon vir 'n misdryf in artikel 108(3) of 109(2)(d) beoog, verhoor word, en dan slegs in die mate wat die antwoord of verklaring ter sake is om die misdryf waarvan daardie persoon aangekla word, te bewys.

### **Magtiging om te betree en te deursoek kragtens lasbrief**

- 103.** (1) 'n Regter van die Hoë Hof of 'n landdros kan 'n lasbrief uitreik om 'n perseel binne die regsbevoegdheid van daardie regter of landdros te betree en te deursoek, indien daar uit inligting onder eed gegee redelike gronde is om te glo dat—
- (a) 'n oortreding van hierdie Wet op daardie perseel plaasgevind het, tans plaasvind of waarskynlik sal plaasvind; of
  - (b) enigiets wat met 'n ondersoek ingevolge hierdie Wet verbind word, in die besit of onder die beheer is van iemand wat op of in daardie perseel is.
- (2) 'n Lasbrief om te betree en te deursoek kan te eniger tyd uitgereik word en moet spesifiek—
- (a) die perseel wat betree en deursoek kan word, identifiseer; en

- (b) 'n inspekteur of polisiebeampte magtig om die perseel te betree en te deursoek en om enigiets in artikel 104 gelys, te doen.
- (3) 'n Lasbrief om te betree en te deursoek, is geldig totdat een van die volgende gebeurtenisse plaasvind:
  - (a) Die lasbrief uitgevoer word;
  - (b) die lasbrief deur die persoon wat dit uitgereik het, gekanselleer word, of in die afwesigheid van daardie persoon, deur iemand met gelyke gesag;
  - (c) die doel vir die uitreiking daarvan verval het; of
  - (d) die verstryking van een maand na die datum waarop dit uitgereik is.
- (4) 'n Lasbrief om te betree en te deursoek mag slegs gedurende die dag uitgevoer word, tensy die regter, streeklanddros of landdros wat dit uitgereik het, magtig dat dit gedurende die nag uitgevoer kan word op 'n tydstip wat onder die omstandighede redelik is.
- (5) Iemand gemagtig deur 'n lasbrief uitgereik ingevolge subartikel (2) kan die perseel in daardie lasbrief genoem, betree en deursoek.
- (6) Onmiddellik voor die aanvang van die uitvoering van 'n lasbrief, moet die persoon wat daardie lasbrief uitvoer óf—
  - (a) indien die eienaar, of die persoon in beheer van die perseel wat deursoek moet word, teenwoordig is—
    - (i) identifikasie aan daardie persoon voorsien en aan daardie persoon verduidelik kragtens watter gesag die lasbrief uitgevoer word; en
    - (ii) 'n afskrif van die lasbrief aan daardie persoon of die persoon daarin genoem, oorhandig; of
  - (b) indien geen van daardie persone teenwoordig is nie, 'n afskrif van die lasbrief op 'n prominente en sigbare plek aan die perseel heg.

### **Bevoegdhede om te betree en te deursoek**

- 104.** (1) Iemand wat kragtens artikel 103 gemagtig is om 'n perseel te betree en te deursoek, kan—
- (a) daardie perseel betree of binnegaan;
  - (b) daardie perseel deursoek;
  - (c) enigiemand op daardie perseel deursoek indien daar redelike gronde bestaan om te glo dat daardie persoon in persoonlike besit is van 'n artikel of dokument wat op die ondersoek betrekking het;
  - (d) enige artikel of dokument op daardie perseel ondersoek wat op die ondersoek betrekking het;
  - (e) inligting oor enige artikel of dokument versoek van die eienaar of persoon in beheer van die perseel of van 'n persoon wat beheer oor die artikel of dokument het, of van enige ander persoon wat die inligting mag hê;
  - (f) uittreksels neem of afskrifte maak van enige boek of dokument wat op of in die perseel is en wat betrekking op die ondersoek het;
  - (g) 'n rekenaarselstel op die perseel gebruik, of bystand van enigiemand op die perseel versoek om daardie rekenaarselstel te gebruik, om—
    - (i) enige data in daardie rekenaarselstel bevat of daaraan beskikbaar, te deursoek; en

- (ii) enige rekord uit daardie data te herproduseer;
  - (h) beslag lê op enige vermoë van daardie rekenaar vir ondersoek en kopiëring; en
  - (i) op enigiets wat op die ondersoek betrekking het, beslag lê, of indien nodig, dit van die perseel verwyder vir ondersoek en bewaring.
- (2) Artikel 102(5) is eweneens van toepassing op 'n antwoord verstrek aan of verklaring afgelê teenoor 'n inspekteur of polisiebeampte ingevolge hierdie artikel.
- (3) 'n Inspekteur wat gemagtig is om ingevolge artikel 103 te betree en te deursoek, kan deur 'n polisiebeampte vergesel en bygestaan word.

### **Uitvoering van betreding en deursoeking**

**105.** (1) Iemand wat kragtens artikel 104 'n perseel betree en deursoek, moet die betreding en soektog uitvoer met streng inagneming van behoortlikheid en orde, en met inagneming van elke persoon se reg op waardigheid, vryheid, veiligheid en privaatheid.

(2) Gedurende 'n deursoeking kragtens artikel 104(1)(c), kan slegs 'n vroulike inspekteur of polisiebeampte 'n vroulike persoon deursoek, en slegs 'n manlike inspekteur of polisiebeampte 'n manlike persoon deursoek.

(3) Iemand wat 'n perseel kragtens artikel 104 betree en deursoek, moet voordat hulle enigiemand ondervra—

(a) daardie persoon adviseer van die reg om op daardie tydstip deur 'n advokaat of prokureur bygestaan te word; en

(b) daardie persoon toelaat om daardie reg uit te oefen.

(4) Iemand wat enigiets verwyder van 'n perseel wat deursoek word, moet—

(a) 'n kwitansie daarvoor uitreik aan die eienaar van, of die persoon in beheer van die perseel; en

(b) dit so gou doenlik terugbesorg nadat die doel waarvoor dit verwyder is, bereik is.

(5) Gedurende 'n soektog kan iemand weier om die inspeksie of verwydering van 'n artikel of dokument toe te laat op grond daarvan dat dit beskermde inligting bevat.

(6) Indien die eienaar of persoon in beheer van 'n artikel of dokument ingevolge subartikel (5) weier om daardie artikel of dokument aan die persoon wat die soektog uitvoer, te oorhandig, kan die persoon wat die soektog uitvoer, die griffier of balju van die Hoë Hof wat regsbevoegdheid het, versoek om op die artikel of dokument beslag te lê en dit te verwyder vir veilige bewaring totdat daardie hof vasgestel het of die inligting beskerm is of nie.

(7) 'n Polisiebeampte wat kragtens artikel 103 gemagtig is om 'n perseel te betree en te deursoek, of wat 'n inspekteur bystaan wat kragtens artikel 104 gemagtig is om 'n perseel te betree en te deursoek, kan weerstand tot die betreding en soektog te bowe kom deur die gebruik van soveel geweld as wat redelikerwys vereis word, met inbegrip van die breek van 'n deur of venster op die perseel.

(8) Voordat geweld ingevolge subartikel (7) gebruik word, moet 'n polisiebeampte hoorbaar toegang eis en die doel van die betreding vermeld, tensy dit redelik is om te glo

dat dit iemand sal beweeg om 'n artikel of dokument wat die onderwerp van die soektog is, te vernietig of daarmee weg te doen.

(9) Die Kommissie kan enigiemand vergoed wat skade ly as gevolg van gewelddadige betreding gedurende 'n soektog waartydens niemand wat vir die perseel verantwoordelik is, teenwoordig was nie.

### **Aansprake dat inligting vertroulik is**

**106.** (1) Wanneer inligting aan die Kommissie, die Tribunaal of 'n inspekteur of ondersoeker ingevolge hierdie Wet aangestel, voorgelê word, kan iemand daarop aanspraak maak dat al of 'n deel van daardie inligting vertroulik is.

(2) 'n Aanspraak in subartikel (1) beoog, moet deur 'n skriftelike verklaring wat verduidelik waarom daardie inligting vertroulik is, ondersteun word.

(3) Die Kommissie, Tribunaal, inspekteur of ondersoeker, na gelang van die geval, moet—

- (a) 'n aanspraak ingevolge subartikel (1) gemaak, oorweeg; en
- (b) die aanspraakmaker in kennis stel of die inligting in subartikel (1) beoog, behandel sal word asof dit bevind is vertroulik te wees.

(4) Wanneer 'n beslissing, besluit of bevel ingevolge hierdie Wet gemaak word, kan die Kommissie of Tribunaal enige inligting wat die onderwerp van 'n aanspraak ingevolge subartikel (1) was, in ag neem.

(5) Indien redes vir 'n besluit ingevolge hierdie Wet, inligting wat die onderwerp van 'n aanspraak ingevolge subartikel (1) was, aan die lig sal bring, moet die Kommissie of Tribunaal, na gelang van die geval, 'n afskrif van die voorgenome redes verstrek aan die party wat op vertroulikheid aanspraak maak, minstens vyf besigheidsdae voor die bekendmaking van daardie redes.

(6) Binne vyf besigheidsdae na ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (3)(b), of 'n afskrif van die voorgenome redes ingevolge subartikel (5), kan 'n party by 'n hof aansoek doen om 'n gepaste bevel om die vertroulikheid van die tersaaklike inligting te beskerm.

## *Deel C*

### *Misdrywe en strawwe*

#### **Vertrouensbreuk**

**107.** (1) Dit is 'n misdryf om persoonlike of vertroulike inligting betreffende enigiemand se sake, wat verkry is—

- (a) in die uitvoering van 'n werksaamheid ingevolge hierdie Wet; of
- (b) as gevolg van die lê van 'n klag of deelname aan verrigtinge ingevolge hierdie Wet,

bekend te maak.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op inligting bekendgemaak—

- (a) vir die doel van die behoorlike administrasie of afdwinging van hierdie Wet;
- (b) vir die doel van die regspleging; of

- (c) op versoek van 'n inspekteur, regulerende owerheid of Tribunaal-lid wat geregtig is om die inligting te ontvang nie.

### **Belemmering van administrasie van Wet**

**108.** (1) Dit is 'n misdryf om enigiemand wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig verrig wat deur hierdie Wet aan daardie persoon gedelegeer, verleen of opgelê is, te verhinder, teen te staan, te dwarsboom of onbehoorlik te beïnvloed.

(2) Iemand pleeg 'n misdryf indien daardie persoon, nadat hy of sy gedagvaar is—

- (a) sonder voldoende rede versuim om op die gespesifiseerde tyd en plek te verskyn of om aanwesig te bly totdat hy of sy verskoon word; of
- (b) soos vereis, bywoon, maar—
  - (i) weier om onder eed geplaas te word of 'n plegtige verklaring af te lê; of
  - (ii) versuim om 'n boek, dokument of ander item oor te lê soos beveel, indien dit in die besit of onder beheer van daardie persoon is.

(3) Iemand pleeg 'n misdryf indien daardie persoon, nadat hy of sy onder eed geplaas is of nadat hy of sy 'n plegtige verklaring afgelê het—

- (a) behoudens artikel 102(5) versuim om 'n vraag ten volle of na die beste van sy of haar vermoë te beantwoord; of
- (b) vals getuienis aflê, wetend of in die geloof dat dit vals is.

### **Misdrywe met betrekking tot Kommissie en Tribunaal**

**109.** (1) Iemand pleeg 'n misdryf indien daardie persoon 'n bevel van die Tribunaal oortree of versuim om dit na te kom.

(2) Iemand pleeg 'n misdryf indien daardie persoon—

- (a) enigiets doen wat bereken is om die Tribunaal of 'n reguleerder betreffende 'n aangeleentheid wat met 'n ondersoek verband hou, onbehoorlik te beïnvloed;
- (b) bevindings van die Tribunaal of 'n reguleerder betreffende 'n ondersoek vooruitloop op 'n wyse wat bereken is om die verrigtinge of bevindings te beïnvloed;
- (c) enigiets in verband met 'n ondersoek doen wat minagting van die hof sou wees indien die verrigtinge in 'n geregshof plaasgevind het;
- (d) wetend vals inligting aan 'n reguleerder verstrek;
- (e) die Tribunaal of 'n lid van die Tribunaal in hul onderskeie amptelike hoedanigheid belaster;
- (f) opsetlik die verrigtinge van 'n verhoor onderbreek of hom- of haarself wangedra op die plek waar 'n verhoor plaasvind;
- (g) teenstrydig met 'n lasbrief om te betree en te deursoek, oortree; of
- (h) sonder magtiging, terwyl aanspraak op magtiging ingevolge artikel 103 gemaak word —
  - (i) 'n perseel betree of deursoek; of
  - (ii) op 'n artikel of dokument beslag lê of dit verwyder.

### **Misdrywe met betrekking tot verbode gedrag**

**110.** (1) Dit is 'n oortreding vir enigiemand om sonder magtiging 'n uitgestalde prys, etikettering of handelsbeskrywing te verander, te verberg, te vervals, te verwyder of weg te laat.

(2) Dit is 'n misdryf om te versuim om ooreenkomstig 'n nakomingskennisgewing op te tree, maar niemand kan vir so 'n misdryf ten opsigte van die nakomingskennisgewing vervolg word nie indien, as gevolg van daardie persoon se versuim om daardie kennisgewing na te kom, die Kommissie by die Tribunaal aansoek gedoen het vir die oplê van 'n administratiewe boete.

### **Strawwe**

**111.** (1) Enigiemand wat aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet skuldig bevind word, is strafbaar—

(a) in die geval van 'n oortreding van artikel 107(1), met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 10 jaar, of met 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf; of

(b) in enige ander geval, met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande, of met 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(2) Ondanks enige andersluidende wetsbepaling, het 'n landdroshof regsbevoegdheid om 'n straf in subartikel (1) bepaal, op te lê.

### **Administratiewe boetes**

**112.** (1) Die Tribunaal kan 'n administratiewe boete ten opsigte van verbode of vereiste gedrag oplê.

(2) 'n Administratiewe boete ingevolge hierdie Wet opgelê, mag nie die grootste van—

(a) 10 persent van die respondent se jaarlikse omset gedurende die voorafgaande boekjaar; of

(b) R1 000 000,

oorskry nie.

(3) Wanneer 'n gepaste administratiewe boete bepaal word, moet die Tribunaal die volgende faktore oorweeg:

(a) Die aard, duur, erns en omvang van die oortreding;

(b) enige verlies of skade gelyk as gevolg van die oortreding;

(c) die respondent se gedrag;

(d) die markomstandighede waaronder die oortreding plaasgevind het;

(e) die vlak van wins uit die oortreding verkry;

(f) die graad waarin die respondent met die Kommissie en die Tribunaal saamgewerk het; en

(g) of die respondent vantevore in oortreding van hierdie Wet bevind is.

(4) By die toepassing van hierdie artikel, is die jaarlikse omset van 'n verskaffer op die tydstip wanneer 'n administratiewe boete oorweeg word, daardie verskaffer se totale

inkomste gedurende die onmiddellik voorafgaande jaar, soos op die voorgeskrewe wyse bepaal.

(5) 'n Boete ingevolge hierdie artikel betaalbaar, moet in die Nasionale Inkomstefonds, bedoel in artikel 213 van die Grondwet, betaal word.

### **Middellike aanspreeklikheid**

**113.** (1) Indien 'n werknemer of iemand se agent ingevolge hierdie Wet aanspreeklik is vir enigiets gedoen of nagelaat in die loop van daardie persoon se diens of aktiwiteit namens hulle prinsipaal, is die werkgewer of prinsipaal gesamentlik met en afsonderlik van daardie persoon aanspreeklik.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing ten opsigte van strafregtelike aanspreeklikheid nie.

## *Deel D*

### *Diverse aangeleenthede*

#### **Tussentydse regshulp**

**114.** (1) Iemand wat by 'n hof om regshulp aansoek gedoen het, of die klaer in 'n klag wat na die Tribunaal verwys is, kan by 'n hof, behoudens die hof se reëls, of by die Tribunaal, na gelang van die geval, aansoek doen om 'n tussentydse bevel ten opsigte van daardie aansoek of klag, en die hof of Tribunaal kan sodanige bevel toestaan indien—

- (a) daar getuienis bestaan dat die bewerings waar kan wees;
- (b) 'n tussentydse bevel redelikerwys nodig is om—
  - (i) ernstige, onherstelbare skade aan daardie persoon te verhoed; of
  - (ii) die frustrering van die oogmerke van hierdie Wet te verhoed;
- (c) die respondent 'n redelike geleentheid gegee is om aangehoor te word, met inagneming van die dringendheid van die verrigtinge; en
- (d) die oorwig van gerieflikheid die toestaan van die bevel begunstig.

(2) 'n Tussentydse bevel ingevolge hierdie artikel moet nie verder strek as die vroegste van—

- (a) die afsluiting van 'n verhoor op grond van 'n aansoek of klag; of
- (b) die datum ses maande na die datum van uitreiking van die tussentydse bevel nie.

(3) Indien 'n tussentydse bevel toegestaan is en 'n verhoor op grond van die aangeleentheid nie binne ses maande na die datum van daardie bevel afgesluit is nie, kan die hof of die Tribunaal, op goeie gronde aangetoon, die tussentydse bevel vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande, verleng.

#### **Siviele gedinge en regsbevoegdheid**

**115.** (1) Indien 'n ooreenkoms, 'n bepaling van 'n ooreenkoms, of 'n kennisgewing waaraan 'n transaksie of ooreenkoms na bewering onderworpe is, kragtens 'n bepaling van hierdie Wet nietig verklaar is, moet daardie ooreenkoms, bepaling of kennisgewing

geag word op geen tydstip van krag of in werking te gewees het nie, tensy 'n hof verklaar het dat die betrokke bepaling van hierdie Wet nie op die bestrede ooreenkoms, bepaling of kennisgewing van toepassing is nie.

(2) Iemand wat as gevolg van verbode gedrag of die verwaarlosing van vereiste gedrag verlies of skade gely het—

- (a) kan nie in 'n siviele hof 'n eis vir die bepaling van die bedrag of die toekenning van skadevergoeding instel indien daardie persoon in 'n toestemmingsbevel ingestem het tot die toekenning van skadevergoeding nie; of
- (b) indien daarop geregtig om 'n geding bedoel in paragraaf (a) in te stel, moet tydens die instelling van die verrigtinge by die griffier of klerk van die hof 'n kennisgewing van die Voorsitter van die Tribunaal in die voorgeskrewe vorm liasseer—
  - (i) wat sertifiseer of die gedrag wat die grondslag van die geding vorm as verbode of vereiste gedrag ingevolge hierdie Wet bevind is;
  - (ii) wat die datum van die Tribunaal se bevinding, as daar is, vermeld; en
  - (iii) die artikel van hierdie Wet ingevolge waarvan die Tribunaal sy bevinding gemaak het, as daar is, uiteensit.

(3) 'n Sertifikaat bedoel in subartikel (2)(b) is voldoende bewys van die inhoud daarvan.

(4) 'n Appèl teen of aansoek om hersiening van 'n bevel deur die Tribunaal ingevolge hierdie Wet gemaak, skort 'n reg om 'n geding in 'n siviele hof ten opsigte van dieselfde aangeleentheid in te stel, op, tensy die hof anders beveel.

### **Beperkings op gedingvoering**

**116.** (1) 'n Klag ingevolge hierdie Wet kan nie na die Tribunaal verwys word of by die Tribunaal gelê word langer as drie jaar na—

- (a) die handeling of versuim wat die grondslag van die klag vorm; of
- (b) in die geval van 'n gedragsverloop of voortdurende praktyk, die datum waarop die gedrag of praktyk gestaak word nie.

(2) 'n Klag ingevolge hierdie Wet teen iemand wat tans of voorheen 'n respondent was in verrigtinge kragtens 'n ander artikel van hierdie Wet wat wesenlik verband hou met dieselfde gedrag, kan nie na die Tribunaal of na 'n verbruikershof ingevolge hierdie Wet verwys word nie.

### **Bewysstandaard**

**117.** In verrigtinge voor die Tribunaal of voor 'n verbruikershof ingevolge hierdie Wet, is die bewysstandaard 'n oorwig van waarskynlikhede.

### **Betekening van stukke**



**118.** Tensy anders in hierdie Wet bepaal, is 'n kennisgewing, bevel of ander dokument wat ingevolge hierdie Wet aan iemand beteken moet word, behoorlik beteken wanneer dit—

- (a) aan daardie persoon gelewer is; of
- (b) deur middel van aangetekende pos na daardie persoon se laaste bekende adres gestuur is.

### **Bewys van feite**

**119.** (1) In strafregtelike verrigtinge ingevolge hierdie Wet—

- (a) indien bewys word dat 'n vals verklaring, inskrywing of aantekening of vals inligting in of op 'n boek, dokument, plan, tekening of rekenaarstoormedium verskyn, kan dit vermoed word dat die persoon wat daardie item bygehou het, die verklaring, inskrywing, aantekening of inligting aangebring het; en
- (b) is 'n bevel wat deur die Voorsitter van die Tribunaal gesertifiseer is, *prima facie*-bewys van die inhoud van die bevel.

(2) 'n Verklaring, inskrywing, aantekening of inligting in of op 'n boek, dokument, plan, tekening of rekenaarstoormedium is toelaatbaar as bewys van erkenning van die feite daarin of daarop deur die persoon wat dit klaarblyklik gemaak, ingeskryf, aangeteken of gestoor het.

## **HOOFSTUK 7**

### **ALGEMENE BEPALINGS**

#### **Regulasies**

**120.** (1) Die Minister kan—

- (a) ooreenkomstig subartikel (2) regulasies uitvaardig wat uitdruklik elders in hierdie Wet gemagtig of beoog word;
- (b) in oorleg met die Kommissie, en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, regulasies uitvaardig vir aangeleenthede met betrekking tot die Kommissie se werksaamhede, met inbegrip van—
  - (i) vorms;
  - (ii) tydperke;
  - (iii) inligting wat vereis word;
  - (iv) bykomstige omskrywings van toepassing op daardie regulasies;
  - (v) liasseringsgelde;
  - (vi) toegang tot vertroulike inligting; en
  - (vii) wyse en vorm van deelname aan die Kommissie se prosedures;
- (c) in oorleg met die Voorsitter van die Tribunaal, en by kennisgewing in die *Staatskoerant*, regulasies uitvaardig vir aangeleenthede met betrekking tot die Tribunaal se werksaamhede, en reëls vir die bestuur van aangeleenthede voor die Tribunaal ingevolge hierdie Wet;
- (d) regulasies uitvaardig wat betrekking het op onbillike, onredelike of onregverdige kontrakbedinge; en

- (e) regulasies uitvaardig ten opsigte van—
  - (i) enige vorms wat vir die doel van hierdie Wet gebruik moet word; en
  - (ii) in die algemeen, enige aanvullende of bykomstige aangeleentheid wat nodig is vir die behoorlike implementering en administrasie van hierdie Wet.
- (2) Voordat regulasies ingevolge subartikel (1)(a) uitgevaardig word—
  - (a) moet die Minister die voorgenome regulasies vir openbare kommentaar publiseer;
  - (b) kan die Minister geakkrediteerde verbruikersbeskermingsgroepe raadpleeg; en
  - (c) moet die Minister die Kommissie en provinsiale regulerende owerhede raadpleeg.
- (3) 'n Regulasie ingevolge hierdie Wet moet deur middel van kennisgewing in die *Staatskoerant* uitgevaardig word.

### **Gevolglike wysigings, herroeping van wette en oorgangsreëlings**

**121.** (1) Die wette bedoel in Bylae 1 word hierby gewysig op die wyse in daardie Bylae uiteengesit.

(2) Behoudens subartikel (3) en die bepalinge van Bylae 2, word die volgende Wette hierby herroep:

- (a) Artikels 2 tot 13 en artikels 16 tot 17 van die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet No. 17 van 1941);
- (b) Wet op Besigheidsname, 1960 (Wet No. 27 van 1960);
- (c) Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet No. 25 van 1964);
- (d) Wet op Verkoop- en Diensaangeleenthede, 1964 (Wet No. 25 van 1964);
- (e) Wet op Handelspraktyke, 1976 (Wet No. 76 van 1976); en
- (f) Wet op Verbruikersake (Onbillike Sakepraktyke), 1988 (Wet No. 71 van 1988).

(3) Die herroeping van die wette in hierdie artikel gespesifiseer, raak nie die oorgangsreëlings wat in Bylae 2 uiteengesit word nie.

### **Kort titel en inwerkingtreding**

**122.** Hierdie Wet heet die Verbruikersbeskermingswet, 2008, en tree in werking ooreenkomstig item 2 van Bylae 2.

## **Bylae 1**

(Artikel 121(1))

### **Wysiging van wette**

**A: “National Credit Act”, 2005**

### **Wysiging van artikel 27 van wet 34 van 2005**

1. Artikel 27 van die “National Credit Act”, 2005 (in hierdie Bylae na verwys as die Hoofwet) word hierby gewysig deur die volgende woorde in die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan voor die woord “may” in te voeg:

“or the Consumer Protection Act, 2008”.

### **Wysiging van artikel 31 van Wet 34 van 2005**

2. Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) The Chairperson is responsible to manage the caseload of the Tribunal in terms of this Act or any other legislation, and must assign each application or other matter referred to the Tribunal in terms of this Act or any other legislation to—

(a) a member of the Tribunal, to the extent that this Act, section 75 (5) of the Consumer Protection Act, 2008, or any other legislation provides for a matter to be considered by a single member of the Tribunal; or

(b) a panel composed of any three members of the Tribunal, in any other case.”.

### **Invoeging van artikel 126A in Wet 34 van 2005**

3. Die volgende artikel word hierby na artikel 126 ingevoeg:

#### **“Restrictions on certain practices relating to credit agreements**

**126A. (1) A person must not promote, offer to supply, supply or induce any person to accept the supply of any service that has as its dominant function—**

**(a) the breaching of a credit agreement; or**

**(b) the unauthorised transfer of any right of a credit provider under a credit agreement to a third person.**

**(2) Subsection (1)(b) does not apply in respect of—**

**(a) any negotiation, by an attorney on behalf of a consumer, with the credit provider concerned; or**

**(b) any action carried out by, on behalf of or with the permission of the credit provider concerned.**

(3) A person who offers to supply, or supplies, any service for the express or implied purpose of—

- (a) improving a consumer's credit record, credit history or credit rating; or
- (b) causing a credit bureau to remove credit information from its records concerning that consumer,

may not charge a consumer, or receive any payment from the consumer, for the credit repair service until that service has been fully performed, and must provide each consumer with a disclosure statement in the prescribed manner and form.

(4) Subsection (3) does not apply in respect of any credit repair service rendered by an attorney, or a registered credit bureau.

(5) A person who offers to supply, or supplies—

- (a) any service for the express or implied purpose of investigating fees, charges or interest charged on a credit agreement; or
- (b) a computer software programme originating within the Republic, which is programmed to calculate fees, charges, or interest charged on a credit agreement, for valuable consideration,

must provide each consumer of the service or software, as the case may be, with a disclosure statement in the prescribed manner and form.

(6) This section does not apply to a debt counsellor in respect of any action authorised in terms of this Act."

#### **Invoeging van artikel 141A in Wet 34 van Wet 2005**

4. Die volgende artikel word hierby na artikel 141 ingevoeg:

##### **"Extended application of this Part**

141A. This Part applies to any matter before the Tribunal irrespective of whether the matter arises in terms of this Act or any other legislation."

#### **Wysiging van artikel 142 van Wet 34 van 2005**

5. Artikel 142 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (b) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) consent orders in terms of this Act or the Consumer Protection Act, 2008;"; en

- (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) At the conclusion of a hearing, the Tribunal must make [any] an order permitted in the circumstances in terms of this Act, or the Consumer Protection Act, 2008, and must issue written reasons for its decisions."

#### **Wysiging van artikel 143 van Wet 34 van 2005**

6. Artikel 143 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) The National Credit Regulator, or the National Consumer Commission in the case of a matter arising in terms of the Consumer Protection Act, 2008;"

### **Wysiging van artikel 147 van Wet 34 van 2005**

7. Artikel 147 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die volgende woorde aan die einde van paragraaf (a) van subartikel (2) in te voeg:  
“or section 75(1)(b) of the Consumer Protection Act, 2008, as the case may be”; en
- (b) deur die volgende woorde aan die einde van paragraaf (b) van subartikel (2) in te voeg:  
“or section 75(1)(b) of the Consumer Protection Act, 2008, as the case may be”.

### **Wysiging van artikel 148 van Wet 34 van 2005**

8. Artikel 148 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende woorde aan die einde van paragraaf (b) van subartikel (2) in te voeg:  
“or section 69(2)(b) or 73 of the Consumer Protection Act, 2008, as the case may be”.

### **Wysiging van artikel 150 van Wet 34 van 2005**

9. Artikel 150 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die volgende woorde in die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan voor “including” in te voeg:  
“or the Consumer Protection Act, 2008,”;
- (b) deur die volgende woorde in paragraaf (d) onmiddellik na die woord “Act” in te voeg:  
“or the Consumer Protection Act, 2008,”; en
- (c) deur die volgende woorde in paragraaf (i) onmiddellik na die woord “Act” in te voeg:  
“or the Consumer Protection Act, 2008,”.

### **Wysiging van artikel 151 van Wet 34 van 2005**

10. Artikel 151 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:  
“(1) The Tribunal may impose an administrative fine [only in the circumstances expressly provided for] in respect of prohibited or required conduct in terms of this Act or the Consumer Protection Act, 2008.”
- (b) deur die volgende woorde in die woorde wat subartikel (2)(a) voorafgaan onmiddellik na die woord “Act” in te voeg:  
“, or the Consumer Protection Act, 2008,”;
- (c) deur die volgende woorde in subartikel (3)(f) onmiddellik na die woord “Regulator” in te voeg:  
“, or the National Consumer Commission, in the case of a matter arising in terms of the Consumer Protection Act, 2008,”; en

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

- (d) deur die volgende woorde in subartikel (3)(g) onmiddellik na die woord “Act” in te voeg:  
“, or the Consumer Protection Act, 2008, as the case may be”.

### **Wysiging van artikel 152 van Wet 34 van 2005**

**11.** Artikel 152 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur die volgende woorde aan die einde van paragraaf (a) van subartikel (1) in te voeg:  
“, or the National Consumer Commission, in the case of a matter arising in terms of the Consumer Protection Act, 2008”;
- (b) deur die volgende woorde aan die einde van paragraaf (b) van subartikel (1) in te voeg:  
“, or provincial consumer protection authority, in the case of a matter arising in terms of the Consumer Protection Act, 2008”;
- (c) deur die volgende woorde aan die einde van paragraaf (d) van subartikel (1) in te voeg:  
“, or, in the case of a matter arising in terms of the Consumer Protection Act, 2008, an alternative dispute resolution agent as defined in that Act”.
- (d) deur die volgende woorde in subartikel (2) onmiddellik na die woord “Regulator” in te voeg:  
“, or the National Consumer Commission, in the case of a matter arising in terms of the Consumer Protection Act, 2008.”.

### **B: Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002**

#### **Wysiging van artikel 1 van Wet 25 van 2002**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “**Verbruikersakekomitee**” te skrap; en
- (b) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “kasgeheue” in te voeg:  
“**Kommissie**’ die Nasionale Verbruikerskommissie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008;”.

#### **Wysiging van artikel 49 van Wet 25 van 2002**

**2.** Artikel 49 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), word hierby deur die volgende artikel vervang:

#### **“Klagtes aan [Verbruikersakekomitee] Kommissie**

**49.** ’n Verbruiker kan ’n klagte by die [Verbruikersakekomitee] Kommissie indien ten opsigte van enige nie-nakoming van die bepalings van hierdie Hoofstuk deur ’n leweransier.”.

#### **Vervanging van uitdrukking in Wet 25 van 2002**

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

3. Die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002), word hierby gewysig deur die uitdrukking “Verbruikersakekomitee”, waar dit ook al in die Wet voorkom, deur die uitdrukking “Kommissie” te vervang.

## **C: Wet op Loterye, 1997**

### **Wysiging van artikel 1 van Wet 57 van 1997**

1. Artikel 1 van die Wet op Loterye, 1997 (Wet No. 57 van 1997), word hierby gewysig deur die omskrywing van “reklamekompetisie” deur die volgende omskrywing te vervang:

“reklamekompetisie” dieselfde as wat in artikel 36 van die Verbruikersbeskermingswet, 2008, uiteengesit is;”.

### **Herroeping van artikel 54 van Wet 57 van 1997**

2. Artikel 54 van die Wet op Loterye, 1997 (Wet No. 57 van 1997), word hierby herroep.

## **Bylae 2**

(Artikel 121(3))

### **Oorgangsbepalings**

#### **Woordomskrywing**

1. (1) In hierdie Bylae beteken—
  - “algemene effektiewe datum” die datum waarop die bepaling in item 2(2) genoem, in werking getree het;
  - “reeds-bestaande lojaliteitsprogram” ’n lojaliteitsprogram wat onmiddellik voor die algemene effektiewe datum deelnemende verbruikers gehad het;
  - “reeds-bestaande ooreenkoms” ’n ooreenkoms wat voor die algemene effektiewe datum aangegaan is; en
  - “vroë effektiewe datum” die datum waarop die bepaling in item 2(1) genoem, in werking getree het.
- (2) ’n Verwysing in hierdie Bylae—
  - (a) na ’n artikel by wyse van nommer, is ’n verwysing na die ooreenstemmende artikel van hierdie Wet; of
  - (b) na ’n item of ’n subitem by wyse van nommer, is ’n verwysing na die ooreenstemmende item of subitem van hierdie Bylae.

#### **Inkrementele uitwerking van Wet**

2. (1) Hoofstukke 1 en 5 van hierdie Wet, artikel 120 en enige ander bepaling wat die Minister magtig om regulasies uit te vaardig, en hierdie Bylae, tree in werking op die datum 18 maande na die datum waarop hierdie Wet deur die President onderteken is.

(2) Behoudens subitem (3), en items 4 en 5, tree 'n bepaling van hierdie Wet wat nie in subitem (1) beoog word nie, 18 maande na die datum waarop hierdie Wet deur die President onderteken is, in werking.

(3) Die Minister kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer minstens 20 besigheidsdae voor die datum in subitem (2) beoog—

- (a) die effektiewe datum van 'n bepaling in daardie subitem beoog vir 'n tydperk van hoogstens ses bykomende maande uitstel, op grond daarvan dat bykomende tyd vereis word vir genoegsame voorbereiding van die administratiewe stelsels wat nodig is om die voldoende en doeltreffende implementering van daardie bepaling te verseker; of
- (b) op versoek van die lid van die Kabinet verantwoordelik vir plaaslike regeringsaangeleenthede, tot verdere kennisgewing die toepassing van hierdie Wet afwentel na—
  - (i) 'n bepaalde munisipaliteit buiten 'n hoë kapasiteitsmunisipaliteit soos omskryf ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003); of
  - (ii) 'n staatsorgaan wat aan 'n munisipale owerheid verantwoordelik is, in sy hoedanigheid as 'n verskaffer van goedere of dienste aan verbruikers, op grond daarvan dat bykomende tyd vereis word vir genoegsame voorbereiding van die administratiewe stelsels wat nodig is om te verseker dat die munisipaliteit of staatsorgaan sy verpligtinge ingevolge hierdie Wet op voldoende en doeltreffende wyse kan nakom.

### **Toepassing van Wet op reeds-bestaande transaksies en ooreenkomste**

3. (1) Behalwe in die mate uitdruklik in hierdie item uiteengesit, is hierdie Wet nie van toepassing nie op—

- (a) die bemerking van goedere of dienste voor die algemene effektiewe datum;
- (b) 'n transaksie of ooreenkoms aangegaan voor die algemene effektiewe datum; of
- (c) goedere verskaf, of dienste gelewer aan 'n verbruiker voor die algemene effektiewe datum.

(2) Die artikels van hierdie Wet gelys in die eerste kolom van die volgende tabel is in die mate aangedui in die tweede kolom van toepassing op 'n reeds-bestaande ooreenkoms tussen 'n verskaffer en 'n verbruiker, indien daardie reeds-bestaande ooreenkoms—

- (a) aan hierdie Wet onderhewig sou wees indien hierdie Wet op die tydstip waarop die ooreenkoms aangegaan is, van krag was; en
- (b) beoog dat die partye daartoe vir 'n vaste termyn gebonde sal wees tot op 'n datum wat op of na die tweede verjaarsdag van die algemene effektiewe datum is:

<b>Artikel van Wet</b>	<b>Mate van toepassing op reeds-bestaande ooreenkoms</b>
14	Slegs subartikels (1)(b) tot (d) en (2) is van toepassing ten opsigte van die verstryking en moontlike hernuwing van die



	ooreenkoms, op of na die algemene effektiewe datum.
18 tot 21	Slegs van toepassing ten opsigte van goedere wat ingevolge die ooreenkoms aan die verbruiker aflewerbaar of afgelewer is, op of na die algemene effektiewe datum.
22	Slegs van toepassing op 'n kennisgewing, dokument, of visuele voorstelling wat voorgelê, voorsien of aan die verbruiker vertoon moet word, op of na die algemene effektiewe datum.
25	Slegs van toepassing ten opsigte van goedere wat ingevolge die ooreenkoms aan die verbruiker verskaf word, op of na die algemene effektiewe datum.
26	Slegs van toepassing ten opsigte van transaksies wat ingevolge die ooreenkoms geskied, op of na die algemene effektiewe datum.
31	Slegs van toepassing op 'n sogenaamde wysiging aan die ooreenkoms gedoen, op of na die algemene effektiewe datum.
44	Slegs van toepassing ten opsigte van goedere wat ingevolge die ooreenkoms aan die verbruiker verskaf word, op of na die algemene effektiewe datum.
53 tot 58	Slegs van toepassing ten opsigte van goedere of dienste wat ingevolge die ooreenkoms aan die verbruiker verskaf word, op of na die algemene effektiewe datum.
64(1) en (2)	Slegs van toepassing op 'n bedrag wat ingevolge die ooreenkoms deur die verbruiker betaal of betaalbaar is, op of na die algemene effektiewe datum.
64(3) en (4)	Slegs van toepassing ten opsigte van 'n sluiting van 'n fasiliteit beoog in daardie bepalings, indien dit op of na die effektiewe datum sal geskied.
65	Slegs van toepassing ten opsigte van 'n bedrag wat deur die verbruiker betaal of betaalbaar is, of eiendom wat in die verskaffer se besit kom, op of na die algemene effektiewe datum.

(3) Artikel 35 is van toepassing op 'n reeds-bestaande lojaliteitsprogram, maar slegs ten opsigte van 'n—

- (a) aanbod om aan daardie program deel te neem, of dokument wat sodanige aanbod uiteensit, wat op of na die algemene effektiewe datum gemaak of gepubliseer word;
- (b) aanbied deur 'n verbruiker, op of na die algemene effektiewe datum, van enige lojaliteitskrediet of –toekenning in daardie program as teenprestasie vir die verskaffing van goedere of dienste; en
- (c) verskaffing van goedere of dienste, indien die verbruiker op of na die algemene effektiewe datum enige lojaliteitskrediet of –toekenning in die program as teenprestasie vir daardie goedere of dienste aanbied.

(4) Artikel 61 is van toepassing op goedere wat eerstens aan 'n verbruiker op of na die vroeë effektiewe datum verskaf is.

(5) Enige bepaling van hierdie Wet nie andersins in subiteme (2) tot (4) beoog nie, is van toepassing op enige reeds-bestaande gedrag, omstandigheid, transaksie of ooreenkoms slegs in die mate wat vereis word om behoorlike uitleg van, of nakoming en afdwinging van die bepalings wat in subiteme (2) tot (4) genoem word, te verseker.

#### **Vertraagde werking van artikel 11(4)(b)(ii)**

4. Ondanks artikel 11, bly die bepalings van artikel 11(4)(b)(ii) sonder uitwerking tot 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar nadat—

- (a) die Kommissie 'n register soos beoog in artikel 11(3) ingestel of erken het; en
- (b) in die geval van 'n register deur die Kommissie ingestel, die Minister advies van 'n onafhanklike ouditeur ontvang het dat die Kommissie redelike en doeltreffende wyses ingestel het om inligting op die wyse beoog in artikel 11 te ontvang, saam te stel en te benut.

#### **Ontheffing van vereiste om besigheidsname te registreer**

5. (1) Artikel 79(1), (2) en (3)(a) en (b), en artikels 80 en 81, tree nie in werking nie tot 'n datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, welke datum minstens een jaar na die algemene effektiewe datum moet wees.

(2) Die Minister moet 'n kennisgewing beoog in subitem (1) minstens ses maande voor die datum waarop daardie kennisgewing in werking tree, publiseer.

(3) Die Kommissie mag nie stappe doen om—

- (a) artikel 79(1) te eniger tyd teen iemand af te dwing vir die gebruik van 'n besigheidsnaam nie, indien daardie persoon—
  - (i) daardie besigheidsnaam voor die algemene effektiewe datum ingevolge 'n openbare regulasie, behalwe 'n herroepe wet, geregistreer het; of
  - (ii) aktief onder daardie besigheidsnaam sake gedoen het vir 'n tydperk van minstens een jaar voor die datum waarop artikel 79 in werking getree het.

(4) 'n Besigheidsnaam wat, vanaf die algemene effektiewe datum ingevolge enige herroepe wet geregistreer was, moet vanaf die effektiewe datum geag word ingevolge hierdie Wet geregistreer te gewees het.

(5) Die register van besigheidsname, soos deur die Registrasiekantoor vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingevolge enige van die herroepe wette in stand gehou, word voortgesit as die register van besigheidsname in hierdie Wet beoog.

#### **Algemene behoud van regulasies, regte, pligte, kennisgewings en ander instrumente**

6. (1) Enige reg of aanspraak geniet deur, of verpligting geplaas op iemand ingevolge 'n bepaling van 'n herroepe wet wat nie onmiddellik voor die algemene effektiewe datum afgeloop of vervul is nie, moet as 'n geldige reg of aanspraak van, of verpligting op, daardie persoon geag word ingevolge 'n vergelykbare bepaling van hierdie Wet, vanaf die datum waarop die reg, aanspraak of verpligting eerstens ontstaan het, behoudens die bepalings van hierdie Wet.

(2) 'n Kennisgewing deur enigiemand gegee aan iemand anders ingevolge 'n bepaling van 'n herroepe wet moet as kennis gegee ingevolge 'n vergelykbare bepaling van hierdie Wet geag word, vanaf die datum waarop die kennisgewing kragtens die herroepe wet gegee is.

(3) 'n Dokument wat, voor die algemene effektiewe datum, ooreenkomstig 'n herroepe wet beteken is, moet geag word bevredigend beteken te wees vir 'n vergelykbare oogmerk van hierdie Wet.

(4) 'n Bevel deur 'n inspekteur gegee ingevolge 'n bepaling van 'n herroepe wet en in werking onmiddellik voor die algemene effektiewe datum, bly van krag, behoudens die bepalings van hierdie Wet.

### **Provinsiale reguleringsbevoegdheid**

7. Totdat provinsiale wetgewing wat in 'n provinsie verorden is om vir daardie provinsie 'n provinsiale verbruikersbeskermingsowerheid soos in hierdie Wet beoog, in te stel, kan die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, enige van of al die werksaamhede van die Kommissie aan die betrokke LUR van daardie provinsie delegeer om binne daardie provinsie en ooreenkomstig hierdie Wet uit te oefen.

### **Voortgesette toepassing van herroepe wette**

8. (1) Ondanks die herroeping van die herroepe wette, kan die Kommissie vir 'n tydperk van drie jaar na die algemene effektiewe datum enige bevoegdheid ingevolge sodanige herroepe wet uitoefen, om 'n oortreding van daardie wet wat gedurende die tydperk van drie jaar onmiddellik voor die algemene effektiewe datum plaasgevind het, te ondersoek.

(2) By die uitoefening van die magtiging kragtens subitem (1), moet die Kommissie die ondersoek uitvoer asof hy met 'n klagte ingevolge hierdie Wet besig is.

### **Staatsdienswerknemers wat vorige Wette afdwing**

9. (1) 'n Individu wat, onmiddellik voor die vroeë effektiewe datum, deur die Staat in diens geneem is, aan die Department van Handel en Nywerheid toegewys is en met die administrasie of afdwinging van enige van die herroepe wette belas is, is 'n werknemer van die Kommissie, vanaf die effektiewe datum, behoudens die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No.103 van 1994).

(2) Die oorpasing van departementele werknemers na die Kommissie moet uitgevoer word ooreenkomstig—

(a) artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995); en

(b) 'n kollektiewe ooreenkoms bereik tussen die Staat en die vakbondpartye van die Departementele Kamer van die Staatsdiensbedingsraad voor die effektiewe datum.

(3) Iemand in subitem (1) genoem, bly onderhewig aan enige besluite, verrigtinge, beslissings en lasgewings op daardie persoon van toepassing onmiddellik voor die vroeë effektiewe datum, en enige verrigtinge teen so 'n persoon wat onmiddellik voor die vroeë

Geborg deur en vertaal in opdrag van: Die Vereniging van Regslui vir Afrikaans: [www.vra.co.za](http://www.vra.co.za)

effektiewe datum hangend was, moet afgehandel word asof hierdie Wet nie verorden is nie.

- (4) Enigiemand ingevolge subitem (1) oorgeplaas—
  - (a) bly 'n lid van die Staatsdienswerknemerspensioenfonds genoem in artikel 2 van die “Government Employees’ Pension Law,” 1996 (Wet No. 21 van 1996); en
  - (b) is geregtig op pensioen- en aftreevoordele asof daardie persoon in 'n pos geklassifiseer in 'n afdeling van die staatsdiens genoem in artikel 8(1)(a)(i) van die Staatsdienswet, 1994, in diens was.

### **Uitsluiting van sekere wette**

**10.** Die uitsluiting van die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), en die Langtermynversekeringswet, 1998 (Wet No.52 van 1998), is onderhewig daaraan dat daardie sektor-wette in ooreenstemming met die verbruikersbeskermingsmaatreëls in hierdie Wet bepaal, binne 'n tydperk van 18 maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet gebring word, by onstentenis waarvan die bepalings van hierdie Wet van toepassing sal wees.